

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

# Poësie en Religie

Gerald Frederick Erasmus  
(ERSGER002)

- 1) Gelykenisse
- 2) Die religieuse tematiek in die gedigte van tagtig met spesifieke verwysing na T.T. Cloete se Job-gedigte

'n Verhandeling ingedien vir die vervulling van die vereistes vir die toekenning van die graad M.A. in Kreatiewe Skryfwerk.

---

Fakulteit Geesteswetenskappe  
Universiteit van Kaapstad



# **INHOUDSOPGAWE**

<b>VERKLARING</b>	6
<b>OPSOMMING / ABSTRACT</b>	7
<b>BUNDEL: <i>Gelykenisse</i></b>	
Stilte	10
<b>EEN</b>	
Plattelandse koerantberig	12
straatvrou	13
Ontgogel	
I Township	14
II Kaapstad: Noordelike voorstede	14
Simpatie	16
Mona Lisa	17
By Krems, langs die Donourivier	18
Laaste taptoe	19
Oefening	20
Mozart	21
Glimlag	22
Vanaand	23
Ontnugter	24
Atleet op die N1	25
Affair	26
Fietser	27
Heldin	28
Kruise langs die pad	29
Columbine-slagting: 20 April 1999	30
Digter	31
Herinnering	32
Drieluik	
I Vroegaand	33
II Dis nag	33
III Oggend	33
Huweliksherdenking	34
<b>TWEE</b>	
Niks bly vir altyd	36
Sinisme	37
Nooit vergeet	38
Kiewiet	39
Pa	40
Mevrou	41
Sondagmiddag	42
Twee tafelmatjies	43
Twee tortels	44

Vriendskap	
I 1971: 'n Sondagmiddag	45
II 1991: 'n Saterdagavond	45
III 2011: 'n Weekoggend in die vakansie	45
Glybaan: Motorneuronsiekte	46
Dag, my vriend	47
Padkos	
I Junie 1950: Noord-Kaap	48
II Junie 2010: Boland	48
“nooit ooit weer vir jou soen nie”	
I Romeo en Juliet	49
II Bonnie en Clyde	49
III Diana en Dodi	49
IV Die meisie	49
Lewe	50
Staproete	51
Die derde gelui	52

## DRIE

Gelykenis	54
Skepping	55
Saamtrek	
I Nuweland	56
II Kaapstad-stadion	56
My Bybel	57
“Feel Him, He’s here”	58
Gebed	59
Skepper	60
Hittegolf	61
Pelgrims: Paasnaweek	62
“... ek deurweek my bed met tranes”	63
Ons kan nie	64
Winter	65
Oordeelsdag	66

## NA-GESPREEK

Geloof	68
--------	----

EINDNOTAS	69
-----------	----

## **SKRYFKUNS-ESSAY: Die religieuse tematiek in die gedigte van tagtig met spesifieke verwysing na T.T. Cloete se Jobgedigte**

### HOOFSTUK 1: Inleiding

1.1 Inleiding	72
1.2 Digtens van tagtig en later	73
1.3 Samevatting	74

<b>HOOFSTUK 2: Die religieuse</b>	
2.1 Die religieuse	75
2.2 Die aard van 'n gedig met 'n religieuse tematiek	77
<b>HOOFSTUK 3: Die religieuse tematiek by digters van tagtig en later</b>	
3.1 Inleiding	81
3.2 Die religieuse tematiek by enkele digters	
3.2.1 Adam Small	81
3.2.2 Sheila Cussons	83
3.2.3 Lina Spies	86
3.2.4 I.L. de Villiers	88
3.2.5 S.V. Petersen	91
3.2.6 Fanie Olivier	92
3.2.7 Eveleen Castelyn	95
3.2.8 Annette Snyman	97
3.2.9 Marius Titus	100
3.2.10 Peter Snyders	102
3.2.11 Tom Gouws	104
3.3 Samevatting	108
<b>HOOFSTUK 4: Die religieuse tematiek by T. T. Cloete</b>	
4.1 Inleiding	109
4.2 Algemeen	111
4.3 Die Job-gedigte	
4.3.1 Inleiding	120
4.3.2 Die Job-gedigte	121
4.3.3 Samevatting	131
4.4 Samevatting	131
<b>HOOFSTUK 5: Samevatting</b>	
5.1 Oriëntering	133
5.2 Die religieuse	133
5.3 Die religieuse tematiek by die digters van tagtig	134
5.4 Die religieuse tematiek by T.T. Cloete	134
5.5 Gevolgtrekking	135
<b>BIBLIOGRAFIE</b>	136
<b>ADDENDUM: AANGEHAALDE JOB-GEDIGTE</b>	141

## **VERPLIGTE VERKLARING / COMPULSORY DECLARATION**

### **VERKLARING**

Hierdie werk is nog nie voorheen gedeeltelik of in die geheel voorgelê vir die toekenning van enige graad nie. Dit is my eie werk. Elke betekenisvolle bydrae tot en aanhaling in die verhandeling uit die werk of werke van ander persone word erken met die nodige verwysings.

### **DECLARATION**

This work has not previously been submitted in whole, or in part, for the award of any degree. It is my own work. Each significant contribution to, and quotation in, this dissertation from the work, or works, of other people has been attributed, and has been cited and referenced.

.....  
**Handtekening / Signature**

.....  
**Datum / Date**

## OPSOMMING / ABSTRACT

### OPSOMMING

In hierdie verhandeling word ondersoek ingestel na die voorkoms van die religieuse tematiek by Afrikaanse digters wat rondom die tagtigerjare van die vorige eeu publiseer, met spesifieke verwysing na die Job-gedigte van T.T. Cloete. Aan die hand van verskeie teoretiese bronne is die *religieuse* beskryf, waarna besin is oor die *aard* van die gedig met 'n *religieuse tematiek*. Ses evalueringsbeginsels is geformuleer aan die hand waarvan die gedig ontleed kan word om te bepaal of die abstrakte gegewe, te wete die religie, omdig is tot selfstandige konkrete verse. Skrywers wat hier geraadpleeg is, sluit onder meer in Du Buisson, Pretorius, Riccio, Santayana, Snyman en Van der Colf.

Vervolgens is elf digters geselekteer van wie enkele religieuse gedigte bespreek is. Die digters is so gekies om redelik verteenwoordigend van die Afrikaanse digterslandskap te wees, maar die voorkeur van die skrywer het ook 'n rol gespeel daar dié digters sy eie skryfwerk beïnvloed het. Daar is bevind dat die digters, wat almal sterk figureer in die kanon van die Afrikaanse poësie, telkens daarin slaag om uit 'n bestaande religieuse werklikheid nuwe werklikhede as gedigte tot stand te bring. Daar is ook die uitsonderings: Lina Spies wat in "Sindroom" afwysend teenoor gay-wees staan, en Peter Snyders en in 'n mindere mate Marius Titus wie se gedigte swaar dra aan 'n woede wat poëties beter afgerond kon word. Paradoksaal is dit ook die krag van die digterskap.

T.T. Cloete het die Afrikaanse poëtiese landskap met sy innoverende digstyl ingrypend beïnvloed, en ook 'n positiewe bydrae gelewer tot 'n nuwe geslag Afrikaanse digters. Hy slaag dwarsdeur sy oeuvre daarin om 'n verskeidenheid van temas in sy gedigte te verbeeld, en die religieuse is 'n tema wat sterk in sy werk figureer. Hy slaag daarin om die kern van die Bybelse gedeeltes wat hy benut om te dig tot sinvolle poësie sonder om didakties of pedanties te word. Cloete se hantering van die Job-figuur is eweneens 'n poëtiese kragtoer. Job die beproefde, sy bevraagtekening van sy bestaan, sy vraag na God en sy uiteindelijke opheffing word ondersoek en die Bybelse gegewe word omgedig tot poësie waardeur die gelowige mens selfs nader aan God kan beweeg. Job word ook metafoor vir Cloete; die klein dog unieke mens wat sy eie droewige maar ook geseënde pad met sy Skepper loop. Cloete het hom bewys as kunstenaar wat die religieuse sinvol kan omdig tot nuwe werklikhede. Hy slaag veral daarin om die Job-figuur te benut en om terselfdertyd homself as 'n soort Job te verdiskonteer.

## ABSTRACT

This dissertation investigates the incidence of the religious thematics in the work of Afrikaans poets who published around the eighties of the previous century, with specific reference to the Job poems of T.T. Cloete. By using various theoretical works the concept *religious* was discussed as well as the *character* of a poem with a *religious thematics*. Six evaluation principles were formulated which were used to analyse poems in order to establish whether the abstraction, that is religion, was transformed into an independent concrete poem. Works of Du Buisson, Pretorius, Riccio, Santayana, Snyman, Van der Colf and others were used as the theoretical basis.

Subsequently eleven poets were selected and of each one a number of religious poems were discussed. The poets were selected to be relatively representative of Afrikaans poetry, but the author's preference also played a role as those poets influenced his own writing. It was established that these poets, all of them strong figures in the Afrikaans poetic canon, repeatedly transformed an existing religious reality into a new poetic reality. There were exceptions: Lina Spies rejects in "Sindroom" the concept of being gay and the poems of Peter Snyders and, to a lesser extent, Marius Titus, are engulfed by a wrath that should have been better accounted for. Paradoxical, this is also the power of the poetic quality.

T.T. Cloete's innovative poetic style influenced the poetic landscape radically, and also exercised a positive poetic influence on a new generation of Afrikaans poets. In his oeuvre he uses various themes, but the religious thematics is relatively dominant. He capably transforms Biblical parts into significant poetry without being didactic or pedantic. His handling of the Job figure is likewise a poetic *tour de force*. Cloete looks as Job is being tested, questioning his own existence, his questioning of God and his eventual elevation, and this Biblical data is made into poetry by means of which a religious person can come even closer to God. Job becomes a metaphor for Cloete: this minute yet unique being walking his own sorrowful but blessed road with his Creator. Cloete has proven his ability as poet to write meaningful poems, using the abstract concept of religion and transforming it into concrete poems. He successfully uses the Job figure to negotiate himself into a kind of Job.

# *Gelykenisse*

Gerald Erasmus

University of Cape Town

## Stilte

Stilte is relatief:

ek hoor jou saggies asemhaal  
in die agtergrond; dakkappe kraak;  
veraf blaf honde;  
die bure kattemaai  
dwarsdeur toe deure.

Horlosies tik tyd stelselmatig  
af: ongesinchroniseerd,  
ongelyk steurend.

Ek bid geluidloos, dog  
die alleshorende Skepper  
het 'n dowe oor  
vir brommende besies en motte  
ploffend teen lamskerms.

Êrens spoel 'n toilet.

Buite borrel fontein; dit klink  
soos 'n gondelrit  
in Venesië - die vrolike musiek ontbreek.  
En die sjampanje.

Stilte is relatief:  
behalwe vir dít  
tussen jou en my.

*EEN*

*We are born alone, we live alone, and we die alone. Aloneness is our very nature, but we are not aware of it. Because we are not aware of it, we remain strangers to ourselves ...*

Orson Welles

## **Plattelandse koerantberig**

Die stil vrou het gesterf,  
stil, oorsaak onbekend,  
maar na bewering kanker:  
sy't dan so gely?

Sy't glo rondgeloop  
loop die storie,  
volgens bronne na aan die familie  
was hy maar 'n uitvaagsel

vroueslaner, kortgebaker; toe die nuus eindelijk  
breek so woedend: massiewe trombose.  
Die familie het haar verguis haar weggehou  
van die diens en sy rusplek. In dertig jaar

het sy verder vereensaam tot uiteindelik  
die dood: oorsaak onbekend.

University of Cape Town

## **straatvrou**

Strandstaat

Bellville 'n kar kruie nader

oogkontak

'n glimlag lok

rol die ruit af

onderhandel

geld soveel rand vir dit en plus

betaling voor of na

en btw

plek 'n kamer

sommer hier

die manipulasie **(merk die blokkie)**

handjob

blowjob

penetrasie

kondoomloos

beklink die transaksie

wie weet watter infeksies

die skuldias

en leed as ander weet

terloops êrens 'n orgasme

## **Ontgogel**

### **I Township**

Die straatlampe staan biddend  
oor die donker wat hul uitstraal -  
klein Sibongi huppel deur dié verlatenheid  
na haar huis waar warm aandkos  
op haar wag;  
dog die predatore  
van die nag slaan toe,  
onverwags  
en laat haar agter  
verniel en seer.  
'n Mama laai die kind op  
en by die aanklagkantoor  
het sy haar skerp uitgelaat  
en vergelding geëis.

Die uniform het onverstoord sy blik laat gaan  
na die klein skaamte, sy hele houding deklameer  
hy weet nét van haar, nie haar wond.

### **II Kaapstad: Noordelike voorstede**

Gewoon die dag huis toe gery  
dié enkelma - deel van statistiek:  
pa van haar kinders nou vry  
om met sekretaresse te piek.

Oë volg haar mans bly kyk -  
onbewus van ander oë  
ry sy huis toe; beplan haar tyd  
tuis: aandete, water vir die droë

tuin, aandag aan die kinders. Na  
die afrit, by die stop, van die pad

gedwing, gekoop, gewurg, gedra  
die bosse in. Eenkant gegooi, 'n lap

sonder nut. Koerantplakkaat prik die gewete:  
"Mens se lewe minder werd as 'n wegneemete".

## **Simpatie**

Hy sit op die hoek van derdelaan  
en sesdestraat, berekend  
naby die viswinkel. Tientalle  
mense koop wegneemetes:  
*stock parcel* teen 22,95;  
baie kleingeld. Sy hond Lucky  
aan 'n leiband lê by hom:  
Labrador-en-rifrugkruis.  
Laphoed op die grond, glimlag leegmond  
almal tegemoet met 'n God-seën-u  
vir elke stukkie silwer. 'n Vrou  
stap nader, buk af, streef die hond se kop  
- sy oë bottoe -  
draai om en stap verder.

University of Cape Town

## **Mona Lisa**

Skares mense hang eeue  
lank reeds aan jou  
raaiselagtige glimlag,  
Lisa del Giocondo. Op reis  
in Frankryk ontmoet ek jou  
in die *Musée du Louvre*. Jy sit ons gedwee  
en betrag; dié tafereel  
van honderde skynbare aanbidders  
kiekend uit elke hoek.  
Die o.18A-hokkiefoto my enigste  
verwysing. Na skool wêreldwys  
geword. Ek het alleen agtergebly  
met slegs die kleur van jou oë:  
'n enigmatiese glimlag.

University of Cape Town

## **By Krems, langs die Donaurivier**

By Krems, langs die Donaurivier,  
gaan toeriste aan boord  
die Eros.

Óp na die bodek,  
Duitse somerson, bier.  
Jy gesels, lag, bier in die hand,  
omring deur ander,  
in jou geel sonrok.

Die loopplank lig; 'n sirene loei:  
ek wuif, jy vaar weg sonder  
om na my te kyk.

University of Cape Town

## Laaste taptoe

Die tv blêr op die agtergrond,  
burestemme vloei saam met  
skemeraandklanke.

Onderwerpe neerdrukkend en doods:  
die tv-nuusleser gee 'n opsomming  
van die bloedbad in Darfoer (dit kon Dakar wees; selfs Doebai; Durban).  
Dit traak my min -  
doodgaan is doodgaan  
ek ken geen familie daar.

Ek gaan ook sterf  
êrens vorentoe;  
Protestants vasgemessel is my tyd.  
Hoe weet die busdrywer dit?  
Die taxi-outjie,  
sy minibus vol stampe?  
Hy kan kwalik 'n tydtafel lees,  
wat nog iets so teenstrydig:  
'n doodsklousule  
in my gevorderde lewensplan?

Die tv skel hard oor volkslagting moord dood,  
bure praat nou stemmiger oor eie vorentoegaan,  
of vooruit, Calvinisties gesien;  
veral ons in die skemer van die lewenswonder.  
Ons praat harder want ons hoor ons nie;  
en hoe sal die busdrywer en die taxi-outjie  
weet waarheen ons wil gaan,  
weet waar om ons ter slagting te bring?

Speel tog die laaste taptoe ook vir my.

## Oefening

Aan die rand van die dorp draf  
en stap jonk en oud, ontwyk die graf  
'n wyle. 'n Man dra 'n siek kind; krom  
stap hy, alleen, dorp toe met sy vrag.

University of Cape Town

## **Mozart**

Eens was hy as jong pianis die wonderkind;  
nou is sy komposisies op vele CD's te vind.  
'n Armoedige einde in dieptes sonder lig:  
tussen lewe en dood is daar geen ewewig.

University of Cape Town

## **Glimlag**

Dis jou Mona Lisa-glimlag wat my bekoor  
en my hart se slag versnel: nou hoor  
ek 'n ander speel die harp. Vir ewig  
sal j u glimlag in my gedigte smoor.

University of Cape Town

## **Vanaand**

Vanaand sou ek jou vas kon hou,  
hier styf teen my. Ek sou in jou  
oë kon kyk, vir jou kon sê hoe lief  
ek jou het. As jy maar net wou.

University of Cape Town

## **Ontnugter**

Ek kyk na die tafel so keurig gedek:  
silwerware, fyn servette, alles perfek.  
Ek wag op my gas; stiptelik soos ek is,  
dog wetend sy't gistraand reeds onttrek.

University of Cape Town

## **Atleet op die N1**

Die agtergrond: Tafelberg, wasigblou, en die stad  
omheen. Jy mik versigtig na 'n gaping oor die pad,  
kry 'n kans, misreken jou met die N1 se buitebaan.  
'n Lewensrekord in dié pylvak wat vir ewig bly staan.

University of Cape Town

## **Affair**

Hy word wakker,

herleef die nag.

Hy's dors, erger sy vrees:

die getuie van ontrou het

stil uit sy bed verdwyn.

Buite raas 'n hadida.

University of Cape Town

## **Fietser**

*Ter nagedagtenis aan Carla Swart: 26/11/1987 - 19/01/2011.*

In helder rydrag en valhelm,  
jeugdige wysheid van wêrelde gesien:  
die Cape Epic oor die Saronsberg  
na Worcester, die Elgin-vallei en Lourensford;  
Tour de France; die skilderagtige roete van die Giro d'Italia.  
Tuis op ons platteland word geoefen  
oor berge en deur dale.  
Soms kruis ons weë:  
'n helder "more oom" op die oggendbries.  
Bewus van ouderdom teenoor jeug,  
krag soos energie.  
Dog teen 'n dreunende voorhaker  
op die Vrystaatse vlakke  
het niemand 'n verweer.

University of Cape Town

## Heldin

*“Ervaar wat ék sedert my geboorte ervaar – die nagdonker waarin jy jou eie beelde moet vorm. Verf jou eie prentjies op ’n doek van klank, soos ek.” - Ster Paschke.*

Misvormdheid maak geen sin:

jý skep ’n wêreld

deur klank. Jou leë gesig

word lig.

Jy gloei; ek staan bedremmeld

oor ek kan sien;

dog niks kan hoor.

University of Cape Town

## **Kruise langs die pad**

Ons het die land deurkruis, Liefste,  
en meer bemin as gesien. Opvallend,  
tog, was al die kruise langs die pad:

die N1 Kaapstad na Pretoria;

N7 na Springbok;

R27 Calvinia Brandvlei Kenhardt:

“Ons dink aan jou, Birtie.”

“Geliefde Jonas.” “Kurt!”

Nou hang daar êrens in die lugruim  
tussen Somerset-Wes en Sydney  
‘n kruis vir my.

University of Cape Town

## **Columbine-slagting: 20 April 1999**

'n Pa wag op 'n parkeerterrein  
spanning en vrees draai sy ingewande  
soos 'n krukas. Hy wag op sy seun;  
die laaste bus is glo op pad vanaf Columbine  
waar twee tieners se woede  
teen die gemeenskap hulle 'n oorlog  
laat verklaar.

Eric Harris en Dylan Klebold swaar  
bewapen skiet om dood te skiet  
à la *Pulp Fiction* van Tarantino:  
in die kop, van agter in die rug,  
op kort afstand; op die terrein, die kafeteria,  
uiteindelik die laaste slagveld,  
die biblioteek.

'n Pa wag op 'n parkeerterrein.  
Gerugte doen die rondte; hy hoor van dooies,  
gewondes.  
Die parkeerterrein loop leeg;  
dit word donker.  
Die laaste bus het nooit vertrek.

## Digter

### I

Hoe ernstig is jy met die woord  
wat jy skryf? Is geweld en moord  
nie dalk meer werd nie as jou verse,  
as die ligtelike rym van beeld en metafoor?

### II

Ek is dit nie. Ek ontken  
dié bestaan. Al wen  
woord en sin aan rym en klank  
sukkel ek steeds om myself te ken.

University of Cape Town

## **Herinnering**

Nanag, grafstil en donker, die enkel hond se blaf  
asof hier by my; ek sit in 'n verligte kamer en wag  
op die daglig wat my verlange kom besweer:  
ek voel nog jou hand, oë beangsd - dan die slag.

University of Cape Town

## **Drieluik**

### **I Vroegaand**

Die dag word stil; êrens roep  
'n stem; ek kyk hoe soek  
en pik die meeue; krysend sweef  
hul tussen pik en paar en oorleef.

### **II Dis nag**

Dis nag. Eensaam blaf 'n hond  
en dié geluid ruk 'n wond  
oop; jou beeld en my verlies  
maak niks, nee niks gesond.

### **III Oggend**

Ek staan op. Fisiek gesond,  
gereed vir nog 'n ronde  
vir wat die lewe bied: dog  
êrens pik die meeue rond.

University of Cape Town

## **Huweliksherdenking**

Die 36ste, sê hy, eenkant by die kroeg  
waar ek hom vind. Hy kyk af. Sag voeg  
hy by: die tweede alleen. Ons oë ontmoet  
in die spieël: is dít hoe 'n man dan boet?

University of Cape Town

*TWEE*

*sonder jou liefde is die graaf te swaar vir my  
en val die geil reëns van die berge sonder doel.*

Uit "Dank" - D. J. Opperman

## **Niks bly vir altyd**

Sondagmiddae saam met Pa  
na die Dieretuinmeer; ons lok  
voëls met stukkies brood  
op die water: eende wat weer en weer  
kom pik, helderkleurige kolganse. Die hoogtepunt  
tog die statige swane vir wie ons name noem:  
Skrander, altyd eerste; stil en swaar  
Meisie. Koning; hy doen sy naam  
gestand as almal voor hom wyk.

Koning word siek en vrek. Ons hartseer  
word 'n lewensles: niks bly vir altyd.

Ek het jou weer besoek. Geel affodille  
langs die pad gekoop. Teruggesak  
teen die kussing het jy dit waardeer.  
Dae later is jy stil uitgestoot.  
In my hand jou laaste wens:  
'n snytjie brood.

University of Cape Town

**Sinisme: 29/04/2011**

Op ons tv's vandag al weer  
'n koninklike troue. Die seer  
van hierdie vreugde is die vraag  
na skeiding: nie óf nie; wannéer.

University of Cape Town

## **Nooit vergeet**

Jou't ek lief met die beslistheid  
van 'n regsbevel; al dwaal jy  
ver uit my visie hou ek jou  
vas in verse my woorde  
maak jou staan tussen  
my hande en vingers.

University of Cape Town

## **Kiewiet**

Ek raasbek-kiewiet die gevaar  
weg van ons nes. Jy moet veilig  
wees; ons kroos  
gesond en gelukkig  
anderkant laat uitkom. Ek hol  
langbeen rond; soms krassend  
die lug in - hou net weg  
alles wat kan kwaad doen:  
op ons word maklik getrap.

University of Cape Town

**Pa**

**I**

Saans met my op jou skoot en die geur van hooi  
luister jy by die draadloos na die nuus, ek  
stil tussen Boekevat en Soetmelksvlei.

Was en tandeborsel vir slaap. Die maan  
soms so helder na die kers se doof, jou profiel  
'n silhoeët-portret. Ek hoor hoe julle, by die flou  
lamplig, jul God loof en prys, en bid vir reën  
en Hom dank vir elke baksel onverdiende seën.

Jy't stil vertrek, sê Ma, gereed  
vir dit waarin jy glo. Poue dié oggend onrustig  
in die boom voor jul venster. In 'n droom weer  
'n kind op jou skoot voor slapenstyd.

**II**

Pa, bedags baal julle lusern vir voer.  
Nou's ek op my manier ook 'n boer,  
Pa. Ek brou woorde maar sukkel nog  
met klank en kontoer.

## **Mevrou**

Na ons vannag weer  
die uiterstes van liefhê  
beproof het, die verste grense  
verken het; beken ek  
onomwonde dat jy  
steeds, die plooië  
en oumensvlekke en selluliet  
en hangborste ten spyt,  
die voorskif-viagra  
van my lewe is.

University of Cape Town

## Sondagmiddag

### I

Ons word groot en leer seks is sondig,  
maar op 'n Sondagmiddag byvoorbeeld  
is ons lywe onversadigbaar lus vir mekaar  
en soen en vat en vroetel ons  
tot, uiteindelik, stotterend, alles tot ruste kom  
en ons in mekaar se oulyf-arms vrede vind -  
wellustig bevredig  
selluliet en onnatuurlike rondings ten spyt.

### II

Dominee het na sy Skriflesing en gebed  
die lamsboud gekerf. Later dieselfde middag  
moes Mevrouw reglê - amper tyd vir die biddag  
om reën - en na 'n minuut of drie is hy gered.

University of Cape Town

## **Twee tafelmatjies**

Op die ronde tafel  
met plek vir ses  
is permanent  
gedek:  
twee tafelmatjies.

Voor agt soggens sit hulle, stil,  
'n gekookte eier en eet  
of *bran*,  
vrugteslaai en joghurt;  
wag op die koerant -  
twaalfuur peusel hulle aan  
gisteraand se oorskiet  
so, aan tafel, met servette  
en gebed,  
terwyl hul hande hou. Saans  
by kerslig  
gesels oor wat in die koerant was  
die kinders bure -  
te benoud om nag te sê  
dis dalk die laaste keer só saam.

University of Cape Town

## **Twee tortels**

Twee tortels koer-koer op 'n draad;  
sweef grond toe. Sonder enige raad  
pik-pik hulle soentjies teen kop en nek  
brongstig voeg hul die koer by die daad.

University of Cape Town

## Vriendskap

### I. 1971: 'n Sondagmiddag

Twee studente by 'n restaurant:  
een praat oor gedigte,  
die ander pamperlang 'n rugby-oog.  
Tongvis en slaai; 500g T-been  
*medium to rare met chips.*  
Jare later 'n pa  
en 'n alleen-vriend; steeds gesprekke  
oor gedigte en 'n lewe:  
*medium to well done.*

### II. 1991: 'n Saterdagavond

Om die braaivuur  
wynasems  
twee lywe reik uit  
sagte aanraking word robuust  
mond gulp vlees  
as ...

### III. 2011: 'n Weekoggend in die vakansie

Op sy fiets in die straat klein rooikopkind  
sproete gloei hare wapper in die wind.  
Ek kyk, hy groet wuifend soos elke keer -  
ek wonder: sal hý ooit egte vriendskap vind?

## **Glybaan: Motorneuronsiekte**

### **I Januarie 2010**

Jy kom agter iets skeel:  
'n voet wil al hoe meer veel  
minder dra. Weier om 'n verhouding  
met die been te deel.

### **II Diagnose September 2010**

Jy het dít. Dít wat  
alles stadig vat:  
van beweeg  
tot teug.

### **III Prognose**

Wit jas, skerp oë, klinies: terminaal.  
Afgeskryf. Als is nou van die baan.  
Hoe erg moet dit wees  
om só, stuk vir stuk, te vergaan?

### **IV Nou**

Jy sit alleen; staar voor jou uit:  
reeds vernietig is been en kuit;  
daarop volg elke ander sein  
tot die dood jou uiteindelik buit.

## Dag, my vrind

*Vir Vic: 2/8/1942 - 15/7/2011*

11:00. Die dag is geel;  
die berge mistig-grys en ver,  
akkerbome kaal gestroop  
takke soos verbrande beendere -  
'n teken van die rustende winter.  
"Timing is alles" - jou motto  
oor lewe, spel, feesviering.  
Gesprekke loop wyd; jý  
kon argumenteer - jou kennis  
verbluffend. Jy wou gesels,  
menings hoor, standpunte toets.  
Ook was daar die stiltes; ongedwonge,  
op die regte tyd.  
Hiate soos nou: dog dié keer  
vir ewig.

University of Cape Town

## **Padkos**

### **I Junie 1950: Noord-Kaap**

Die morester blink helder, kameeldorings  
gesilhoeëtter op die vlakke,  
die droë grondpad myl verby. Vier kinders slaap  
oormekaar. Die oggendson nog traag  
by die stilhouplek onder bloekoms; tafeldoek,  
mandjie uitgepak, die geur van koffie  
pyprook. Toegewikkel in japon en sjaal  
word koue eier, wors, 'n tamatiebroodjie  
'n herinneringsmaal. Hulle ry verder; 'n laning  
bloekoms en wit sementtafel al hoe verder  
in die verlede.

### **II Junie 2010: Boland**

Viertrek gereed, alles gepak  
volgens instruksie en gemak.  
Oor snelweë dreunend op reis  
na rus. Padkos in pa se gatsak.

**“nooit ooit weer vir jou soen nie”**

*gert vlok nel*

### **I Romeo en Juliet**

Vriendskappe word vetes vol pyn:  
dan, die dood ter wille van skyn.

Hoe tragies dié wending:

‘n dolk trek die finale lyn.

### **II Bonnie en Clyde**

Dié opwindende paar gelok  
om só tot ‘n einde te skok:  
te pletter teen koeëls om  
húl pad van verwoesting te stop.

### **III Diana en Dodi**

Die honde het jul in ‘n vossejag  
in die Pont de l’Alma ingejaag dié dag  
dat jy moes sterf - geliefde van ‘n wêreld  
wat ademloos op antwoorde wag.

### **IV Die meisie**

Jou skrams geken as kind,  
later op Facebook gevind:  
jy is steeds in my gedagtes  
nooit in ‘n verhouding verbind.

## **Lewe**

Ons het oor die dansbaan gegly  
op walse van Strauss. Ek en jy  
in harmonie. Nooit kon ons dink  
dat ook hierdie dans 'n einde kry.

University of Cape Town

## **Staproete**

Ons staproete het jou in my visier  
gebring. Delikate liggaam, so fier  
en sterk. Ek weet dis kortstondig;  
die hartstog is soos glanspapier.

University of Cape Town

### **Die derde gelui**

Professor en Mevrou Professor en gesin  
stap die gang af na hul sitplekke: die sin  
van laat-betyds wees is dat mens erken word;  
konsistoriedeur gaan oop, dominee stap in.

University of Cape Town

## *DRIE*

*“Ek is die Alfa en die Omega,” sê die Here God,  
Hy wat is en wat was en wat kom, die  
Almagtige.*

Openbaring 1: 8

University of Cape Town

## **Gelykenis**

Hy maak verstaanbaar  
in eenvoudige gelykstellings  
oor wye godverlate woestyne  
dié groot reddingsplan  
- 'n primordiale Marshall-plan  
om die reddeloses te red -  
Hom gelyk te word.

University of Cape Town

## **Skepping**

*Genesis 2: 4 - 7<sup>1</sup>*

Die aarde was nog dor en woest en leeg:  
geen reën het geval. Die skerp Strateeg  
ontdek 'n helder fontein; vorm uit modder,  
blaas sag in die neus en laat dit beweeg.

University of Cape Town

## Saamtrek

### I Nuweland

Vyftigduisend mense  
op hul voete, oë vasgenael  
op die speelveld:  
'n stryd beurende liggame  
krag teen krag.  
Die berg: een minuut, vier punte -  
'n steekskoppie in die kassie  
held in wording  
dribbel  
skep die bal op  
pypkan vlugvoetig drie teenstanders  
val oor.  
Juigende skare arms omhoog  
vreugde uitbundig  
geseënd is jy tydelike jong god.

### II Kaapstad-stadion

*Psalm 121<sup>2</sup>*

'n Skare op die groen gras  
die pawiljoene  
veertigduisend, dalk?  
'n Paulus-figuur  
breërandhoed en kakie  
arms in die lug  
klankversterkte stem:  
kyk op na die berge  
ons hulp is by die Ewige God  
wat alles maak  
wat nooit slaap  
wat ons beskerm -  
in stilte kyk hulle op  
geseënd arms wuiwend  
in aanbidding.

## My Bybel

Die kanon van my lewe,  
'n metgesel:  
merke, voosgevatte blaaië,  
los kaartjies met aantekeninge,  
onderstrepings in balpuntpen.  
Kantaantekeninge en kruisverwysings.  
Boekmerke gepas by kerngedeeltes  
ingeskuif: Ek is die weg en die waarheid  
en die lewe.  
Ongetwyfelde geloof:  
dié Een deur voet en hand  
aan hout vasgespyker  
sterf, staan op, lééf.  
Daagliks resoneer  
Thomas deur my;  
geloof ten spyt.

University of Cape Town

**“Feel Him, He’s here”**

*Handelinge 2: 3 - 4<sup>3</sup>*

Brandende tonge uit die hemel vul die saal  
waar hul wag. Elke tong brandend in eie taal:  
gereed om die boodskap te bring; verlore siele  
uit al die wye windstreke te gaan haal.

University of Cape Town

## **Gebed**

Die groep om die ronde tafel sit nou  
met geboë hoofde asof besig om te bid  
vir spys en drank; die oë kyk egter stip  
op soek na 'n plek om 'n woord te bou.

University of Cape Town

## Skepper

Ek sou vannag straks alleen kon deursien:  
Merlot van Boland Kelder, kaas en 'n helder maan.  
Ek het U nie nodig nie.  
Of sal ek U sommer jou?  
Jy wat nie jou hande uitsteek as dit nodig is.  
Jou skepping is 'n fout.  
Jou goddelikheid nou  
'n illusie onder die ligte  
van die skepsis: skepties lig hulle toe  
hoe jy, een-wesig, glad nie kon  
skep nie; skep net die room af soos  
jou lekepredikers en handeopleggers  
en duiwelsuitdrywers wat so maklik  
wegkom omdat ons glo nie gló nie, ons geloof  
nie suiwer is nie. Ons kankers  
is tóg geneesbaar?  
Dokters spesialiste benut natuurwette  
chemiese samestellings,  
eerder as glo in jou heling:  
in geloof is daar, byvoorbeeld, geen genesing.

Eintlik is jy nie. Sê hulle.

Tog: Sou ek miskien verder as vanaand alleen  
kon deursien? Dit klink net gódsenmoontlik.

## Hittegolf

*Ps. 51<sup>4</sup>*

U son van geregtigheid skroei  
my belustige weefsel ek krimp ineen  
soos 'n sitrusboom in 'n pot  
die wortels verdor blaartjies krul om  
vruggies plof saadloos neer.

Hel toe roep die vromes; uit glashuise  
gluur die sondeloses my meewarig aan.

Kruipend soos 'n reptiel in die stof  
soek ek weer U aangesig  
in ootmoed en berou.

Gaan tog nie van my af weg  
hier in die barre woestyn.

University of Cape Town

## **Pelgrims: Paasnaweek**

Die wit taxi

bandom kenmerkend geel

staan op die skouer van die N1

anderkant Bloemfontein,

neus noorde toe. Twee siele

vroetel vervaard in die enjin,

die sweet nat oor hul hemde.

Die bagasie op die dak vasgebind

hel effe oor; dog die seën

is afgevra op die rit. Dis reeds

Heilige Donderdag; die reis na *Zion City*

by Moria, naby Polokwane, is nog lank.

Verder veld in, in die skadu

van 'n soetdoring, staan 'n handvol pelgrims,

arms wuiwend omhoog, oë toe, jubelend-singend:

*Wat 'n vriend het ons in Jesus*

*Hy wat in ons plek wil staan...*

University of Cape Town

**“... ek deurweek my bed met trane”**

*Ps. 6: 7c<sup>5</sup>*

Soos 'n donderende donker wolk  
U toorn teen sondaars: in 'n kolk  
van bitter gal kwyn ek weg. Gee dan ag  
op my smeking; ek is sonder krag.

University of Cape Town

## **Ons kan nie**

Met al ons kennis kan ons regtig  
nie sê nie; ons kan maar net raai  
wie ons skuilplek op vier pilare vestig  
en die aarde laat draai en draai.

University of Cape Town

## **Winter**

Hy staan in die koue reën en hou  
my dop, sy arm effe na bo gelig. Ek ry  
weg. Dis of duisende arm oë nou  
na my kyk waar ek my warm ete kry.

University of Cape Town

## Oordeelsdag

Elke voorspelling van dié dag  
dat Hy soos 'n Vesuvius-vulkaan  
elke aardse Pompeii sal uitwis,  
is gegrond op berekeninge  
gefundeer in Bybelse uitsprake.  
Ek wil nie sterf; in swael en vuur  
vergaan. Daar is tog geen sin  
in 'n lewe ná die dood.

University of Cape Town

*NA-GESPREK*

University of Cape Town

## **Geloof**

As ek ná nagte van in die donker tas  
dan tog ook eendag stof word, of as,  
sal ek dán weet of dié twyfelende  
geloof tog geloofwaardig was?

University of Cape Town

## EINDNOTAS

### 1. Genesis 2: 4 - 7

4. Dit dan is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskep is. Toe die Here God die aarde en die hemel gemaak het, 5. was daar nog nie enige struik op die aarde nie en het daar ook nog nie enige groenigheid opgeskiet nie, want die Here God het dit nog nie op die aarde laat reën nie, en daar was nog nie 'n mens om die grond te bewerk nie. 6. Daar het water uit die aarde uit opgekom en al die grond nat gemaak. 7. Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het.

### 2. Psalm 121

1. 'n Pelgrimslied. Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom? 2. My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het. 3. Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie; Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie. 4. Waarlik, die Beskermer van Israel sluimer nie in nie en Hy slaap nie. 5. Die Here beskerm jou, die Here bewaar jou van alle gevare. 6. Bedags sal die son jou nie steek nie en snags sal die maan jou nie kwaad doen nie. 7. Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar, jou lewe sal Hy beskerm. 8. Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan, nou en vir altyd.

### 3. Handeling 2: 3 - 4

3. Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. 4. Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen.

### 4. Ps. 51

1. Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid, 2. na aanleiding daarvan dat die profeet Natan na hom toe gekom het oor sy owerspel met Batseba. 3. Wees my genadig, o God, in u troue liefde, wis my oortredings uit in u groot barmhartigheid! 4. Was my skoon van my skuld, reinig my van my sonde! 5. Ja, my oortredings ken ek en van my sonde bly ek altyd bewus. 6. Teen U alleen het ek gesondig, ek het gedoen wat verkeerd is in u oë. U uitspraak is dus reg en u oordeel regverdig. 7. Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaaï toe my moeder swanger geword het. 8. Maar U verwag opregtheid diep in 'n mens se hart: laat ek dan diep in my binneste weet hoe U wil dat ek moet lewe. 9. Neem tog my sonde weg dat ek rein kan wees, was my dat ek witter as sneeu kan wees. 10. Laat my weer blydskap en vreugde belewe. U het my verbrysel; laat my weer jubel. 11. Moet tog nie ag slaan op my sondes nie, wis al my skuld uit! 12. Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig. 13. Moet my tog nie van U af wegdryf en u Heilige Gees van my af wegneem nie! 14. Laat my weer die blydskap ervaar van iemand wat deur U verlos is, laat my U weer met toewyding dien. 15. Dan sal ek oortreders leer wat U van 'n mens verwag; dat die sondaars hulle tot U sal bekeer. 16. Red my van ondergang, o God, my Redder, dat ek kan jubel oor u verlossingsdaad. 17. Here, gee my die woorde om u lof te verkondig. 18. 'n Offer vra U nie, anders sou ek dit bring; 'n brandoffer wil U nie hê nie. 19. Die offer wat U wil hê, o God, is

verootmoediging: U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God. 20. Laat Sion u liefde en u goedheid ondervind: herbou tog die mure van Jerusalem. 21. Dan sal die offers wat voorgeskryf is, weer vir U aanneemlik wees: offerdiere wat heeltemal verbrand word. Dan sal hulle weer bulle op u altare offer.

5. Ps. 6: 7

Ek is uitgeput van verdriet, ek huil die hele nag deur, ek deurweek my bed met tranes.

University of Cape Town

**Die religieuse tematiek in die gedigte van tagtig  
met spesifieke verwysing na T.T. Cloete se Job-  
gedigte**

**Gerald Erasmus**

# HOOFSTUK 1

## Inleiding

### 1.1 Inleiding

Hierdie essay stel sig ten doel 'n ontleding van die religieuse tematiek by enkele digters wat rondom die tagtigerjare van die vorige eeu gepubliseer het. Die doel met hierdie studie is tweërlei: eerstens om te bepaal of die gedigte waarin die religieuse voorkom 'n bepaalde dogma predik, of dit dus 'n "true expression of religious feeling" is (Santayana, 1900: 150), en of die religieuse tematiek op vindingryke wyse benut is om suiwer poësie te skep. Tweedens wil bepaal word hoe digters die problematiek van die religieuse gedig hanteer, naamlik om konkrete, goeie verse oor 'n abstraksie soos die religieuse te skryf.

Die rede vir die keuse van hierdie onderwerp lê in twee dominante faktore:

- Die skrywer se belangstelling in die religieuse soos dit vergestaltung vind in die mens se soeke na 'n ewige, absolute waarheid wat dan die groot "rigsnoer", moontlik 'n transendente "Immer-ewige"-wese, in sy lewe word. In die moderne samelewing bestaan daar verskeie absolute waarhede gebaseer op unieke tradisies, rites en doktrines. Hierdie "rigsnoer" is nie noodwendig 'n godheid nie; dit sou ook die glo in die nie-eksistensie van 'n godheid kon impliseer. Dit gaan in hierdie essay egter nie om 'n evaluering van enige absolute waarhede nie; dis bloot 'n ondersoek na hoe digters met 'n bepaalde absolute waarheid omgaan – uiteraard kan dit ook wees dat die absolute waarheid nie die oortuiging van die digter is nie.
- Die skrywer se belangstelling in die digters van tagtig en later. Hier word nie eksplisiet na "die tagtigers" verwys nie, juis omdat 'n dekadende indeling nie tersaaklik is nie (sien uiteensetting by 1.2). In dié tydperk publiseer gevestigde en nuwe digters, en die tematiese aspekte van hulle werke is sterk uiteenlopend. Tog blyk dit dat die religieuse tematiek baie sterk by 'n beduidende aantal digters voorkom.

Die oorwig van die essay gaan fokus op die vergestaltung van die religieuse tematiek by digters wat rondom die tagtigerjare van die vorige eeu gepubliseer het, met spesifieke verwysing na die werk van T.T. Cloete en dan veral sy Job-gedigte. Die gesprek rondom intertekstualiteit en intratekstualiteit is al vir dekades aan die gang en verskeie akademici, skrywers en navorsers hier te lande is betrokke daarby, onder meer Hambidge, Gouws, Cloete en Malan (sien La Vita 2003: 4-7). Hierdie studie gaan geensins na die onderwerp kyk nie, maar neem tog kennis van Malan (1985: 20) se definisie: dit "kan op 'n vereenvoudigde wyse beskryf word as die spore van ander tekste, of die 'gesprek' wat voortdurend tussen talle soorte tekste plaasvind". Volgens Degenaar (1990a: 92; 1990b: 98) is elke mens ook 'n unieke teks en daarom meen hy intertekstualiteit is "die wyse waarop die mens as teks, die kunswerk as teks en die werklikheid as teks inspeel op mekaar". Daar sal daarom ook gekyk word na moontlike "religieuse gesprekke" tussen die tekste

van verskeie digters wat hier bespreek word. Daar sal veral gelet word op 'n moontlike gesprek tussen T.T. Cloete en een van sy studente wat, net soos Cloete, 'n uitgesproke Christen is, te wete Tom Gouws.

Die keuse van digters en gedigte vir hierdie studie gaan in hoofsaak berus op die inhoud van twee versamelbundels, naamlik: Brink se **Groot Verseboek** (2008) en Foster en Viljoen se **Poskaarte – Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960** (1997), asook bundels van die onderskeie skrywers.

Die res van hierdie hoofstuk gaan gewy word aan die vraag of die dekade-indeling net so op die tagtigers toegepas kan word as op die Sestigters. In Hoofstuk 2 gaan besin word oor die religieuse en oor die aard van 'n gedig met 'n religieuse tematiek. In Hoofstuk 3 word na die gedigte van elf digters waar daar 'n religieuse tematiek teenwoordig is, gekyk. Die keuse is gemaak ten einde relatief verteenwoordigend te wees, maar die skrywer se belangstelling in sekere digters en hulle invloed op sy eie digterskap, het die deurslag gegee.

Hoofstuk 4 word in sy geheel gewy aan die gedigte van T.T. Cloete. Eerstens word gekyk na gedigte wat voorkom in die sestal bundels wat tussen 1980 en 1992 verskyn het, en dan word gekyk na gedigte wat aansluit by die Bybelboek **Job**.

## 1.2 Digters van tagtig en later

Dit het in die Afrikaanse literatuur gebruiklik geword om 'n dekade-indeling te gebruik as periodisering van die literatuur, waarskynlik in 'n poging tot ordening (Botha en Roodt 2006: 58). 'n Treffende voorbeeld hiervan is die verwysing na die Sestigters: die Afrikaanse skrywers wat veral in die 1960's publiseer en die Afrikaanse letterkunde tematies en vormlik vernuwe (vgl. die opstand teen tradisionele beskouings waarvan die invloed die hele Suid-Afrikaanse maatskaplike bestel raak, en die gemoedelike lokale realisme van die ouer skrywers; vgl. Kannemeyer, 1983: 229 en Büttner en Claassen, 2010: 271). Van Wyk Louw (soos aangehaal deur Botha en Roodt 2006: 57) wys egter daarop dat die meeste skrywers wat as "Sestigters" deurgaan reeds in die jare vyftig gepubliseer het en ook in die 1970's en later steeds bly publiseer het.

Anders as met die "Sestigters", word in terme van die tydperk rondom die 1980's nie eksplisiet na die "Tagtigers" verwys nie, juis omdat 'n dekade-indeling nie tersaaklik is nie. "Tagtig begin nie by tagtig nie en eindig nie by tagtig nie." (Hambidge (2009: 2) - tagtig is hibridies, uiteenlopend. Die gedigte van tagtig, en ook individue wat rondom dié dekade publiseer, is verteenwoordigend van verskeie opvallende temas (byvoorbeeld ikone, popsterre, gay-wees, politieke opstand en die struggle-vers, die interteks - Hambidge 2009: 7-14), en onder meer elemente van vervreemding en ontmensliking, 'n kreet van protes (Botha en Roodt, 2006: 64).

Hambidge (2009: 1) formuleer dit so: "Die digters was dwars, uiteenlopend – in opstand teen die vaders, die kerk en die Ordes." Die pre-1980-geslag in Afrikaner-/ Afrikaanse geleedere het die breinspoeling van "Die Volk" en "God se Volk" en, in Fanie Olivier se woorde, "tekenend / van ons mistasting na mens-wees / omdat ons God wou wit maak / en wit God." (Brink, 2008: 712) beleef, en dit nie noodwendig aanvaar nie – intendeel, dit bevraagteken. 'n

Nuwe geslag digters bevraagteken dus die establishment, wat insluit die religieuse (of: godsdienstige), en wonder oor die sin van dit alles. Die religieuse hoort egter nie tot die Afrikaner en sy God nie, maar tot elke godsdienst wat 'n transendente "Immer-ewige"-wese aanbid.

Hierbenewens was tegnieke vryer en losser met 'n inskryf téén die tradisie (Hambidge 2009: 1). Digters word deur die literatuurwetenskap beïnvloed en hulle tree opsetlik in gesprek met die heersende modes van die tyd (Hambidge 2009: 5).

Ten spyte hiervan verskyn daar ook in hierdie tydperk verskeie bundels van digters wat veral vanuit 'n Christelike perspektief dig: óf om iets van hulle geloof aan ander oor te dra in die geloof dat hulle hul medemens kan red, óf om net poëties besinnend met die gegewe van hul geloof om te gaan.

### **1.3 Samevatting**

In hierdie hoofstuk is die agtergrond gegee vir die doel met hierdie studie, naamlik 'n ontleding van die religieuse tematiek by enkele digters wat rondom die jare tagtig gepubliseer het. Eerstens moet bepaal word of die gedigte waarin die religieuse voorkom 'n bepaalde dogma predik, m.a.w. is dit bloot digterlike godsdienst (sien 2.2), of word die religieuse benut om 'n bestaande werklikheid te ómvorm tot 'n nuwe werklikheid wat as 'n gedig bestaan. Tweedens moet bepaal word hoe digters die problematiek van die religieuse digter hanteer, naamlik om konkrete, goeie verse oor 'n abstraksie soos die religieuse te skryf.

In die volgende hoofstuk sal besin word oor die religieuse (2.1) en die aard van die gedig met 'n religieuse tematiek (2.2)

## HOOFSTUK 2

### Die religieuse

#### 2.1 Die religieuse

Die woord *religie* ontspring waarskynlik uit die Latynse *religare* (ww.) wat beteken *om vas te maak* of *vas te bind*. Eenvoudig gesien is dit die menslike behoefte om aan *iets vas te hou*. Op abstrakte vlak kan dit omskryf word as die mens “se soeke na die sin en betekenis van sy lewe en na verklarings vir die talle dinge wat buite sy begripsvermoë lê.” (Büttner en Claassen 2010: 181). Dit word ‘n stel geloofsoortuigings waardeur die mens probeer om sin en betekenis aan die lewe as verskynsel te gee (Krüger 2007: 4-5). Du Buisson (1959: 11) tipeer dit as die mens se soeke na ewige waardes wat nie saam met sporadiese ideologieë sal verdwyn nie. Degenaar (aangehaal in die WAT 2009: 203) som dit so op: “Onder religie verstaan ek die omvattende lewenshouding van die mens waarin hy sy lewe terugbind aan ‘n mag wat meer is as hyself.” Dooyeweerd (1953: 55) beskou religie as “the innate impulse of human selfhood to direct itself toward the true or toward a pretended absolute Origin of all diversity of meaning”. Die mens benodig dus ‘n bo-menslike “iets” om aan vas te hou, ‘n ewige waarheid, ‘n bowe menslike mag om hom te help om sin in die lewe te vind en om antwoorde te vind op die onverklaarbare (Krüger 2007: 6).

Die wese van religie, voer Du Buisson (1959: 17) sy argument verder, is te vinde in “die bestaan van ‘n verhouding wat nader aangedui kan word as die U-ek-verhouding”. Du Buisson (1957: 18-19) haal verskeie religieuse denkers van uiteenlopende beskouinge aan, onder meer Miguel de Unamuno, om sy siening te onderskraag. Unamuno sê: “This relation with God, this more or less intimate union with Him, is what we call religion.” (Du Buisson 1959: 18)

Die opvatting soos hierbo uiteengesit is slegs ‘n voorbeeld van ‘n religie, want religieë verskil omdat elke unieke religie in ‘n bepaalde en eiesoortige godsbeskouing fundeer. Du Buisson (1959: 105-131) onderskei tussen ‘n **dualistiese godsbeskouing** en ‘n **monistiese godsbeskouing**.

In die **dualistiese godsbeskouing**, wat ‘n onderskeid tref tussen ‘n oneindige Skepper en ‘n eindige skepsel, definieer hy die teïsme, die deïsme en die ateïsme. Die *teïsme* ontspring in die Ou-Testamentiese tydperk waar die Skepper (God) gesien word as ‘n unitêre Wese (dus: monoteïsme - Büttner en Claassen 2010: 200 verwys na die Christendom, Islam en die Judaïsme as voorbeelde), en Hy “regeer die geheel met die middele van Sy almag, Sy goedheid en Sy wysheid” (Du Buisson 1959: 113). Die Woord van God is die bestaansgrond vir die teïsme. In die tydperk van Nuwe Testament ontwikkel die Christelike teïsme: die unitêre Wese moet nou ruimte maak vir die Drie-eenheid - God die Vader bied Sy Seun aan as offer vir die sonde van die mens, en na Sy kruisdood, opstanding en vertrek na die hemel, stuur Hy die Gees van God om as tussenganger tussen God en die mens op te tree.

Du Buisson (1959: 117) definieer die *deïsme* as “die leer van die afwesige God” wat die wêreld ná die skepping aan homself oorgelaat het om sy eie selfevolusie uit te werk. God is altyd verwyderd van die mens; daar is dus “‘n ewige afstand

tussen God en mens” (Du Buisson, 117). Die kosmos het sy ontstaan aan God te danke, maar nie sy voortbestaan nie (Büttner en Claassen 2010: 188).

Wanneer die mens die eindige skepsel tot dié mate verhef dat die oneindige uitgeskakel word, dat God ontken word, staan die mens voor die *ateïsme*. Die mens word, aldus Du Buisson (118-119), die persoonlike vyand van God, en hy haal Miguel de Unamuno aan: “Sy nie-God is eintlik ‘n anti-God” (119). Büttner en Claassen (2010: 181) verklaar die ontstaan en groei van die ateïsme as die vermoë van die natuurwetenskappe om wetenskaplike verklarings te vind vir talle sake wat wat lank as onbegryplik en bonatuurlik beskou is.

Hierbenewens is daar ook die *henoteïsme*: ‘n dualistiese godsbeskouing “wat verskeie gode aanvaar, maar telkens een aanroep asof hy die enigste en hoogste godheid is.” (WAT, 1972: 191).

‘n **Monistiese godsbeskouing** glo aan slegs een Synde en ontken dus die dualisme van Skepper/skepsel. Die bekendste voorbeeld hiervan is die *panteïsme* wat leer dat alles in mekaar vervloei tot één. Die skepping en Skepper is identies en daar bestaan geen grense tussen die twee nie (Du Buisson 1959: 122; Büttner en Claassen 2010: 204).

Elke religie werk dus met ‘n sogenaamde “ultimate truth” wat ontspring uit ‘n bepaalde godbeskouing en word vergestalt as ‘n “ekstern waarneembare sisteem van rituele, stories en oortuigings wat op kultureel-spesifieke wyse tot uitdrukking kom in ‘n spesifieke vorm van aanbidding.” (uit die Christelike Kernensiklopedie soos aangehaal deur Büttner en Claassen 2010: 181).

Santayana (1900: 152) skryf: “In our day, with our wide and conscientious historical sympathies, it may be possible for us to find in other rites and doctrines than those of our ancestors an expression of some ultimate truth.” In 2007 word aangetoon dat daar wêreldwyd reeds rondom 40 georganiseerde godsdienste, geloofsgroepe en spirituele tradisies bestaan (<http://www.religioustolerance.org>; <http://www.adherents.com/>). 98% van alle mense behoort aan een van die 22 hoofstroom-religieë. Uit hierdie groep behoort 84% aan die vier grootste groepe: die Christendom (33%); Islam (21%); “nie-religieus” (16%); Hindoeïsme (14%).

Vir Esterhuyse (2009: 229-33) is elkeen van hierdie bogenoemde godsdienste, geloofsgroepe en spirituele tradisies deel van die mens se eeue oue gesprek oor die inhoud en praktiese eise van die begrip *geregtigheid*. So is “Egipte, sy gode, sy farao’s, sy mites, simbole en metafore ‘n belangrike hoofstuk in die gesprek.” (232). Net so is, byvoorbeeld, “die Christendom, Islam, Boeddhisme, Hindoeïsme hoofstuktitels in die storie wat die mens skryf in die soeke na ‘n antwoord op die vraag na die sin van die lewe en die band tussen mag en moraliteit.” (232).

Baie van hierdie godsdienste kom in Suid-Afrika voor, en volgens beskikbare statistiek (die 2001-sensus - <http://www.southafricainfo.htm>) is 79.8% van alle Suid-Afrikaners lid van een of ander denominasie van die Christendom. Naas die Christene en die 15% wat aandui dat hulle “nie-religieus” is, is die aanhangers van Islam (1.5%) die grootste geloofsgroep. Aangesien die meeste wit mense en bruin mense aandui dat hulle Christene is (86.6% van albei groepe), sou ‘n mens kon aanvaar dat ‘n beduidende groep Afrikaanssprekendes tot die Christendom behoort.

Teen hierdie agtergrond kan ‘n logiese afleiding gemaak word dat, wanneer die religieuse tematiek deur Afrikaanse digters aangeraak word, dit in hoofsaak

(behalwe in die geval van Breyten Breytenbach) 'n verwysing na of bevraagtekening van die Christendom sal wees.

## 2.2 Die aard van 'n gedig met 'n religieuse tematiek

Wat is 'n gedig? Wat is poësie? Volgens Pretorius (1990: 97) kan die begrip *poësie* teruggevoer word na die begrippe *poiesis* en *poiein* waar die laasgenoemde beteken "om te maak". Du Buisson (1959: 41) verwys na Abercrombe wat poësie beskou as die kuns om verbeeldingservaringe oor te dra. Riccio (2000: XV) stel dit so: "Poetry is insistent paradox. It articulates that which cannot be articulated." 'n Gedig ontstaan volgens Snyman (1983: 196) uit 'n bepaalde werklikheidsgegewe en, om gedig te kan wees, moet dit 'n nuwe perspektief op die ontstaanswerklikheid bied. Om die voorafgaande tot 'n sintese te bring: 'n gedig "word gemaak" (Riccio 2000: XV verwys daarna as 'n "demanding craft") deur verbeeldingservaringe, gefundeer in 'n bepaalde werklikheidsgegewe, om te sit in 'n nuwe dog begrypbare werklikheid - om die onartikuleerbare te artikuleer.

Verskeie domeine binne die individuele digter se verwysingsraamwerk dien as aanstekers of dryfkragte vir die skryf van gedigte. Botha (2009: 83-100) ondersoek die dryfkrag agter die dig- en dansproses en lig onder meer die natuur, die primordiale behoeftes van die mens en die skep van orde uit chaos uit as sulke dryfkragte. Die mens se hunkering na 'n bo-menslike "iets" om aan vas te hou, 'n ewige waarheid, 'n bowe menslike mag om hom te help om sin in die lewe te vind en om antwoorde te vind op die onverklaarbare, is eweneens so 'n dryfkrag. Die religieuse is dus een van baie moontlike tematiese elemente wat in gedigte kan voorkom. Van der Colf (1980: 11) stel 'n geldige punt as hy, in terme van die benutting van die religieuse in 'n gedig, vra of die gedig poësie is of digterlike godsdienste. Hy gaan verder en skryf 'n gedig is nie bloot die "beryming" van, byvoorbeeld, 'n geloofswaarheid of 'n stuk kerkgeskiedenis nie (Van der Colf 1980: 12). Olivier (1985: 1) sluit hierby aan as hy dit onomwonde stel dat, wanneer dit kom by die waarde-oordele oor en analise van gedigte waarin die religieuse aan die bod is, dit nie geskied "op grond van die godsdienstige waarde van die stof nie, die heiligheid of die kettersheid van die idees wat verwoord word nie, maar op grond van die wyse waarop dit as poësie bestaan".

Religie is 'n abstraksie, maar dit vind vergestaltung in 'n ekstern waarneembare sisteem van rituele, stories en oortuigings wat op kultureel-spesifieke wyse tot uitdrukking kom in 'n spesifieke vorm van aanbidding (sien 2.1). Die religieuse tematiek fundeer in die abstraksie; die vraag is dus hoe die digter konkrete en oortuigende verse oor so 'n abstraksie kan skryf.

Snyman (1983) kom in sy studie oor die funksie van die implikasie-verskynsels by die interpretasie van 'n gedig tot die gevolgtrekking dat die aard van 'n gedig 'n reeks evalueringsbeginsels impliseer. Met ander woorde, uit die ontleding van 'n gedig kom daar 'n reeks karaktertrekke na vore waardeur die gedig werklik 'n goeie gedig word. Volgens Snyman (1983: 196) ontstaan 'n gedig uit 'n bepaalde werklikheidsgegewe en, om gedig te kan wees, moet dit 'n nuwe perspektief op die ontstaanswerklikheid bied. Daar moet ook 'n hegte klank- en taalstruktuur wees en die gedig "moet 'sluit' aan sy slot". Daar moet ook 'n interne spanning wees tussen inhoud en taal; dit moet 'n vorm van geimpliseerde taal bevat en dit moet ook "'n eenheid skep tussen die vorm van die gedig en die semantiek daarvan".

Dit moet beklemtoon word dat die bogenoemde slegs onderskeibare kenmerke is wat as onskeibare eenheid meewerk tot die skep van 'n goeie gedig. Snyman (1983: 38) verwoord dit so: "Die besondere eenheid moet in eie reg so geslote wees dat alle onderdele volledig op mekaar ingestem funksioneer." Vervolgens gaan daar kortliks by hierdie evalueringsbeginsels stilgestaan word.

In die eerste plek moet die digter bewus wees van die gegewe, die werklikheid waarmee hy omgaan. Elke gedig ontspring in 'n bepaalde werklikheid soos Eybers dit stel (aangehaal deur Snyman 1983: 26): "elke gedig word op een of ander manier uit die digter se ondervinding gefiltreer" (Riccio 2000: 15 se "underworld of the mind"), maar dit mag nie bly steek in die werklikheid nie: "dit moet 'beeld' word van 'n nuwe geheel" (Snyman 1983: 28) - daar moet dus 'n transformasie plaasvind. Riccio (2000: 16) stel dit so: "the poem is shaped into a manifest form through the sobering influences of the conscious mind and the application of poetic skills". Die implikasie van hierdie transformasie word eksplisiet deur Snyman (1983: 196) gegee: "te wete dat 'n gedig [wat] uit die werklikheid moet ontstaan, 'n nuwe perspektief op sy ontstaanswerklikheid gee" (196).

In die tweede plek moet die vraag beantwoord word na die *manier* waarop die transformasie bewerkstellig word. "Die werklikheid moet taalgestalte kry", aldus Snyman (1983: 28). Riccio (2000: 20) argumenteer dat die rou materiaal wat die digter nou tot sy beskikking het van hom vereis om dit in kuns te omskep; om die aanvanklike vormloosheid daarvan deur taal te omskep tot 'n gedig (25 en 117). Olivier (1985: 121) verwys na die "ombuig" van die gewone taal in 'n poging deur die digter om sy ervaring te probeer besê. Die gedig moet, volgens Olivier, deur sy taalgebruik 'n ander perspektief op die werklikheid bied en ander gevoelens by die leser opwek. Hy verwys dan na Colin Wilson se *Poetry and Mysticism* waarin geargumenteer word dat die gedig met 'n religieuse tematiek deur sy taalgebruik "die passiewe, alledaagse horisontale bewustheid by die leser omsit in 'n dinamiese vertikale bewustheid" (Olivier 1985:122).

Derdens moet 'n gedig "sluit" aan sy slot (Snyman 1983: 35/37). Met die slot word die getransformeerde gegewe deurgevoer tot 'n spanning wat die nuwe perspektief op die werklikheid bied. Die gedig word deur die slot tot 'n selfstande eenheid gebind - dit bring die inhoudelike, gerugsteun deur al die ander kenmerke, tot 'n hoogtepunt. Van Wyk Louw (1975: 94) se gedig "XIV b" geld hier as voorbeeld:

slotreëls is altyd sleutels meer as slotte:  
en dis vergeet (voorlopig; relatief):  
om nooit 'n waarde - selfs die kleinste -  
te negeer nie, selfs die vreemdste en vyandigste,  
die meeste teen my, anders as my "ek":  
ómdat ook dit dié móre uit Gods hand  
toe daar gesê is: "Laat daar wees," gevlie het  
vaal koestertjie vir vaal Karoosand  
en: nooit baie sigbaar teen die sand nie.

Die gedig moet in die vierde plek ook 'n spanning vertoon tussen inhoud (Snyman verwys daarna as "stof") en taal. Taal is die medium waardeur die inhoudelike van die gedig besê word en waardeur die werklikheid as ontstaansgrond van die gedig 'n nuwe geheel word. Hierdie spanning word volgens Snyman (28) voorvereiste vir die nuwe werklikheid (gedig) om tot stand te kom. Hierdie spanning ontspring uit die teenoorstaandes of konflikte wat die

digter skep, aldus Riccio (2000: 225). Van Wyk Louw (soos aangehaal deur Snyman, 28) stel dit so: "Maar die oplossing van die groot poësie is 'n trillende ewewig van die kragte, nie die *ontspanning* wat volg wanneer een van die strydere die ander oorweldig nie."

Geïmpliseerde taal (die rol van implikasie; die dinge wat ongesê gesê word) is die vyfde evalueringsbeginsel wat aan die orde gestel word. Snyman (1983: 33) onderskei tussen primêre (dubbelsinnigheid, vormspel, nie-sigbare betekenisorgange) en sekondêre implikasie (onder meer ironie en metafoer). Die implikasie is dan ook uiteraard net moontlik waar daar taal is en word kenbaar binne 'n sin - "dat die geïmpliseerde vorme binne die gedig ten volle geïntegreer moet wees met die groter geheel van die gedig" (196).

'n Sesde evalueringsbeginsel is dat 'n gedig 'n eenheid skep tussen die vorm van die gedig en die semantiek (taalbetekenis; inhoud, dus) daarvan (Snyman 1983: 196). Du Plooy (2010: 6) sluit hierby aan as sy sê dat 'n literêre teks uit taal bestaan en "dat die verhouding tussen vorm en inhoud van die grootste belang is in die poëtiese prosesse van betekenisgenerering". Hierdie gedagte word bevestig deur Riccio wat meen vorm en inhoud ontwikkel in tandem (2000: 63) en dat hulle 'n hegte eenheid vorm (64). Vir Snyman (39) is die begrip *vorm* nie duidelik afgebaken nie. Smith (soos aangehaal deur Snyman 1983: 39) onderskei tussen *struktuur* en *vorm* by wyse van 'n skeiding van tematiese en formele elemente in 'n gedig. Snyman is nie seker dat so 'n skeiding gewens is nie en stel voor die gebruik van *vorm* in tweërlei hoedanigheid: *klankvorm* en *ordeningsvorm*, wat hand aan hand gaan. "Ordeningsvorm kan dan ruweg op drie maniere 'ge-subkategoriseer' word as *aanbiedingswyse* (toon), *digvorm* (byvoorbeeld sonnet, kwatryn, vrye vers) en *inversie* (sintaktiese ordening)" (Snyman 1983: 40). By al drie hierdie ordeningsvorme is die klankvorm ook betrokke. Riccio (2000: 62) sluit grootliks hierby aan as hy sê vorm dui op die visuele of uiterlike formaat van die gedig, moontlik gemaak deur die rangskikking van strukturele komponente. Hy gaan verder: "These include the physical skeleton of a poem and the pattern occasioned by the organization of sounds and rhythms."

Gedigte ontspring in die onderbewussyn van die mens, aldus Riccio (2000: 16). Verder sê hy dat 'n gedig tegelykertyd baie dinge is: "*expression, emotion, feeling, performance, illusion*" (222). Al die begrippe wat genoem word, is abstrakte begrippe. Vroeër is aangetoon dat die begrip religie ook 'n abstrakte begrip is. Die vraag is, gegewe die evalueringsbeginsels wat hierbo genoem is, hoe kommunikeer die digter so 'n abstraksie deur 'n gedig sodat die gedig volgens die uiteensetting hierbo werklik *gedig* word? Nader aan die fokus van die essay: Hoe omvorm die digter die abstraksie *religie* tot 'n gedig?

Die digter neem waar (byvoorbeeld die werklikheid wat die onderbewuste hom aanbied), hy dink na daaroor, hy interpreteer die gegewe en dan lewer hy verslag daaroor. Volgens Riccio (2000: 24) is dit 'n geval van "Appreciate subjectively, but appraise objectively". Die abstraksie moet verkonkretiseer word: "One picks an event - to *portray* the abstract theme" (Riccio 2000: 222). Hier blyk dit dan van belang te wees om te besin oor die *unieke struktuur* van die religieuse gedig.

Elke digsoort vertoon 'n unieke struktuur. In die liefdesgedig, byvoorbeeld, is daar altyd 'n ek-jy-verhouding en dan ter sprake is die bepaalde emosie wat die spreker beleef: afwesigheid, verlies, verlange, jubeling. In die religieuse gedig is daar 'n ek-U-verhouding. Die ek kan die U om verskeie redes aanroep in 'n gebed, en 'n voorbeeld hiervan is die sekstet-gedeelte uit "1. Vroegherfs" van

N.P. van Wyk Louw se “Vier gebede by jaargetye in die Boland” (opgeneem in Brink 2008: 134-5):

O Heer, laat hierdie dae heilig word:  
laat alles val wat pronk en sieraad was  
of enkel jeug, en vér was van die pyn;  
laat ryp word, Heer, laat U wind waai, laat stort  
my waan, tot al die hoogheid eindelijk vas  
en nakend uit my teerder jeug verskyn.

Die religieuse gedig kan ook handel oor ‘n bevraagtekening van, byvoorbeeld, God se wil in die lewe van ‘n mens, met Totius se “Godsbesluit” (opgeneem in Brink 2008: 51) ‘n voorbeeld hiervan. Die religieuse kan ook in die struggle-gedig betrek word om ‘n opstand teen God of ‘n regering uit te beeld. In sy gedig “Djiesus” (**‘n Ordinary mens** 1982, opgeneem in Brink 2008: 887) benut Peter Snyders ‘n religieuse gegewe om na die armoede te verwys waaronder die deursnee bruin mens gebuk gaan.

As digsoort kan die religieuse gedig ‘n besondere privaat gedig word wanneer die gedig handel oor ‘n beleving van opregte ootmoet, ‘n nederigheid en onderworpenheid aan God wat duidelik na vore kom in die verhouding tussen mens en Skepper. Hierdie soort verootmoediging kom, byvoorbeeld, voor dwarsdeur die oeuvre van T.T. Cloete. ‘n Enkele gedig wat getuig van die éénwording van Skepper en skepsel is Cussons se “Christ of the burnt men” (**Die Swart Kombuis** 1978, opgeneem in Foster en Viljoen 2009: 200) waarin sy die grense van haar Christenskap proklameer.

Dus: Die digter gebruik spesifieke, konkrete beelde en vermy abstraksies. Tog is die religieuse gedig juis die arena van die abstraksie.

## **HOOFSTUK 3**

### **Die religieuse tematiek by digters van tagtig en later**

#### **3.1 Inleiding**

In hierdie gedeelte gaan die fokus val op die benutting van die religieuse tematiek deur die digters wat rondom die tagtigerjare van die vorige eeu gepubliseer het. Uiteraard was daar ouer digters wat nie in hierdie periode publiseer nie (vgl. Adam Small - sien 3.1.1) en ander wat wel publiseer (onder andere D.J. Opperman, Sheila Cussons, Lina Spies, I.L. de Villers en Fanie Olivier); dan is daar die digters wat veral eksponente is van hierdie tydperk (byvoorbeeld Johan van Wyk, Rosa Smit, Eveleen Castelyn, Johann de Lange, Patrick Petersen en Johann Lodewyk Marais); maar dan was daar ook die “nuwe stemme” wat in hierdie tydperk debuteer, soos T.T. Cloete, Theunis Engelbrecht en Annette Snyman. Hierbenewens moet in ag geneem word dat baie van die tagtigers oorgevloei het na die jare negentig en later (onder andere De Lange, Marais, Petersen en Van Wyk), en dat vele digters pas na die tagtigerjare debuteer (soos Daniel Hugo, Marius Titus en Johann Juhl).

Die kernvraag is of hier chronologies of tematies gewerk moet word, Die tematiese sou kon onderskei tussen digters wat vanuit ‘n religieuse motief in diens van die bepaalde religie dig; digters wat nie los staan van ‘n religie nie en vanuit die religie ‘n bepaalde saak stel sonder om die religie te bevraagteken; en digters wat bevraagtekenend en vraagstellend (en selfs afwysend) na ‘n religie kyk. ‘n Chronologiese benadering sou waarskynlik ‘n “makliker” opsie gewees het op die gevaar af dat die tematiese nie tot sy volle reg sou kom nie, aangesien die tydsorde as primêre uitgangspunt sou dien. ‘n Tematiese benadering sou steeds die chronologiese in berekening kon bring, maar die klem op die tematiese sou die chronologie binne-in die tematiese aan die orde laat kom.

In hierdie essay val die klem op die tematiese - die doel van die essay is immers om

- enersyds te bepaal of die gedigte waarin die religieuse voorkom ‘n bepaalde dogma predik, of word die religieuse benut om ‘n bestaande werklikheid te omvorm tot ‘n nuwe werklikheid wat selfstandig as ‘n gedig bestaan,
- en andersyds om te bepaal hoe digters die problematiek van die religieuse digter hanteer, naamlik om konkrete, goeie verse oor abstraksies te skryf.

#### **3.2 Die religieuse tematiek by enkele digters**

##### **3.2.1 Adam Small**

Adam Small is ‘n eksponent van satiriese protespoësie (later struggle-poësie) (Kannemeyer 1983: 462) wat vanuit ‘n Christelike lewenshouding skryf, met die liefde as kernelement in sy vroegste werke (Van Wyk 2006: 2; Kannemeyer 1983: 292). In die konteks van hierdie essay val hy buite die primêre opdrag daar hy teen 1975 bewustelik die keuse maak om voortaan in Engels te skryf as protes teen die apartheidsregering (Van Wyk 2006: 7).

Tog lewer Small in sy drie bundels **Kitaar my kruis** (1961; in 1987 hersien), **Sê sjibbolet** (1963) en **Oos wes tuis bes Distrik Ses** (1973, saam met die fotograaf Chris Hansen) die tipe religieuse en struggle-poësie, in Kaaps, wat hom die voorloper maak “van 'n hele generasie swart Afrikaanse digters wat in die dekade tagtig sorg vir 'n opbloeï in protespoësie in Afrikaans en die taal vir bevryding aanwend” (Van Wyk 2006: 4). Foster (2000: 2-3) tipeer hom dan ook saam met onder meer Ingrid Jonker en George Louw as oorgangsfiguur op die rand van sestig (sien ook: Kannemeyer 2005: 285).

In die openingsgedig in **Kitaar my kruis** (1961: 11) “Kô, lat ons sing” benut Small die geskiedenis van Moses soos opgeteken in **Eksodus**:

Vrinne  
lat ons die Bybel oepeslaan  
en lat ons daaryt lies -  
o Allahoegste Gies  
lat hierie woorde na onse harte gaan! -  
yt die tweere boek van Mosas  
yt die Exoras  
yt die viere hoofstuk die ee'ste en die tweere verse -  
o God  
maak vi' ons lig moet hierdie woorde soes moet kerse! -

Met twee invoegings bid die spreker tussen die aankondiging van die te lese gedeelte deur dat die boodskap na die mense se harte sal gaan, maar ook bid hy vir lig: enersyds lig vir die gemeente uit die Woord, maar andersyds lig vir hulle wat onder sware onderdrukking moet lewe. In strofes twee tot vyf gaan die voorlesing oor Moses se onwilligheid en hoe God hom oortuig “dij sal djou mense lei” en van die staf in sy hand wat 'n slang geword het.

Dan tree daar 'n wending in aan die einde van die gedig:

nou vrinne  
die Here het gbring  
aan my sy wonnerwerke oek so  
hy het gavra wat's in my hand  
en vrinne  
in my hand was my kitaar

kô, lat ons sing

Die lotgevalle van Moses se volk word van toepassing gemaak op die onderdrukte in sy eie samelewing, en net soos Moses met sy staf moet die digter sy mense lei met sy kitaar. Hierdie moeilike taak veroorsaak dan dat sy kitaar ironies ook sy kruis word.

“Nkosi Sikelel' iAfrika” (**Sê sjibbolet** 1963, opgeneem in Brink 2008: 477) staan in skerp kontras met die voorafgaande gedig. Hier, in Standaardafrikaans, is 'n toepassing van 'n Oos-Kaapse gebeure op die situasie in die land. In die eerste strofe “halfversteen / onder die geel gloed van die son” staan 'n swartman met sy twaalf beeste en wag “en in die stilte / wat groen glinster teen die bulte / wys die dorings wit”. Die tweede strofe verteenwoordig 'n verwysing na 'n ingehoue woede:

ou geeste  
kan weer leef soos ou vulkane  
as die bloed in hul bly kook het  
vir 'n duisend mane,

Die wending is in die vyfde reël van dié negereëlige strofe as die spreker troosteloos vra

maar wie kan vir ons bid  
dat God die wêreld seën  
en elke os en nasie  
vet laat reën  
en ons laat weet hoe feilbaar was Nonkwasi.

Uit **Oos wes tuis bes Distrik Ses** (1973, saam met die fotograaf Chris Hansen) kom 'n kenmerkende Small-gedig om, deur die religieuse, die ontworteling van apartheid teen te werk. "Oppie top van die mosque" (opgeneem in Foster en Viljoen 2009: 112) is dit Moslem en Christen wat "dankie sê" en "jubel, dja, tot oppie laaste toe" in die slotstrofe:

Só gan die mense batja  
Só gan die mense bid  
Dan kô hulle weer innie sonlig yt,  
trek aan hulle skoene  
sit hulle hoede op  
loep weg deurie strate moet hulle lot  
- while die kontraktors breek die mure af -  
innie Naam van Allah  
innie Naam van God

### 3.2.2 Sheila Cussons

Cussons (1922 - 2004) debuteer in 1970 met die veelbekroonde **Plektrum**, en sedertdien het nog 9 bundels verskyn - die oorgrote meerderheid daarvan in die tydperk rondom die tagtigerjare van die vorige eeu: die fokuspunt van hierdie studie. Haar bundels sluit onder meer heelwat mistieke gedigte in (Büttner en Claassen 2010: 259), en volgens Kannemeyer (1983: 198) is haar belangrikste tematiese verruiming dat sy deur haar gedigte "deel het aan 'n mistieke ervaring waardeur sy 'naatloos' één met die Opperwese word".

Sekerlik een van die bekendste gedigte in die Afrikaanse kanon wat in hierdie tema val, is haar "Christ of the burnt men" - 'n titel wat aan die twintigste eeuse Amerikaanse Katolieke skrywer, Thomas Merton, ontleen is (**Die Swart Kombuis** 1978, opgeneem in Foster en Viljoen 2009: 200). Hierdie gedig begin met 'n stelling, naamlik dat Christus daarin slaag om die spreker toenemend al hoe nader aan Hom te trek:

Jy sal my ook al hoe meer wen, glimlaggende  
skerts-oog blink-oog Christus wat my vervaarde jare  
op jou afstand gadeslaan het:

In die volgende versreëls betig die digter haar Christus wat in 'n uur van nood, toe sy erg verbrand het, nie sy hande uitgesteek het om haar te help nie. Maar dan daag daar by haar 'n begrip dat dié gebeure *moes* plaasvind om die

geestelike verandering volledig by haar tot vergestaltung te laat kom, dat dié pyn, in haar geval, dus voorwaarde vir geestelike groei was:

- O wat is die brand in brein en hart wat brandender brand  
as die vlam aan die lyf en wat gaan gloei in klip en sand  
onder my eenvoetige-springende begrip agter jou  
ságsinnigheid aan?: Nee, iets heerlikers: as jy eindelijk  
omdraai met oë wit en stip en ver en skouers gemantel  
met 'n verwoede en stormende son: o my kosmiese Christus:

In die slot verklaar sy dan haar nuwe insig: dat haar Christus in die één nag Hom vir haar bevry het sodat sy Hom so volledig as moontlik kan ken, maar dat daar steeds aan haar kant een belangrike handeling is om uit te voer:

en nog wag jy  
dat ek moet sê, heeluit moet sê: grýp my hande dan,  
amper sonder vingers vir jou: kundige timmerman.

Cussons benut in die gedig 'n reeks aannames rondom 'n Christelike bekering. In die eerste plek is daar die aanname dat die menslike begrip te eenvoudig is om die ware omvang van die Drie-eenheid te kan begryp. Die mens kan hom slegs leer ken as Hy deur die Gees inwoning in die mens verkry. In die tweede plek kom Cussons tot die gevolgtrekking dat die mens, soms, deur 'n proses van kastyding moet gaan om die skille van die oë te laat val om die ware Christus te kan sien, en in die derde plek die aanname dat, al is die Christus aan hom geopenbaar, moet die mens steeds die finale handeling uitvoer om die Christus in sy lewe in te nooi, in die woorde van Cussons: "grýp my hande dan".

Die gedig is ook in meer as een opsig gewaagd. Cussons vermenslik Christus en sien Hom as die "glimlaggende / skerts-oog blink-oog Christus" (wat, sou 'n mens die Christelike godsdiens in sy wese gaan peil, korrek is in die sin dat die Christus op aarde wel as *mens* en nie as *God* nie, gesien word). Dan is daar die gebruik van die jy-jou aanspreekvorm wat aan haar verhouding met Christus 'n besondere persoonlike diepgang gee - anders as die Afrikaans-voorskrytelike formele U. Cussons lééf in hierdie gedig haar Christelikheid uit; sy proklameer hier die grense van haar eie geloof - dit bly egter 'n eie gewaarwording en word nooit 'n dogmatiese voorskryf aan andere nie.

In dieselfde bundel verskyn nog gedigte waarin Cussons haar geloof bevestig, soos byvoorbeeld in "Verheerliking" waar sy verbeeld hoe Christus aan die mens verskyn en langs hom loop en tog "naatloos een is met sy heelal" (Kannemeyer 1983: 203).

In "Bio-Christus" (**Die Sagte Sprong** 1979, opgeneem in Foster en Viljoen 2009: 211) besin sy oor die biosfeer (Die gedeelte van die aarde en sy atmosfeer waarin organiese lewe kan voorkom. WAT 1970: 419) en hoe herhaling "een / van die opvallendste kenmerke" daarvan is - soos skottelgoed was en

ons beperkte woordeskat sal tot  
aan die einde van die tyd  
- tensy iets anders woorde vervang -  
met telkens wisselende groeperinge  
van dieselfde klanke  
ons gewaarwordinge omtrent ons  
omgewing steeds verrassend formuleer,

Met 'n sterk slot bevestig sy dat al hierdie herhalinge, hierdie eenselwighede, tog tot 'n einde sal kom:

tot op 'n dag in een of ander  
herhaalde Mei of Desember, ons  
met weerliggende begrip eindelijk kyk  
na die een, die begeerde finale patroon  
wat saamvat en verlos:  
voltooide Liggaam, sintese, Wederkoms.

Dus: daar is 'n punt waar die Christus, die Bruidegom, wel die Bruid sal kom haal om in die hiernamaals as verlose en nou ook as voltooide liggaam voort te leef.

In "Komma" - 'n kort agtreëlige gedig - (**Die Somerjood** 1980, opgeneem in Foster en Viljoen 2009: 236) kom sit 'n glinstervliegje "kleiner as 'n komma" op haar hand en sy "gelei / durf my skaars roer:" Dan, in die vierde reël, volg hierdie toepassing:

soos hý so tuis  
so vermetel tuis is ek in U:  
O Onveranderlike, Oneindigende,  
Onbeginnende Woord deur Wie 'n klein  
verrukte vuilerige kommatjie flits.

Treffend is die "so vermetel tuis is ek in U" - 'n bevestiging van die grootsheid van haar Here en terselfdertyd Sy vermoë om ook vir haar, "n klein / verrukke vuilerige kommatjie", te akkommodeer. In hierdie enkele woorde som sy die mens op as 'n nietige, klein wese teenoor die "Onveranderlike, Oneindigende, / Onbeginnende Woord"; as 'n wese vir wie die ontmoeting met die Allerhoogste 'n verruklike ervaring is; en 'n wese wat vuil is, dit wil sê wat sondig is en nie eintlik werd is om oor ontferm te word soos sy beskryf Hy wel doen nie.

Haar gedig "Slaaplose nag" met as motto "Vir V.W.L." (**Membraan** 1984, opgeneem in **Versamelde gedigte** 2006: 411-412) tree in gesprek met Louw se sonnettereeke "Cartesiaan" in **Tristia** (1975: 8-9) waarin 'n bepaalde siening van die *siel* gegee word:

Ek is net lyf en gees, niks tussenin:  
niks van die skuim van "siel"

Lyf: hy! die eerste wat ek ken

Cussons gee hom aanvanklik gelyk as sy een oggend "Befoeterd van nie slaap nie" sê:

het ek wyl ek water by die wasbak drink  
(asof dit sou help) die kraan en  
die water vertel dat jy gelyk had omtrent  
die siel; dat dit 'n tussenin baster soort  
ding is wat net die mens mee belas is.

Sy het weer gaan lê en

Terug in my bed, steeds verontwaardig,  
het ek verstom dié woorde gehoor:  
“Kon jy nie eens een uur saam met My  
waak nie?”

- Ek weet dit  
seker nou: jy had nie gelyk nie, my vriend.

Die spreker se siening van die *siel* verander dus ingrypend na die aanhoor van die woorde wat voorkom in al drie die eerste Evangelies. Jesus het in Getsemane gaan bid en met sy terugkoms was die drie dissipels wat saam met hom gegaan het, aan die slaap. Slegs in **Markus** 14: 37b word die enkelpersoon aangespreek soos in die gedig aangetoon word: “Simon, slaap jy? Kon jy nie eens een uur wakker bly nie?” (**Die Bybel Nuwe Testament** 1984: 72).

Die religieuse tematiek is deurlopend aanwesig in die werk van Cussons. Haar vertrekpunt is die verlossende genade van ‘n transendente Immer-ewige wese (sien 2.1), ‘n Persoon wat omgee en bereid is om, selfs, te kasty ten einde die siel te kan wen. ‘n Verdere kyk na haar poësie bevestig hierdie kenmerk, byvoorbeeld “Die dief en die digter” uit **Die woedende brood** 1981 (opgeneem in Foster en Viljoen 2009: 257) en “Luike” en “Digter” (**Die heilige modder** 1988, opgeneem in Foster en Viljoen 2009: 427-428).

### 3.2.3 Lina Spies

In 1971 debuteer sy met **Digby Vergenoeg** (dubbel bekroon), en sedertdien het nog sewe digbundels verskyn. Onlangs het ‘n keur van haar gedigte verskyn onder die titel **Die Skyn van tuiskoms - 'n Keur**. Dit is saamgestel deur Johann de Lange. Temas wat veral in haar gedigte voorkom, sluit in religie, kinders, kunstenaarsfigure en liefdesverhoudings (Büttner en Claassen 2010: 272).

In ‘n gesprek wat op Versindaba gepubliseer is (De Lange 2010) stel sy dit onomwonde dat sy nóg ‘n religieuse nóg ‘n Christelike digter is, dog sy sien haar wel as “‘n Bybelsgevormde mens en digter. Ek kan **Die Bybel** nooit prysgee nie.” (De Lange 2010). Sy stel dit ook dat sy “anders begin glo het” in die bykans veertig jaar van haar skrywerskap. Dit sou ‘n tersaaklike studie wees om na die digterlike uitkomst van hierdie verandering te kyk.

Die gedig “‘n Paternoster vir Suid-Afrika” (Spies 1971: 97) is waarskynlik die bekendste Spies-gedig met ‘n religieuse tema. Vir die tydperk onder bespreking, te wete die jare rondom die 1980’s, is die gedigte in twee bronne geraadpleeg (Brink 2008: 685-700; Foster en Viljoen 2009: 295-298; 418-421; 526-528). Hierin kom enkele gedigte voor waarin die religieuse tematiek na vore kom.

“Gebed van Eva” (**Oorstaanson** 1982, opgeneem in Brink 2008: 693-694) is ‘n goeie voorbeeld. Die titel van die gedig, “Gebed van Eva”, wek onmiddellik religieuse motiewe op - dit gaan om ‘n *gebed*, en dit is die gebed van *Eva*, die oermoeder uit **Die Bybel**, en nie bloot ‘n *Eva* nie. In die eerste vier versreëls word die Skepper aangespreek:

Here, hier is ek weer,  
die vrou wat U gemaak het,  
wat oorfloedig geëet het van die middelboom  
en uitgedryf is na die pyn,

Hier is verskeie Bybelse temas teenwoordig: die skepping en spesifiek die skepping van eers man en dan vrou, die sondeval (“maar van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet, sterf jy.” **Die Bybel Ou Testament** 1984: 13), en die uitkoms van die sondeval, naamlik dat die mens in swaarkry en pyn sal leef. In dié gedig keer Eva terug na die verbode tuin “want ek het lief”. Versreëls 7 en 8

die hek van die bewaakte muur was skielik oop  
en ek kon terugstap

verstaan die leser teen die agtergrond van die Bybelse vertelling “en om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak, het Hy oos van die tuin van Eden gerubs gesit, en ook ‘n vlamme swaard wat heen en weer beweeg.” (**Ou Testament** 1984: 14). Die “terugstap” is biddend

in my eie liggaam in  
wat byna is soos in die begin  
onder die vreugde van u aanblik heilig  
voor ek my oë skuldig daarvoor neer moet slaan:

Vervolgens herbeleef Eva die skoonheid van die skepping en kom sy uit by die doel met haar gebed: God het haar tydens “die eerste chirurgie”, uit die ribbebeen van Adam geskep, en nou is haar gebed dat Hy uit haar weer sal skep:

Kies wat U wil: rib, heup, dy,  
maar dié keer, Here, moet u uit my sny  
die man wat ek liefhet  
dat ek hom uit my gebeente onvervreembaar ken  
met pyn, bloed, trane,  
u aanraking op elke ledemaat.

Spies het hierdie Bybelse gegewe omgedraai en nuut aangewend, maar die essensie bly steeds: soos God vir die mens ‘n maat geskep het (die vrou), wil sy dat ook vir haar uit haar gebeentes ‘n maat geskep word. Die gegewe word hier aangewend sonder om op ‘n lering uit te loop.

In dieselfde bundel verskyn “Miomektomie in die herfs” (**Oorstaanson** 1982, opgeneem in Foster en Viljoen 2009: 297-298). Miomektomie is die chirurgiese verwydering van ‘n mioom, ‘n gewas wat uit spierweefsel ontstaan en binne die wand van die uterus sit (WAT 1996: 415). Spies se godsdienstige opvatting word hierin versterk as sy sê “My oë, onwennig, skreef hul tot begrip, lees / bo die erelys van stigters, donateurs: / ‘Moenie vrees nie, ek is met jou”. Dit word selfs duideliker in:

U Naam is groter, Here, as die mooi name  
wat hul hier vir skending het;  
dis om my soos ‘n suurstofent dat ek mag asemhaal.

In “Sindroom” (**Van sjofar tot sjalom** 1987, opgeneem in Foster en Viljoen 2009: 420-421) bevestig Spies doelbewus die grondoortuiging van haar Christelike geloof, en wel reeds in die openingsvers:

U, Here, het die aarde liefgehad:  
Om die gevalle mens ontwil

het U geen klip onaangeroer gelaat,  
veral nie in Getsemané  
die vloeksteen voor u Seun se graf:  
U het dit met u vinger omgestoot  
dat Hy kon opstaan uit die dood.

Die tweede vers wy sy aan haar vreugde in Hom, en veral oor die gegewe dat sy “vrou wat baie liefdes ken” in Sy beplanning so geskep is dat daar in haar “liggaam vaginaal / nét die liefde vir ‘n man.” is. In die derde vers haal sy die Bybelse gegewe van die vyeboom vol blare aan wat nie vye gedra het toe Jesus wou eet nie (dit was inderdaad nie vyetyd nie), en Hy dit vervloek het en dit verdroog het (**Die Bybel Nuwe Testament** 1984: 66): “Toe skroei sy oog en voor dié vlam / verskrompel die vals vyeboom”.

Tot hier het Spies gehou by die geloofsaspek. Die vierde vers bring die leser uit by die “sindroom”:

Ek sal niks dood kan kyk.  
Wat rig my woede uit teen Vigs?  
Virusse word oorgedra en “gays” sterf  
langdurig en verskriklik - ‘n sterwe  
wat hul versamelnaam bespot.

In die vyfde vers:

Laat ek bly sing  
oor liefde wat vervoer  
volgens drang en doel  
van u volmaakte wil

Hier het Spies die grens van die religieuse tematiek oorgesteek en in die dogmatiese versand: Vigs is tipies ‘n gay-siekte, en die volmaakte liefde is, volgens haar, dié tussen ‘n man en ‘n vrou.

In die laaste drie versreëls keer sy terug na die Bybelse tema van die sondige mens en die wederkoms:

Kom, Here Jesus,  
maak gou om ons te haal:

Ons is almal besmet en terminaal.

Uit hierdie kort bespreking oor Lina Spies word dit duidelik dat sy ‘n digter is wat vanuit die Christelike lewensbeskoulike dig en wat nie noodwendig die “blye boodskap” wil uitdra nie. Tog blyk dit dat sy wel plek-plek didakties raak. Om aan te sluit by ‘n openingsaanmerking oor Spies en die religieuse tematiek: ‘n studie oor die “ontwikkeling” in haar hantering van die religieuse tematiek, veral in die lig van haar opmerking dat sy nou anders glo, sou tersaaklik wees.

### 3.2.4 I.L. de Villiers

De Villiers (1936 - 2009) staan bekend as die “dominee-digter” (Hugo 2006: 1), maar was ook bekend as tydskrifredakteur, rubriekskrywer en koerantman. Uit sy pen het ses digbundels verskyn. Hy debuteer in 1972 met **Leitourgos**, en as predikant en gelowige is dit verstaanbaar dat die religieuse tematiek in baie van

sy gedigte teenwoordig sal wees. In De Villiers se gedigte is dit nie bloot die religieuse as sodanig wat opval nie, maar sy vermenging van die diep religieuse en die aardse (Hambidge, 2010: 1). 'n Ondersoek na die gedigte opgeneem in **Groot Verseboek** (Brink 2008: 719-724) bevestig hierdie vermoede (kyk onder meer na "Huisbesoek", "Opwekkingsdiens" en "Gedenkdienste Sheila Cussons").

Dieselfde geld as die bundel **Leviet en Vreemdeling** (1978) beskou word. In die openingsgedig "Weg van smarte" (1) hanteer hy die mens wat afdwaal van God, wat ander waardes voorop begin stel. Hier beklemtoon die spreker die verwatering van die Christelike geloof. Hy staan in "die kerktuin van die geseling" vanwaar "hulle Hom sy kruis laat dra", en dan strofe twee:

klein staan die straatnaam  
in latyn hoog teen 'n kloostermuur: *via dolorosa*  
bo winter-toeriste met kameras en bedelaars  
digby arabies/engels: *drink coca cola!*

Hy probeer die lydensweg volg: "die kronkelsteeg, oop slootriool, plaveisel / penswinkels wat hul ware oral straat toe druk" verby die alledaagse geroesemoes van nog 'n dag in die lewe van hierdie toeriste-oorlaaide stad:

'n gids is met 'n mikrofoon van Jesus aan't vertel  
  
en hoe Hy hier en daar geval het, tieners wag  
vir vars lemoensap voor jou uitgedruk  
deur 'n bebaarde jong man

Dan volg die slot waarin baie sterk bevestig word dat die *via dolorosa* na die agtergrond gedwing is:

twee ander pelgrims kom my tegemoetgestap,  
sê: ons is skoon verwar deur hierdie stink ou stad  
- waar is die weg van smart?

Die langerige gedig "Notre Dame de Paris" uit **Leviet en Vreemdeling** (1978: 5-8) sluit 'n verskeidenheid temas in waarvan die religieuse tematiek uiteraard die oorwegende is. Die gedig begin met 'n kort beskrywing van die binnekant van die Notre Dame, maar baie gou word ander fasette beklemtoon, onder meer: "langs my 'n oosterse gesin / groen takke in die hand, palmsondag -"; klokke wat lui; die kardinaal wat "witgemantel" inkom "en die diens begin".

Nou word die gedig 'n gebed, maar met verskeie "afdraaipunte":

en laat u Naam geheilig word  
eer aan die allerhoogste God  
God van genade en vergifnis, U  
wat was en kom en ewig is

Na 'n kort opsomming van die toestand van die gebou volg 'n skuldbelydenis en 'n oproep om vergifnis:

Christus op golgota geslaan  
wat die oortreding van sy volk verbygaan  
oorblyfsel ter wille van sy Naam  
lam wat ons sondes dra:

melkklongs onder die digte populiere slaan  
- bloed op my trui - een wou wegkruip  
tussen die blare, ek't hom uitgeruk  
God van genade dit is baie jare

reken ons die sonde nie toe nie, sprei  
u vleuels oor ons almal,

Na 'n verdere baie lang beskrywing van mense, gebeure en situasies kom die gebed soos volg tot 'n einde:

hoor wat ons vra  
maak lig, Heer van genade, toon u aangesig  
Heer van genade, toon u aangesig  
Heer van genade. *Amen*

Dit is nie 'n gedig met dieselfde trefkrag as "Weg van smarte nie" omdat die digter te eksplisiet omgaan met sy eie Christelikheid.

In dieselfde bundel verskyn die gedig "Dit is volbring" (29). Die titel is ontleen aan die kruiswoorde van Jesus voor hy gesterf het - soos dit opgeteken is in die Evangelie volgens Johannes (**Die Bybel Nuwe Testament** 1984: 151). In die eerste kwatryn van dié sonnet sê die spreker dat in die oomblik voor afsterwe die mens "glo prente van tevore, kiekies uit 'n laai" sien. Dan dink hy in die tweede kwatryn oor wat die Heiland dalk in sy laaste oomblik gesien het "goeie dinge, hoe Hy slaap / terwyl sy dissipels roei, die vroue wat Hom dien / die bruilofsvroligheid en hoe die wyn opraak".

In die derde kwatryn kontrasteer hy egter dié "goeie dinge":

dalk was getsémané te naby, al die angs, sy lyf  
te stukkend van die kats en spykers, te vol pyn  
- verwarring in die tuin het almal uitmekaar gedryf -  
hoe kon Hy nog aan kana dink by hisop en asyn?

om in die slotkoeplet iets van die heiligheid, die Godheid, van Jesus oor te dra:

tog moes Hy dit onthou hoe hul vry uit kon vaar  
voor Hy, bloed oor die ribbes, kon vergeef: dis klaar

De Villiers dra in hierdie sonnet die essensie van die kruisiging en sterwe van Jesus uit en dit word vasgevang in die slotwoorde "dis klaar" – in die Christelike tradisie is die taak van die god wat mens moes word om die mensdom te red, volbring. Nêrens is daar egter 'n vingerwysende toon in die sonnet om die andersdenkende tot besinning te probeer roep nie.

Die reeks kwatryne "Revival meeting" (37-49) is eweneens 'n uitdrukking van die geloof wat op 'n besondere manier tot vergestaltung kom, byvoorbeeld:

Hy sil wiet wie ammal was altyd getrou  
dja, en wie het gedop, had meer as een vrou  
my broeders as Hy kom, sil Hy jille wys  
Hy't dwarsdeur van alles die score mooi gehou

Dan is daar ook:

die Moslems hette halwe maan, 'n lotus gan gloe oep  
vi' orientals. Hitler sê g'n mens mag koop  
by djore nie watch vi' die sespuntster. ons krieste  
hette kryd, die ding van dood ma' darem oek van hoep

In dié kwatryne kom die geloof maar ook die menslike sterk na vore, byvoorbeeld "Hy't die score mooi gehou" en die verwysing na die kruis wat so iets van 'n bedenking inhoud: "die ding van dood ma' darem oek van hoep". Ook hier is dit nie die prediker wat aan die woord is nie, maar 'n gelowige wat oor die geloof, soos dit onder en tussen mense tot vergestaltung kom, skryf.

### 3.2.5 S.V. Petersen

S.V. Petersen (1914 - 1987) debuteer in 1944 met **Die enkeling**, waarna nog sewe bundels volg. Petersen het 'n deernis met die problematiek van die bruin mense en sy gedigte word die stem van die misdeeldes. Sy struggle-verse, telkens met 'n religieuse ondertoon wat voortspruit uit sy kinderlike geloof, neem met verloop van tyd 'n dieper dimensie aan soos veral blyk uit die bundel **Die kinders van Kain** (1960) en die vier bundels wat daarop volg. By geleentheid verwoord hy sy pyn so: "At times I am a creature of bitter recollections. The years have made me so. For it is no small matter, this unholy realisation: a stranger am I, and an outcast unwanted in the land of my birth. And so my poems are personal, and not only personal but representative. Because my mental agony is universal in the group I represent." (Terblanche, 2008: 1; sien ook Kannemeyer, 1983: 169-71 en Vos, 1975).

Een van die beste voorbeelde van sy opstandsverse met 'n religieuse onderbou is "Bede" (**Alleenstryd** 1979, opgeneem in Brink 2008: 350). Dit is nie 'n struggle-vers in die ware sin van die woord nie - eerder 'n bevrage-tekening van sy eie gesitueerdheid. In die eerste strofe skryf hy die toestand waarin hy is daaraan toe dat hy "'n duisend jaar geleë teen God / en mens gesondig het" en daarom, in opdrag van God, is wie hy is. In die tweede strofe voer hy hierdie beeld van verwydering tussen hom en God verder: hy vra aan God of hy dan so versleg het "dat selfs U, Heer, van my moes wyk / my nie wou reining van die slyk?"

In die derde strofe is daar 'n wending:

Laat my dan maar soos Lasarus  
tevrede wees met streling van  
elk honger hondetong;  
dan weet ek tog, dis u besluit,  
die vloekstraf van 'n donker huid.

In hierdie strofe betrek Petersen die ryk man-arm man-beeld uit **Lukas 16: 19-31** (**Die Bybel Nuwe Testament** 1984: 106): die arm Lasarus wat van die oorskiet van die rykes leef en wat so oortrek was van die sere dat "selfs die honde daaraan kom lek" (vers 21), en die ryk man wat in weelde geleef het. Lasarus sterf en gaan na die hemel; die ryk man gaan na die hel. Hy sien Lasarus en smee hom om vir hom 'n bietjie water te bring om sy dors te les, maar dit word verwerp. Selfs sy versoek dat 'n boodskapper na sy broers gestuur word om hulle te oorreed om hulle te bekeer, misluk.

Die slotstrofe verteenwoordig 'n Christelike berusting in "God se wil":

As dit u straf is, dat ek so  
moet ly, dan wil ek swyg, o Heer;  
leer my berusting dan;  
laat my dan maar my kruisweg gaan,  
tot waar ek voor die donker staan

In hierdie gedig is daar 'n bevraagtekening van die kleur-dilemma waarin hy hom bevind, maar dit word te maklik 'n gelate aanvaarding van die eie geworpenheid as sou dit God se wil wees. Die gedig word te didakties; 'n lering dat jy jou moet berus by jou lot as mens as synde die wil van God en waaroor jy as mens geen beheer het nie.

Die gedig "Dichtung" (**Nag is verby** 1980, opgeneem in Foster en Viljoen 2009: 244-245) beklemtoon eweneens die marginalisering van die bruin mense met 'n religieuse verwysing. In hierdie gedig word die skryfproses ook betrek soos blyk uit die titel: "Dichtung" (poësie). Die eerste strofe bevestig die religieuse:

Nog bly ek  
van voor af  
die Kind van Kain

Kain het sy jonger broer, Abel, vermoor en as straf word hy en sy nageslag vervloek en sou die grond wat hy bewerk "nie sy opbrengs aan jou gee nie. Jy sal 'n doellose swerwer op aarde word" **Genesis 4: 12 (Die Bybel Ou Testament 1984: 15)**. Die kinders van Kain is dus die uitgeworpenes (sien ook die bundel **Die kinders van Kain**, 1960). Die spreker beleef dié uitgeworpenheid en beroep hom "voortdurend / tot die woord".

In die laaste twee strofes beklemtoon die spreker sy andersheid deur dit in 'n vreemde taal (Duits) te skryf. Hy meen die spreker moet in 'n durende staat van woordswangerskap verkeer; dog, dit ten spyt, beleef die spreker 'n miskraam. Sy poësie as poging om sy kindskap van Kain "weg te skryf" faal ook, net soos hy sy eie in-die-wêreld-wees as 'n mislukking beleef - hy bly dus die uitgeworpene. Dit word bevestig deur die uitspraak in die eerste paragraaf van hierdie afdeling (3.2.5): "For it is no small matter, this unholy realisation: a stranger am I, and an outcast unwanted in the land of my birth."

Petersen se gedigte handel onder meer oor sy eie onmag om sy geworpenheid en dié van sy mense te verwerk, maar tog bly die poësie buite die verwyte, aanvallende of lerende - eerder 'n heilige berusting.

### 3.2.6 Fanie Olivier

Fanie Olivier debuteer in 1971 met **gom uit die sipres**, en volg dit tussen 1973 en 1988 op met nog vier bundels. Na 'n stilswye van meer as twee dekades publiseer hy in 2009 **Apostroof**. Hy het aanvanklik veral liefdesverse en natuurgedigte geskryf, terwyl **Skimmellig** (1978) ook religieuse verse insluit. Die bundel **Verklarings 1967-1987** (1988) bevat protespoësie oor apartheid, baie keer met sterk religieuse ondertone (Büttner en Claassen 2010: 268).

Uit **Skimmellig** (1978) is die gedig “De Rust” (opgeneem in Brink 2008: 714) opgedra aan sy oupa, ‘n uitbeelding van ‘n plaaswerf wat tot ruste kom: “dis stoeptyd vir ‘n ou man in die rykdom / van sy jare sy kop helder soos die dagbreeek.” en verder: “dis stoeptyd en dis tyd van vrede maak: / ‘n lam blêr om haar ma / die voëls roep elkeen nog ‘n laaste keer voor hulle nessies / uitsoek vir die nag.” Hy beeld ook die hardwerkende Oupa uit, en som hom en sy lewensbeskouing op:

met liefde liefgehad  
met strenge geloof geglo; sy vreugdes wyd gedeel  
sy smarte vir homself gehou. hy het getrou  
die dag se vordering aan God gemeld.

Olivier se slot is treffend daar hy die oupa se geloof transposeer na die bekende leefwêreld:

hy vou sy hande sterk maar sag  
om soos die voëls van vroeër God  
nog weer te bedank vir kos en vere  
vir die somtotaal van hierdie aand se dag.

In dieselfde bundel (**Skimmellig** 1978) verskyn die gedig “Swaels oor Bangladesh” (opgeneem in Brink 2008: 716), met as onderskrif: the rich get richer: **Mattheus** 25:30. Dié gedeelte uit **Mattheus** 25 (14-30) handel oor die gelykenis van die muntstukke uit die profetiese rede (**Die Bybel Nuwe Testament** 1984: 40). In die Afrikaanse vertaling verwys vers 29 na “the rich get richer”: “Aan elkeen wat het, sal meer gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, sal ook die bietjie wat hy het, weggeneem word.” Sowel The World English Bible (WEB) (<http://ebible.org/web/>) as NET Bible: The Biblical Studies Foundation (<http://bible.org/netbible/>) toon dit ook so aan. ‘n Mens sou kon aflei dat Olivier hier ‘n parafrase gee van die essensie van die teksgedeelte.

Die titel van die gedig sinspeel reeds op die religieuse: die swaeltjie is indertyd deur die Christelike samelewing beskou as ‘n heilige voëltjie wat, byvoorbeeld, nie geskiet mag word nie. Die swaeltjie is die voorloper van die lente (nuwe lewe) en simboliseer ook die opstanding van Christus ([www.greatdreams.com/animals](http://www.greatdreams.com/animals)). In die gedig word dit duidelik dat ‘n te vroeë winter die uittoeg van die swaels bemoeilik het, veral ook omdat die kos nou skaars was:

winter het vanjaar te vroeg geval lê  
soos rys oor die alpe gestrooi

soek verniet na iets  
om uit die koue droogte op te pik.

Die verwysing na Bangladesh moet in historiese konteks gesien word: Dié land verwerf sy onafhanklikheid in 1971, en het vir die res van die sewentigerjare gebuk gegaan onder natuurrampe, droogtes, hongersnood en ekonomiese en politieke onstabieleit (<http://www.banla2000.com>). Die gedig handel dus oor swaarkry en die dood.

Met die wending in die gedig sny Olivier ‘n verskeidenheid religieë aan wat sal omsien na die welsyn van die siele van die afgestorwenes (die religieë word rederye):

maar wees getroos:

want Brahma, Gautama, Boeddha, Mohammed en ander rederye  
sal julle liefderyk verpak in kiste  
witter as sneeu om anderkant die bruin  
riviere 'n warm onderdak te hê

verby die berge wat nou nog oorstrom  
en oopgekraak die speel belet

In die slot van die gedig bring Olivier weer die Christelike in deur te verwys na die oorfloed in die hiernamaals en betrek hy ook 'n bekende ou Hallelujalied ("As Hy weer kom, as Hy weer kom / Kom haal Hy sy pêrels, Al sy pêrels, fraaie pêrels / vir Jesus se kroon."):

waar hy vir julle  
tot barstensvol by hom soos pêrels in 'n lentekroon  
wil lê.

In albei die voorafgaande gedigte kom die religieuse tematiek sterk na vore sonder dat die digter enige spesifieke religie uitlig of verabsoluteer.

In die gedig "my country 'tis of thy people you're dying" is daar 'n duidelike verandering: die Christelike religie word betrek. Die titel van die gedig, "my country 'tis of thy people you're dying" uit die bundel **verklarings 1967-1987** (1988 opgeneem in Brink 2008: 711-712), is ontleen aan 'n lied uit die vroeë 1960's, geskryf en uitgevoer deur Buffy Sainte-Marie, 'n Amerikaanse Indiaan. In die lied word die klem gelê op die onderdrukking van die Amerikaanse Indiane deur die wit Amerikaners - dit is dus 'n proteslied net soos Olivier se gedig 'n protesgedig is.

In dié gedig tree Olivier in gesprek met N.P. van Wyk Louw oor die toestand waarin hulle land is:

dit is wat jou land geword het  
wat jou mense of hulle wat jou mense was  
dit gemaak het:

en word die religieuse tematiek benut om die kontras te stel tussen die politieke doen van die tyd en dit waaraan die doeners glo, te wete Christenskap:

'n land volgestrooi met kerke  
duur duurder duurste kerke  
waarin die gemeentes wit kan saamtrek

almal christene en goeie afrikaners  
of afrikaners en goeie christene.  
daagliks veral sondae loop ons mekaar  
tromp-op met holier-than-thou  
maar saans as dit nag word  
weet ons goed hoe om in die donker te kan knyp.

In sy gesprek met Louw beklemtoon Olivier dat die versugtinge en drome wat Louw oor die toekoms van die land gehad het, 'n ander, vreemder pad geloop het:

verder: jou land is met tekens versnipper.

maar dis nie die heerlike tekens waarvan jy  
wou droom nie. wel voortekens, ja,  
maar in 'n ander sin: tekenend  
van ons mistasting na mens-wees  
omdat ons God wou wit maak  
en wit God.

Olivier wys dan op die rasseverdeling en die gedwonge verskuiwing van swart mense om die beste vir die wit mense te verseker. En in alles wat hy doen roem die wit man hom op sy Christenskap, sy God: "Hy word nog bygesleep / Sy sanksie word bestempel / Sy seën nog afgeroep".

Mettertyd bevestig hy ook die innerlike stryd by baie Afrikaners:

soms – as ons baie wyn gedrink het en weet  
dat ons almal in die vertrek vertrou – waag  
ons dit oor moraliteit en geregtigheid  
en partykeer, laat in die nag, bid ons met heiwee  
"laat U wil geskied" en bedoel dit.

Olivier beklemtoon dan dat baie wit mense "ken van hierdie bitterheid / die kankeragtige haat wat vreet / aan jou land en sy nie-wit mense", maar dat hulle uit vrees vir vervolging eerder stil bly, die gesig weggedraai. En dan die slot wat enersyds aansny by Louw se werk en andersyds aansny by die Christelike gebed, die Onse Vader:

God sal Sy oordeel oor die trots  
die meerderwaardigheid nie altyd uitstel nie:  
dit dui die swart gebalde vuis;  
want ek glo amper soos jy die dieper  
reg sal seëvier soos in die hemel  
so ook in hierdie mensryke paradys.

Olivier benut die religieuse hier om protes aan te teken teen juis die onmenslike manier waarop die wit Christene hulle beroep op hulle meerderwaardigheid en die ander landgenote in die proses as mindere mense definieer.

### 3.2.7 Eveleen Castelyn

Castelyn (1928 - 2004) se debuutbundel **Tussen hemel en aarde** (1978) word as die beste debuutpublikasie in 1978 bekroon met die Eugène Marais-prys van die Akademie vir Wetenskap en Kuns. Daarna volg nog drie bundels naamlik **Menslikerwys gesproke** (1984), **Minder as die engele** (1990) en **Kubermens** (1999).

In die bundel **Menslikerwys gesproke** (1984) verskyn die gedig "Seven Sorrows" met 'n verwysing na **Jesaja 24** (opgeneem in Foster en Viljoen 2009: 339-40). In hierdie gedig word verskeie sake ineengewee: **Jesaja 24**; die verwysing na die Maagd Maria se sogenaamde "seven sorrows"

(<http://en.wikipedia.org/wiki/>); die eerste atoombom (6 Aug. 1945) (<http://en.wikipedia.org/wiki/>); die Harrisburg-kernongeluk van 1979 (<http://www.onlineethics.org/>); en selfs 'n film, "The China Syndrome" , met Jane Fonda en Michael Douglas wat 12 dae voor die Harrisburg-voorval begin draai het.

Die gedig begin deur te verwys na die kernongeluk by Harrisburg wat die inwoners in vrees laat:

In die koepel van 'n kernkatedraal  
op Three Mile-eiland waar die torings  
afkoel in die Susquehanna,  
hang 'n borrel waterstof, xenon en krypton,  
stomende sambreel oranje van vrees  
oor Harrisburg.

Met die benutting van die woord "kernkatedraal" beklemtoon die digter enersyds die religieuse tematiek van die gedig en andersyds die mens se geloof in sy eie vermoëns as skepper in eie reg. Die gebeure soos genoem in vers 1 lei tot 'n gedeeltelike ontruiming van die gebied. In die volgende gedeelte wys die digter op die ontruiming, en sny dan ook aan by die profeet Jesaja wat in 24:1 verkondig: "Die Here gaan die aarde verwoes, vernietig, sy voorkoms verander en sy inwoners verstrooi", en ook vers 11b: "op die aarde sal daar geen vreugde meer wees nie" (**Die Bybel Ou Testament** 1984: 738). Sy sny ook die film "The China Syndrome" aan - die film handel oor 'n soortgelyke fiktiewe kernongeluk in China:

Weg is die vreugde, al die huise  
staan toegesluit, stadsgewoel  
verander in eensaamheid.

Die aarde treur, dit verwelk,  
sirenes profeteer:  
heuvels en grendels smelt  
deur die vloer tot by Sjina.

Die kernkragmotief word in die volgende strofe tot 'n hoogtepunt gebring:

die bomwerper  
Enola Gay met Little Boy aan boord,  
die bom van smarte:  
verblindende vlam, vuurbal,  
mistieke donder in die rooksteel  
van 'n groeiende paddastoelwolk,  
vuurstorm, swartreën  
en 'n stad weggesak in die laagte.

Dié gedeelte sluit weer aan by Jesaja as hy in 24:12 profeteer dat alles in die stad verwoes sal wees.

Jesaja stel dit duidelik in sy uitsprake dat die Here "heilig is en die sonde van die volk vernietigend gaan straf" en ook: "Die Here eis bekering, 'n lewe van reg en geregtigheid en geloof en vertrou" (**Die Bybel Ou Testament** 1984: 716). In die slotvers beklemtoon die spreker dat die mens, ten spyte van sy geloof in sy eie vermoëns, tog ook onder die indruk is van sy eie sondigheid en dus om vergifnis

moet vra vir sy oortredings, sy wandade, onder meer sy vernietiging van mense deur kernkrag. Tog weerhou die digter haar daarvan om 'n stukkie Nuwe Testamentiese moraliteit in die vers in te bou:

Priesters verleen  
spesiale absolusie  
aan almal wat kom bieg  
in die Kerk van Seven Sorrows.

Die titel van die gedig "As Hy weer kom" (**Minder as die engele** 1990, opgeneem in Brink 2008: 837-8), verwys reeds na die religieuse, naamlik die wederkoms van die Christelike verlosser, die gestorwe en opgestane Jesus wat opgevaar het na die hemel waar Hy aan die regterhand van God sit tot Sy wederkoms (vgl. **Die Bybel Nuwe Testament** 1984: 75, 121, 154 en veral 156, nl. **Handelinge** 1: 11b - "Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle hom na die hemel toe sien opgaan het"; sien ook König 2001: 374-377). Die gedig open met 'n verwysing na mense wat na 'n haarsalon gaan en terselfdertyd sny die spreker 'n bekende Hallelujalied aan ("As Hy weer kom" - sien bespreking by 5.2.4), en die N.G. Kerk se uitreik na kinders via die Kinderkrans:

weekliks saam  
in die salon  
soos fraaie Kinderkrans-  
pêrels ingeryg

Die doel met die weeklikse besoek van die blindes, die met verkalkte are, die met heupkieries en artritis-knieë, is om mooigemaak te word, want

laat ons skyn  
met 'n helder nimbus  
sonder kwint of kwaal  
aan die hemeltrans  
as Hy ons dalk  
nog vandag kom haal

Hier kom die menslike ydelheid ter sprake: Die mens maak hom mooi om gesien te word, maar is dan terselfdertyd ook gereed vir die wederkoms.

### 3.2.8 Annette Snyman

Annette Snyman (1941 - 1980) sterf op 39-jarige leeftyd in 'n motorongeluk en haar bundel **Klein rondreis** word in 1981 postuum uitgegee deur haar eggenoot, Henning Snyman. In haar gedigte besing sy onder meer die liefde en treur sy oor 'n vader wat oorlede is en deurgaans is daar minstens 'n onderstroming van die religieuse by bykans elke gedig.

In die gedig "Naskrif: Pinkster 1971" (**Klein rondreis** 1982, opgeneem in Brink 2008: 891) dui die titel reeds op die religieuse waar Pinkster heenwys na die uitstorting van die Heilige Gees ná die dood en hemelvaart van Jesus (**Handelinge 2 Die Bybel Nuwe Testament** 1984: 156/7). Pinkster is dan ook 'n Christelike fees ter herdenking van die uitstorting van die Heilige Gees. Die gedig handel oor die afgestorwe vader wat steeds "boer", maar nou selfs beter as toe hy nog gelewe het:

Jy diepploeg wyer slote  
en stu die dooie spore  
van jou bejaarde perskeboorde.

Jy swael jou wingerd  
en bemes die lote  
met ondergrondse vuur.

In die derde vers volg die Pinkster-wending:

Jou nuwe vrug  
heilig my  
tot 'n rype drag  
van sagter, vreemde woorde.

“Jou nuwe vrug” dui op die vrug van die Gees: die nuut bekeerde Christen streef daarna om in sy “nuwe” lewe te voldoen aan die nege deugde wat kollektief die vrug van die Gees genoem word: “Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing” (**Galasiërs 5: 22 Die Bybel Nuwe Testament 1984: 249**). Die spreker word dus self “heilig”, dra self die vrug van die Gees, en in aansluiting by die eerste uitstorting van die Heilige Gees waar die teenwoordiges “in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het” (**Handelinge 2: 4b Die Bybel Nuwe Testament 1984: 156/157**) dra sy “'n rype drag / van sagter, vreemde woorde”. Sy sny ook die boerderybeeld in die eerste twee strofes hier aan met die gebruik van die woorde “vrug” en “rype drag”.

In die slotvers bevestig sy enersyds die invloed van die vader op sowel die boerdery as op haar, en andersyds word die goddelike ook betrek in die sin dat God of die Vader deur sommige Christene ook Pappa of Pa genoem word:

Jy's nou 'n stuk Gees van hierdie aarde  
Pa - dis jou beleë najaarswaarde.

Ook in die gedig “Gee my net één dag soos toenterjare” (**Klein rondreis 1982, opgeneem in Brink 2008: 892**) benut sy die Pinkster-beeld:

Gee my net één dag soos toenterjare,  
'n dag vol soetwyn uit Jerusalem,  
g'n drome droom - gesigte sien -  
'n dag wat van wind en vlamme sing!

Die uitstorting van die Heilige Gees het in Jerusalem plaasgevind en die teenwoordiges het 'n geweldige stormwind gehoor en toe het hulle “iets soos vuur” gesien (**Handelinge 2: 3a Die Bybel Nuwe Testament 1984: 156**). Nadat hulle in tale begin praat het, het van die omstanders gedink hulle was almal dronk.

Dan word die gedig 'n gebed waarin die spreker vra: “Maak van my so 'n nuwe Pinksterling / dat ek die taal waarin ek gebore is / my eie klank in elke geelvink en kanarie hoor”. Die tale wat die voëls “praat” moet sy kan verstaan, want daarin sal sy “duisend warm woorde vind!”. Sy keer egter die beeld om: Die Heilige Gees het die groep volgelingen van Christus elkeen 'n taal gegee om te praat sodat hulle die Evangelieboodskap na die onbekeerdes kon uitdra; die spreker

wil die klanke van die voëls, die vrye en vriendelike boodskap, in Afrikaans hoor.

Die gedig “Emmaus” (opgeneem in Foster en Viljoen 2009: 270-271) is gebaseer op die Lukas-vertelling (**Lukas 24: 13 - 35 Die Bybel Nuwe Testament 1984: 119-121**). Slegs in Markus is daar ook ‘n verwysing na die Emmausgangers: “Daarna het Jesus met ‘n ander voorkoms aan twee van hulle verskyn terwyl hulle op pad was na die platteland toe” (**Markus 16: 12 Die Bybel Nuwe Testament 1984: 75**). In die gedig word Jesus, wat hom aansluit by die twee mense wat op pad is van Jerusalem na Emmaus, aangespreek:

Jy’s kierang soos ‘n koekmakrank  
al langs die kaalgetrapte oulandpad  
speel jy warm- en koupatat.

Die vergelyking waarmee die vers begin is gepas, want jy kan jou misgis met die koekmakrank - Snyman gebruik hier die minder gewone woord in die plek van koekmakranka (WAT 1976: 579-580) ter wille van die rym - wat ‘n mens mislei, want dit is ‘n gewone ou plantjie met ‘n geurige bessie wat vroeër vir parfumering gebruik is. Net so misgis die twee mense hulle met die Man in hulle midde - Hy wat in die Christelike tradisie die vervulling van die wet en die verlosser van die mens is; wat dus die “geur” is wat verkondig moet word. In die slotreël, ten einde die onkunde van die twee mense verder te beklemtoon, gebruik sy die beeld van die kinderspel “warmpatat”. Snyman benut ook die bekende plaasbeeld, ‘n ouland, waardeur die mense ‘n pad uitgetrap het.

In die tweede en derde verse, wat ook begin met “Jy’s”, word die beeld van Christus wat “anders” is verder uitgebrei: “Jy’s palmietsag” (dus: nuut) teenoor die “droë riete / van die vorige maand”; “Jy’s een helder blaar / van ‘n botterblom”. Dan volg die wending en ook die slotvers:

Liefste Man!

Ek is moeg.  
Jou koel  
hand-aan-hand  
is ‘n langafstand.

Die ingeligte Bybelleser weet dat die man saam met die twee mense op pad na Emmaus, Christus is. Die spreker roep Hom nou direk aan omdat Hy ‘n besondere plek in haar lewe inneem. Sy bely dat sy moeg is: om as Christen die lewenspad saam met Christus te loop is veeleisend, soos ‘n langafstandwedloop.

In die gedig “Daarna” (opgeneem in Foster en Viljoen 2009: 271) sluit sy aan by die gedig “Emmaus”:

(Ek weet heel nugter  
dit was ‘n redelike knap gedig,  
dié Emmaus-een:  
dubbelvlakkig  
met falliese simbool en religie  
beeldend goed gemeng  
sonder literêre sentimente  
of wekerige argumente.)

Hier is die digter aan die woord oor die digproses, oor die “mengsel” wat dié gedig dan ‘n knap gedig sou maak. Dan volg daar twee verse wat die raakpunte tussen die twee gedigte word:

Maar  
Jy’t stilweg aangeloop  
en  
moet ek nou so vroom bly sit  
en knibbel aan gebreekte gebed en brood?

Ek sal Jou jag  
tot Jy my eennag  
saamvat hemel toe.

Die voorlaaste vers bou voort op die Emmausbeeld in die vorige gedig. Jesus het saam met die twee mense in hulle huis ingegaan om daar oor te bly, en “Terwyl Hy saam met hulle aan tafel was, neem y die brood, vra die seëHy die brood, vra die seën, breek dit en gee dit vir hulle. Toe gaan hulle oë oop, en hulle het Hom herken, maar Hy het uit hulle gesig verdwyn” (**Lukas 24: 30 - 31 Die Bybel Nuwe Testament** 1984: 119-121). Christus het nou figuurlik gesproke verder gegaan, aangeloop en op ander plekke aan ander mense (onder meer sy dissipels) verskyn tot Hy uiteindelik na die hemel opgeneem is. Die spreker, daarteenoor, bly agter, is nog hier op aarde, in die gebroke wêreld en “knibbel aan gebreekte gebed en brood”. Sy, as Christen, sal soekend bly tot die uiteindelige voleinding, die voltrekking van haar geloof: “tot Jy my eennag / saamvat hemel toe!”.

Daar is geen twyfel oor die Christenskap van die digter nie, maar haar gedigte is nie pogings om op subtiele wyse ‘n boodskap oor te dra nie. Dis eerder intense, verpersoonlikte belewenisse van haar geloof.

### 3.2.9 Marius Titus

Marius Titus is ‘n struggle-digter wat vanuit ‘n verontregte swart gemeenskap sy stem teen onderdrukking laat hoor het in byvoorbeeld sy bundels **Aankoms uit die skemer** (1988) en **Oop gemoed** (1990). ‘n Mens vind dat die religieuse tematiek ook in sy gedigte voorkom. Sy gedig “Laat ons skyn” (**Oop gemoed** 1990, opgeneem in Brink 2008: 1084) is ‘n voorbeeld hiervan. Die titel van die gedig verwys na ‘n bekende ou Hallelujalied (Laat ons skyn vir Jesus / met ‘n helder glans / skitter soos die sterre / aan die hemeltrans) en die digter spreek dan ook die Opperwese aan:

Groot Master, maak oepe ons harte

Anders as in die Bybelse konteks “want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word” (**Mattheus 7: 8 Die Bybel Nuwe Testament** 1984: 12/13), en later ook die verwysing na Christus wat by die deur staan en klop en wag dat die mens sy hart moet oopmaak om die Gees van God te ontvang, gaan dit vir Titus om iets veel meer aards:

Groot Master, maak oepe ons harte  
en bou fuse-bokse in.  
Vir wanner ons moeg is  
ennie bloeddruk hoog is,

vir wanner ons kwaad is  
ennie worries ons klaarmaak  
Vir wanner ons nie fully  
in control is van onself.

Die Skepper moet dus die mens met sy beperkinge só programmeer dat hy, wat homself nie altyd kan beheer nie, robotagtig net 'n "fuse" moet kan blaas as dinge te veel word. In die volgende vers word die struggle aangesny en word die "necklace" subtiel bygewerk: "Want, wanner die riots warm word, / dan hoef ons mossie yt te brand / Dan blaas ons nette fuse."

In die slotvers word die gesprek met God geïntensiveer en word dit 'n gebed om eerstens die tydelikheid van die liggaam te bevestig en om tweedens, weer eens baie subtiel, om begenadiging te vra:

Maar wanner die final tripswiets afgaan  
en allie fuses is geblaas -  
Gee dan aan ons Hiemelse fuses,  
wat ons laat skyn  
en nie laat brand.

Die benutting van die religieuse tematiek deur Titus wys heen na 'n verlossing wat bestaan vir die mens en word in die laaste twee versreëls bevestig met die terugverwys na die titel en die Hallelujalied "Laat ons skyn vir Jesus"; en ook die slotwoord "brand" wat as teenpool funksioneer vir "aan die hemeltrans" te skyn.

Dié werkwyse word ook in die gedig "Fix my op" (**Genesing in vuil water** 1999, opgeneem in Brink 2008: 1086) benut. In die eerste vers word dit duidelik dat hy in gesprek is met die Opperwese, want hy spreek Hom aan as "Master". In die vers dink die spreker dat, omdat hy "deeltyds Christen" is, hy "seker 'n policy van / lifetime insurance by jou" het. In die tweede vers stel hy hom gelyk aan 'n stukkende ou kar wat reggemaak moet word, en in die derde en vierde verse "bely" hy sy oortredinge:

Die Dywel was eers my mekêniek,  
hy't opgefok en my laat panic:  
Doen Jy die job 'seblief.

Laasweek het hy weer gesê  
dat hy die joppie graag wil hê.  
Ek trust hom nie my Lord.

In die voorlaatse vers bevestig hy "Master, ek's 'n scrap jaloppie, / fix my op", met 'n belangrike versoek in die slotvers wat meer eksplisiet aangebied word as in "Laat ons skyn":

Dan Master, as 'n final plea,  
gee my 'n lifetime guarantee -  
Sodat ek Hemel toe kan ry.

Titus se gedigte beweeg binne die religieuse tematiek en word nie lerend nie, maar die leser word tog bewus van 'n onderliggende aggressie teen die establishment.

### 3.2.10 Peter Snyders

Hy debuteer in 1980 saam met drie ander digters (André le Roux du Toit [later bekend as Koos Kombuis], Daniel Hugo en Etienne van Heerden) in **Brekfis met vier**. Hierna volg vier selfstandige bundels wat insluit Nederlandse vertalings van sy gedigte onder die titel **Verzachtende omstandigheden** (1995).

Snyders dig hoofsaaklik in Kaaps - 'n dialek van die standaardtaalvorm van Afrikaans wat veral in die Wes-Kaap gepraat word. By 'n heruitgawe van **Brekfis met vier** in 2005 skryf Hambidge (Mei, 2005a: 4) dat Snyders met sy gedigte die lewe van bruin mense (of dan in sy woorde: "coloureds") die eerste keer werklik deurpriem. Boonop, gaan Hambidge verder, het hy met sy belydenisverse "die weg gebaan vir ander sogenaamde Vlakte-digters". Snyders se gedigte getuig ook van die strugle waarvan hy deel uitgemaak het.

In die gedig "Djiesus" ('n **Ordinary mens** 1982, opgeneem in Brink 2008: 887) word die religieuse betrek - hoewel die naam "Jesus" algemeen in die Mediterreense gebied is, sinspeel die gebruik daarvan as titel vir 'n gedig op die religieuse. Die gedig kyk na die lewensloop van die Bybelse figuur Jesus vanaf geboorte tot by Sy dood, en telkens word die lewe van die bruin mense gesuggereer. In die eerste strofe word verwys na die geboorte van Jesus: "Kô kyk, / hie's Djiesus in die hokkie / oulik nè?", verwysende na die woorde in **Lukas 2: 7** "Sy het haar Eerstelingseun in die wêreld gebring en Hom in doeke toegedraai en in 'n krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie" (**Die Bybel Nuwe Testament** 1984: 79). Die strofe sluit dan met "maar fooi tog / tog soe arremoerag", wat terselfdertyd heenwys na die armoede waaronder die deursnee bruin mens gebuk gaan.

Die tweede strofe verwys na die gebeure waar Jesus as twaalfjarige tussen die geleerdes gesit het en almal verbaas het met sy insig (onder meer **Lukas 2: 41-52 Die Bybel Nuwe Testament** 1984: 80-81). In die gedig is Jesus egter besig om die mense oor ander sake te leer: "vertel vir hulle van truth and freedom, / nogal".

Die wonderwerke van Jesus word in die derde strofe verbeeld en word weer eietyd uitgebeeld om die armoede van sy mense te beklemtoon:

Ja, dis Djiesus,  
nog altyd at sea,  
maar hy doen nou sy miracles  
met kriedoppies en mieliepap.

In die vierde strofe word Jesus, wat die onregverdigheid en onderdrukking van sy tyd teengestaan het, soos blyk uit Sy opdrag aan die twaalf "Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet weg" (**Mattheus 10: 8 Die Bybel Nuwe Testament** 1984: 16), as 'n strugle-figuur uitgebeeld wat "al weer gecross-question" is met die volgende gevolgtrekking: "hy gan nog eendag / opgeslyt of gebên wid".

'n Huilende Jesus vorm die kern van strofe vyf:

Jaa,  
dis nog altyd diesêlfde Djiesus

wat soe tjank  
as hy soe deerie Vrygrond loep  
of by die Crossroads staan

Hier plaas die spreker vir Jesus midde-in die sosiale problematiek van sy mense: Vrygrond is 'n sosiale en ekonomies-verwaarloosde gemeenskap van ongeveer 10 000 siele 20 km van die Kaapse stadskern (<http://www.vrygrond.co.za/>); Crossroads het 'n geskiedenis van opstande en tans is daar 'n hoë voorkoms van bendegeweld en armoede (<http://en.wikipedia.org/wiki/>). In **Die Bybel** is daar verskeie momente opgeteken van 'n huilende Jesus: oor Jerusalem (**Mattheus 23: 37 - 39 Die Bybel Nuwe Testament** 1984: 37-8); oor Lasarus (Johannes 11: 35 **Die Bybel Nuwe Testament** 1984: 139). Dieselfde Jesus van 2000 jaar gelede huil ook oor die onreg wat aan Sy en die digter se mense van vandag gedoen word.

Die slotvers vertolk eweneens die problematiek van die eietydse bruin mens:

Daar lê Djiesus;  
dis net soes hy gesê het:  
hy sal nog eendag vermoed wid.

Die gedig "Versagtende omstandighede" ('n **Waarskynlike mens** 1992, opgeneem in Brink 2008: 888-889) is 'n gebed. Dit is egter nie die soort gebed wat eie is aan die Bybelse voorskrifte soos dit voorkom in die "Onse Vader" nie (**Mattheus 5: 5-15 Die Bybel Nuwe Testament** 1984: 11). Die titel, wat in byvoorbeeld die Christelike konteks sou kon heenwys na 'n versoek om vergifnis vir menslike sondes, verkry in die loop van die gedig 'n totaal kontrasterende betekenis.

Hy begin sy gebed deur te sê hy hoor dis so wonderlik in die hemel, maar die hemel is nie sy soort lewe nie - "ek hou van sing en harpmusiek / maa ek sal lugsiek kry as ek moet vlieg". In die tweede strofe begin hy die redes opnoem waarom hy nie in die hemel wil wees nie:

En Here, dit sal hel vi my wies  
om met niks-doen myself elke dag te vervies;

Hy het ook geen erg aan "die goudstrate / en pearly gates" nie, want "Klip en teer is veels meer werd."

Die gedig, wat ontstaan het in 'n tydperk rondom die ontbaning van die ANC en die vrylating van Nelson Mandela, en die onderhandelinge tussen die destydse regering en die ANC wat uitgeloop het op die aanvaarding van 'n interim-grondwet op 18 November 1993 (<http://en.wikipedia.org/wiki/>), lewer ook sosiale kommentaar op die Baas-Klaas-sindroom wat eie was aan die apartheidsera. Die derde strofe lui so:

Maa Here, hou my baas asseblief tog daa  
want waa hy nie kan exploit nie  
is hy tog te naar;  
en hou hom dop want sonner om te aarsel  
sal hy stilletjies, agteraf, die engeltjies martel.

Die vierde strofe is 'n belydenis van sy eie tekortkominge wat bevestig dat hy nie sal inpas in 'n omgewing waar almal perfek is nie, "want volle perfection en

contentment / sal my torture tot binne-in my fonnement". Die aardsheid van die mense vir wie hy 'n stem word, die bruin mense (in sy woorde: die "coloureds"), word bevestig in strofe vyf:

En dan boenop hoor ek  
seks is yt -  
soe stuur my aire hel toe  
of waar ek my talent kan gebryk.  
En as ek te goed is  
om gebraai te word  
laat my liefste trug kom, Lord

Hiermee saam versoek hy later in die gedig "sorg dat ek by Florrie / (vroeër mevrou Soetwater) / voorit te laat is, beland".

Hoewel Snyders vroeër in die gedig kommentaar gelewer het op apartheid, is hy tog bewus van die veranderinge wat op die land wag. Dit blyk uit die vyfde strofe wat oorfloei in die sesde strofe as hy bid:

laat my liefste trug kom, Lord  
  
as kunstenaar na 'n land  
in 'n historiese tyd -  
soes Suid-Afrika,  
waar ek kan teer  
op 'n tesamebeleid.

Hierdie gebed, waarin die Here in die eerste vier strofes vyf keer aangespreek word, is 'n aantyging teen onder meer die Christelike oortuigings wat grondliggend was aan die apartheidregime; 'n aantyging teen die sendelinge wat die vrymaking deur hulle verlossende Christus aan die nie-wit heidene verkondig het. Hierdie aantyging word in die slotvers bevestig:

Laat my dan liever hier  
oppie aarde ly  
as om vir iewag in u  
grafstienhiemel te bly.

### 3.2.11 Tom Gouws

Gouws debuteer in 1990 met die bundel **diaspora**. Daarna volg nog drie bundels: **troglodiet** (1995), **Syspoor** (2002) en **Ligloop** (2010). In die lig van die opmerking van La Vita (2003: 3) dat Gouws 'n uitgesproke Christen is, is dit te verstaan dat die religieuse tematiek in sy werk voorkom - trouens, dit groei soos sy oeuvre groei.

Botha (2009: 126) stel dit dat gedigte nie in isolasie bestaan nie en dat elke gedig 'n gesprek is met ander digters en gedigte. Sulke gesprekke kom gereedlik voor in die werk van Gouws - veral met T.T. Cloete, sy "Potchefstroomse mentor" (Kannemeyer 2005: 707).

Sy gedig "broer die wandelende jood" (**diaspora** 1990, opgeneem in Brink 2008: 1071) tree in gesprek met Cloete se "Fragment" met as motto "van die storie van die verlore seun" in **Allotroop** (1985: 32-33). Albei gedigte maak gebruik van die gewone rondom die gelykenis van die verlore seun soos opgeteken in **Lukas** 15:

11-32 (**Die Bybel Nuwe Testament** 1984: 105). “Fragment” word volledig bespreek in 4.2, maar ter wille van die gesprek moet genoem word dat Cloete aan die verlore seun universele betekenis gee in die volgende woorde uit strofe een: “Hy kom nooit finaal / terug nie. Hy gaan en kom nie net een maal / nie”, en in strofe 2 word die verlore seun-beeld op die spreker toegepas om daarmee ook die feilbaarheid van menswees te beklemtoon: “Die varke het eg my uit my huis verlei. / Ek het uit myself met die varke gaan wei.”

Gouws beklemtoon in die eerste strofe dat alles wat hulle besit, daaraan is die verlore broer deelgeregtig, alhoewel “alles / is sy verdiende hongerloon”. Die broer wat agtergebly het is uitgesproke (slotreël van strofe 2): “(ék aanbid die goue verskalf van my sekte)”. In strofes 3 en 4 noem hy sy broer se sondes op en dit “is vir my en my vader ‘n kwetsende klap”.

Strofe 5 sluit weer aan by die Paaslam-motief in die gedig “Diere” (73) uit Cloete se bundel **Jukstaposisie** (1982):

- bloed aan die deurpos kleed klaagmuur -  
dit laat die broer boetvaardig vaar

Gouws benut strofes 6 en 7 om, soos by Cloete, aan die verlore seun ‘n universele karakter toe te ken en om ook op die feilbaarheid van die mens te wys:

veroordeel hom tot die vuur  
masjiengeweer gaskamer see put graf  
kyk hoevéél pyn hy kan verduur

slaan goud uit tande uit en bestraf  
met gas witkalk vlam tot vingerkaal veras  
in die vuuroond hou die serafs

wag

Hy borduur voort op hierdie motief in die slotvers waarin die titel “broer die wandelende jood” herhaal word (die gebruik van “wandelende” sou ook gesien kan word as aanduidend op die universeelheid van die gedig):

broer die wandelende jood verdra  
alles die difaqane die genoside die pogrom alles  
alles ter wille van my en my pa

Die gedig “3 uiteraard ken die buffel metafisika” (**troglodiet** 1995, opgeneem in Foster en Viljoen 2009: 576-577) verwys na **Numeri** 23: 22: “God het hulle uit Egipte laat trek, sy krag is vir hulle soos die horings van die buffel” (**Die Bybel Ou Testament** 1984: 174). Die gedig kyk na digterskap en tree terselfdertyd ook in gesprek met D.J. Opperman se “Vuurbees” (**Dolosse** 1963, opgeneem in Opperman 1987: 231-232). In “Vuurbees” word die buffel geken aan sy aardse drifte, terwyl die mens deur die rasonale beleving betekenis aan die buffel gee. Opperman gaan egter verder en skets die prentjie van die mens in wie die buffel hoogty kan vier en tot uiteindelijke selfvernietiging kan lei.

Gouws benader dié werklikheid anders: In teenstelling met ‘n ontkennde openingsreël by Opperman (“Die buffel ken geen metafisika”) begin Gouws se gedig met ‘n eenreëlige strofe:

uiteraard ken die buffel metafisika

Hy gebruik die werklikheidsgegewe van “nuutontdekte grotte naby avignon: / *steeds teen die sandsteenwande wei die bison!*”. Dié kunstenaars het reeds gesterf; dog op die sandsteenwande “leef hul driedimensionele diere steeds in verf”. Die reeds gestorwe kunstenaars se grot “was hul katedraal / om in te skuil; insgelyks skuil ek in taal”.

Vervolgens bou hy ‘n religieuse wending in die gedig in (strofes 6 tot 9):

die vuuros wat hier binne so onrustig blaas,  
is nie die bose nie: ons hoor net ons eie onrus raas,

teken dan die teiken met geloof en griffel.  
ook vir my is God die horings van ‘n buffel.

en begin ons na betekenis en oorsprong soek,  
vind ons dit nie op grotwande of in bladsye van ‘n boek,

maar búite waar buffels soetgras soek, ‘n vers karnuffel.  
buffels bly aan hul Syn getrou: elkeen is God se buffel.

Gouws bely sy geloof in ‘n kragtige God. Die mens kan alleenlik sin vind in God se Skepping wat daagliks rondom hom is; elke wese is getrou aan die aard van sy unieke skepping. In die voorlaaste strofe knoop Gouws die religieuse dan ook aan die skryfhandeling, en in die eenreëlige slotstrofe sluit hy sy gesprek met Opperman af:

*the way animals are drawn is evidence of something sacred*  
sê die speleoloog. ons verse is maar ons manier van bid.

ja, dirk, uiteraard ís die buffel metafisika.

In dieselfde bundel is Gouws met die gedig “onsuiwer wiskunde” (**trogloediet** 1995, opgeneem in Brink 2008: 1076) in gesprek met N.P. van Wyk Louw se “Suiwer wiskunde” (**Nuwe Verse** 1969: 26). In die Van Wyk Louw-gedig word ‘n oomblik in tyd uitgebeeld as stolling; ‘n uitbeelding van ‘n kunswerk, dalk:

Die uurwerk kandel. En die ligbruin by  
hang roerloos voor die blom wat nooit bevrug  
word, nooit sal saadskiet, welk, en nooit verby  
hierdie verstarde uur sal groei

Gouws, daarenteen, werk met progressie:

die uurwerk kandel g’n. die boesmans  
kon jou dit lank terug reeds vertel:  
veel meer kere as wat hul kon tel,  
is al wat vorm is, begoël

Hy gaan verder: die sjamane (*sjamans* in die gedig ter wille van rym) “kén die mistieke rekenwette van verbeelding”; dat Pythagoras en Van Gogh “dieper moes delf” om iets van die werklikheid om hulle te sien. Maar, dit ten spyt, en hier kom ook die religieuse wending:

al is ons empiries presies, bly ons matematies dom.  
hoe héél ons Hom probeer bedink, ons dink te klein

om die verganklike tot die onverweerbare te jel.  
ons besit bloot tydelik deur te benoem en te tel.

Die mens, ten spyte van sy rede, sy intellek, sy menslike prestasies, kan steeds nie 'n begrip vorm van die grootheid en almag van God nie, aldus Gouws.

In sowel **troglodiet** (1995) as **Syspoor** (2002) is daar toespelings op 'n Cloete gedig uit **Idiolek** (1986) te wete "V Gen. 32: 22-31" (75). In dié gedig vra die spreker onder meer hoekom, ten spyte van die mens se begrip

stoei U ons tot 'n krom  
vraagteken gekneus geknyp  
tussen u duim en wysvinger?

Dit verwys uiteraard na die mens in gebed. Die beeld van die mens wat "as vraagteken kniel" sluit aan by afdeling IV in **troglodiet** (Gouws 1995: 68) waar die "digters moet dig in 'n vraagteken gehurk". In dieselfde bundel sluit die gedig "grotargeoloog" (9) aan by die beeld van die digter wat knielend bid "in hierdie geknakte gewydheid op my knieë". Dieselfde beeld kom ook voor in **Syspoor** (2002) en wel in afdeling V "ooglede van die dageraad". Die afdeling bestaan uit 24 gedigte en die eerste "sterfgebed I" en die laaste gedig "sterfgebed II" omarm die ander 22 gedigte en in elkeen van dié twee gedigte is die sterwende op sy knieë in gesprek met God (sien ook La Vita 2003: 31-32).

Verskeie ander gedigte met 'n religieuse tematiek kom voor in **Syspoor**, byvoorbeeld: "3 uitsig op kanaän" (2002, opgeneem in Brink 2008: 1078), met die Bybelse verwysing Deut. 32: 49: "Klim op hierdie gebergte en aanskou die land Kanaän wat Ek aan die kinders van Israel as besitting sal gee" (**Die Bybel Ou Testament** 1984: 225). Die opdrag is aan Moses, wat die Israeliete uit Egipteland uitgelei het, deur baie omswerwinge heen, tot waar hulle nou op die rand van die beloofde land staan. Moses sou egter nooit dié voorreg beleef nie; hy sterf terwyl hy op die berg is.

Gouws verwoord die gedagtegang van Moses:

U het my, Here, lank gevoed op u rare smaak.  
op manna en kwartels het U my versadig maer gemaak;  
my versoen met sprinkaan en wilde heuning as rantsoen.  
my genadebrood, by wyse van spreke, was u toedoen

Moses is nou "waar U my van hier met dowwe oë laat uitkyk / verras van stryk" gebring deur wat hy sien "in die vrugbare vallei onder, intiem beskut binne oewers". Die gedig sluit treffend:

U laat my oë onbeperk streel oor die oes van die seisoen.  
U proe op my tong die inkennige kroon van waatlemoen.

In die gedigte wat hier aan die orde gestel is, slaag Gouws daarin om 'n nuwe perspektief te bring op die gegewe wat hy omdig, en sy religieuse verse is ontdaan van enige leerstelligheid. Tog blyk dit dat die bundel **Syspoor** (2002), wat 'n bundel van inkeer en ootmoet moet wees, eerder 'n fingerwysing word na

ander skrywers (Kannemeyer: 2005: 707). Dit sou dus loon om 'n studie te onderneem om hierdie aantyging wetenskaplik te deurvors, en om ook te kyk na die groei in sy benutting van die religieuse tematiek tot met sy laaste bundel, **Ligloop** (2010).

### 3.3 Samevatting

In hierdie hoofstuk is gekyk na die teenwoordigheid en hantering van die religieuse tematiek by elf digters wat rondom die 1980's gepubliseer het. Die keuse van die digters is eerstens gedoen om so verteenwoordigend as moontlik binne die kanon te wees, maar in die tweede plek het die skrywer se voorkeure 'n deurslaggewende rol gespeel, veral in terme van die invloed van die digters op sy eie digterskap.

Uit hierdie analise het dit geblyk dat die deursnee digter die religieuse tematiek benut om uit 'n bestaande werklikheid nuwe werklikhede as gedigte tot stand te bring. Lina Spies het egter in "Sindroom" afgewyk en 'n huwelik of 'n liefdesverhouding buite dié tussen 'n man en 'n vrou verwerp. Sommige van Snyders, en in 'n mindere mate Titus, se gedigte dra te swaar aan 'n woede wat poëties beter afgerond kon word. Paradoksaal is dit ook die krag van die digterskap.

Verder moet gewys word op die voorkoms van "gesprekke" tussen digters. Uiteraard is al die digters in gesprek met **Die Bybel**, maar in hierdie afdeling is ook gewys op gesprekke tussen Cussons en Van Wyk Louw; tussen Olivier en Van Wyk Louw; tussen Tom Gouws en Van Wyk Louw, Opperman en T.T. Cloete.

In die volgende hoofstuk val die fokus op T.T. Cloete, met verwysing na sy religieuse gedigte en spesifiek sy Job-gedigte.

## HOOFSTUK 4

### Die religieuse tematiek by T. T. Cloete

#### 4.1 Inleiding

Na byna 'n leeftyd as akademikus en “wyse literator” (Pretorius 1990: 102) debuteer T.T. Cloete in 1980 met die bundel **Angelliera**, waarin daar onder meer “'n duidelike religieuse grondtoon” voorkom (Pretorius 1990: 98). Later skryf Pretorius (1998: 332) dat Cloete 'n veelvlakkige mens is, maar dat die “kernpersoon” in Cloete dié is van “Christen gelowige mens wat hom verkyk aan God se skepping en hom verwonder aan die megavoudige wonders wat ingebou is in die fyngoordende heelal”.

Op 'n vraag van Andries Visagie aan Cloete (Visagie 2007: 1-2), na aanleiding van die 2007-bundel **Heilige nuuskierigheid**) of dit sy goedkeuring wegdra dat hy 'n Calvinistiese digter genoem word, antwoord Cloete dat hy, as oortuigde Christen, wel Christelike gedigte skryf, maar dat hy nie 'n Christelike digter is nie. Hy beskou homself wel as “doodsimpel 'n digter”, maar stel nietemin 'n religieuse en spesifiek Christelike perspektief in sy gedigte aan die orde. Hy skryf onder meer in talle gedigte oor die skepping en die ontstaan van lewe op aarde, deurlopend binne die kader van die wetenskaplike perspektief, “maar die hand van God word nie uitgesluit of genegeer nie” (Marais: 2010, 27). Ohlhoff, soos aangehaal deur Marais (2010: 27) stel dit ook dat die digter nie wegstroom van die eksakte wetenskappe nie, “maar hy het die gawe om dit literêr om te skep, te verwerk en uiteindelik ook in 'n veel wyer verband, dié van God se werksaamheid in die skepping, te plaas.” Marais (2010: 27 - 30) haal verskeie gedigte aan wat oor hierdie tema handel.

Hierbenewens maak Cloete ook vrylik gebruik van ontlenings aan teksgedeeltes uit **Die Bybel**, en gereeld word 'n Bybelboek as 'n titel gebruik. Dit beklemtoon sy verhouding met die Skepper. Hambidge (2005b: 10) formuleer dit so: “En boonop is God vir Cloete die grootste digter wat in al die paradoksale en konflikterende groot(s)hede van die natuur, die lewe, uitsonderlike poësie skryf.” Een voorbeeld uit **Driepas** (1989 “God die digter”: 49) bevestig dié siening:

daar is meer poësie in die sneeuwlokkie  
as in die letterkunde en baie meer poësie  
in die miskruier in die toktokkie  
in die meteorologie en entomologie  
in die moremis en in die bergpiek  
die horison wat in die hemel wegraak  
in die rooswolk is daar baie meer liriek  
die aarde is deur 'n digter gemaak.

In aansluiting by 'n vroeëre opmerking dat Cloete homself beskou as “doodsimpel 'n digter”, is dit nodig om te kyk na hoe Cloete in sy gedigte omgaan met die verhouding vorm en inhoud (Snyman noem dit “stof en taal”; Van Wyk Louw sien dit in “groot poësie” as “'n trillende ewewig” - sien 2.2), 'n aspek wat Du Plooy (2010: 4) beskou as “een van die kernaspekte van die poësieteorie”. Per slot van

sake is dit die “samewerkende en medefunksionerende aspekte van vorm en inhoud wat van ‘n gedig maak wat dit is” (Du Plooy 2010: 5).

“Ikonisiteit” dui op die eienskap in poësie dat die gedig se vorm afgestem is op die inhoud en dat vorm ook betekenisdraend is. Du Plooy (2010: 9 - 14) gee ‘n uiteensetting van dié begrip in aanloop tot die ponering van ikonisiteit in die gedigte van T.T Cloete (14 - 28), wie se werk getuig van ‘n digter wat beheersd met die tegniese aspekte omgaan.

In Cloete se gedigte boots die vorm onder meer die betekenis van die gedig na. In byvoorbeeld die gedig “sweef” (**Jukstaposisie** 1982: 47)

snags as van die aarde af uit my oog rondom  
in die hemel in stengels lig waaierend uitstrek  
tot die sterre aan hulle punte toe sit ek  
in die saadkern van ‘n onmeetlike disselblom

word die digter in vier versreëls, wat net uit een sin bestaan, één met die kosmos, en volgens Du Plooy (14) is die “sintaktiese eenheid en samehang ikonies van die holistiese belewenis en samehang van die kosmos”.

Sy toon ook aan hoe Cloete se “lyngedigte” (14) gevisualiseer kan word (14 - 17). Een van haar voorbeelde vewys na die gedig “Jammer” (**Uit die hoek van my oog** 1998: 23). Aan die einde van die gedig, nadat die digter gekla het oor swaarkry, word die “reduksie van die ek-spreker beskryf in al korter wordende reëls” (15) wat dan ook visueel voorgestel kan word: Die strofe beskryf die fetale posisie in woorde wat eintlik ‘n beskrywing is van die geboë liggaam, en die strofe self, as daar ‘n lyn getrek sou word, lyk dan ook soos die geboë liggaam.

Verder dui Du Plooy aan hoe tegniese en ikonies voortreflik is die gedigsiklus “toepassings van dante” (**Idiolek** 1986: 50 e.v.), en hoe die gedigte met die kulturele tradisies van die Westerse beskawing in gesprek tree (17 - 28). In “I Silhoeët van Beatrice” word ‘n vroulike figuur in woorde geteken, maar in die vorm van die gedig kan die buitelyne van die vrou ook waargeneem word, en baie duidelik sigbaar is “die kurwes en rondinge wat met vroulikheid geassosieer word” (19). Die gedig “Il mooi marilyn monroe foto in rooi” handel eweneens oor die vroulike liggaam, maar dié keer spesifiek oor Monroe: “Haar skoonheid word beskryf as ‘n vorm van fisiese intelligensie, haar vorm is so perfek dat dit vergelykbaar is met die werking van ‘n geniale verstand” (22). Die vergelyking van Marilyn Monroe met die bykans heilige Beatrice skyn ‘n teenstrydigheid te wees, totdat dit uit die slot van die gedig blyk dat ook sý ‘n skepping van God is wat haar met sekere fisiese talente toebedeel het. Hoewel “III columbae” handel oor duiwe en nie oor die vroulike liggaam nie, sluit dit by die vorige gedigte aan daar dit ook oor vorm en voorkoms gaan (26), en “dat alle vorme in hulle geskapeheid gelyk is, hulle lyk en is wat hulle behoort te wees” (28).

Dit blyk dus dat, aan die hand van Du Plooy se uiteensetting, Cloete se werk deurspek is met ‘n sinergisme van vorm en inhoud, van intellektuele sake wat tot poëtiese vorm verwerk word - die digter wat “dink en bedink om met verbeelding en vindingrykheid en nuwe idees of perpektiewe op ou idees te vind en te verwoord” (29).

Cloete se digterlike oeuvre bestaan uit nege bundels en een versamelbundel **Die baie ryk ure: 100 uitgesoekte gedigte** (2001). Resensente is dit eens dat sy

laaste twee bundels, **Heilige nuuskierigheid** (2007) en **Onversadig** (2011) gelyk is aan sy bestes – vgl. o.a. Hambidge 2007; Hambidge 2011.

## 4.2 Algemeen

Pretorius (1990: 98-99) toon aan hoe die religieuse tematiek reeds in **Angelliera** (1980) vergestalt word - 'n religieuse tematiek wat volgens Robinson (2010) dwarsdeur sy oeuvre voorkom. In byvoorbeeld die viertal gedigte onder die titel “Vakansiegangers” (I tot IV, 12-16), is die gevolgtrekking dat die mens nie meer die nederige heerser van God se aarde is nie, maar dat hulle die skepping onderwerp aan eie gesag. In “I” is hulle op pad terug ná die vakansie:

Die landskap in die satynsonskyn  
lê gevoelloos die vakansiegangers vlug  
in lang konvoioe na die pyn  
tuis doelgerig en inderhaas terug

Die sagte “satynsonskyn” kontrasteer skerp met die landskap wat “gevoelloos” lê - die vakansiegangers sien dit nie, want hulle is op pad terug na die “pyn tuis”, dit wil sê die daaglikse sleur van werk en instandhouding. Cloete bring hier reeds die konsep van “tuin” in waar die mens tog “doodgelukkig” kan wees:

die reuk van sipres en roosmaryn  
in die tuin maak doodgelukkig.

Die vakansie self word in “II” uitgebeeld en dit word duidelik dat dit egter nie uitgewerk het soos dit beplan is nie: “Mistroostig in die reën / soek hulle, nutteloos van strand tot strand” na die vakansie “op die reklame wat dit so mooi beskryf / het: blou see, wit sand, daglank / warm son”. Dié situasie maak hulle ongelukkig en

Vir die gerieflike verydeling tuis  
maak hulle ontnugter gereed en vertrek.

Die digter betrek in “III” die religieuse met verwysing na 1 Kor. 12, waar veral gewys word op die verskeidenheid van geestelike gawes (4: “Daar is ‘n verskeidenheid van genadegawes; maar dit is dieselfd Gees wat dit gee;” **Die Bybel Nuwe Testament** 1984: 227) en die gegewe dat die mensheid in Christus een liggaam vorm (12: “Net soos die liggaam ‘n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus” **Die Bybel Nuwe Testament** 1984: 227). In die gedig word die genadegawe-gegewe beklemtoon, maar tog anders as in die Bybelse gegewe, want die gawes waarna hier verwys word is, byvoorbeeld, die seegangers, die “versukkeldes” wat “langs die Vaalrivier” lê, en die tuisblyers:

enkele bedeesdes bly sit dwaas gehoed  
in die kerk in die binneland op Kersfees, hou moed  
ons gaan en Christus kom weer  
die ontsnappers word weer ingekeer

Die digter stel daarteenoor die kontra:

soos kruise getrek op die sand

in die hedige salige kaavelsonbrand  
op hierdie geboortedag van die Heiland  
lê en geniet hulle promiskuïteit op oogafstand

bedrywig om hulle te verveel  
is party, ander met put-put speel -  
om hulle miriapodies bot te vier  
is miljoene ledemate wonderbaarlik doenig bestier.

In die slotreël bevestig die digter dat die liggaam, wat uit baie lede bestaan, tog “wonderbaarlik doenig bestier” word.

Deel “IV” is eweneens ‘n gedig met ‘n religieuse tematiek alhoewel daar nie ‘n Bybelse verwysing by is nie: die skeppingsverhaal, veral Genesis 1: 26 (“Toe het God gesê: Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug” **Die Bybel Ou Testament** 1984: 12; kyk ook Psalm 8, veral vers 7a: “U laat hom heers oor die werk van u hande” **Die Bybel Ou Testament** 1984: 578), en Christus in Getsamene (onder meer **Markus** 14: 32 e.v. **Die Bybel Nuwe Testament** 1984: 71). Die digter toon aan hoe die tuine van Eden en Getsemane hulle religieuse waarde verloor:

Ouers vertel

hulle nageslag en hulle nageslag ná hulle in hulle geslagte

vertel hulle kinders al minder en minder van Eden  
in hulle gerieflike huise, hulle villas Wel  
-verdiend en –tevreden

met hulle selfstandig ontwikkelde eie ruim

weelderige parke. Veraf en vaag vergeet  
is ook die latere pyn van die hedendaagse besiens-  
waardige Getsémané.

Met die tipografiese skeiding van “Wel -verdiend” beklemtoon die digter die gegewe dat die mens toenemend op sy eie krag, vaardighede en vermoëns staat maak eerder as om op ‘n “Skepper” te vertrou. Trouens:

In die geparfumeerde sweet

van hul aanskyn verdien hulle so ‘n oorvloed

dat hulle vir die Derde Tuin  
tot die woestyn ontgin en  
allerlei festiewe plekke op elke sandduin

bou

Dit is in dié “Derde Tuin” waar die “eerste mense” wandel as materieel “geseëndes neurieënd in die lig / wat na U terugstraal voort”. Volgens Pretorius (1990: 99) is hierdie woorde “‘n ironiese inversie van die psalmis se voorstelling ‘in die lig wat van U afstraal’”. Dus: Pleks dat die mens die verantwoordelikheid om oor die aarde te heers met verantwoordelikheid en nougesetheid uitvoer, onderwerp, en by implikasie vernietig, hulle die skepping en staan hulle met

genoegdoening en toekyk wat hulle alles kon skep - tot stand kon bring én afskep.

Ook in **Angelliera** (1980) is die gedig “Vraagtekens en uitroepe” (44) wat eksplisiet handel oor gebed en gebedsaanhoring. In **Die Bybel** word uiteraard baie na gebed verwys, en Christus self vra by geleentheid: “My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen wat Ek wil nie, maar soos U wil” (**Mattheus 26: 39b Die Bybel Nuwe Testament 1984: 42**).

In “I” kontrasteer die digter die mens wat hier op aarde “prowelend sag lê en bid” tot ‘n veraf God wat “in sy heelal vir hulle luisterend afwagtend sit / of met nukleone bedrywig werskaf”. As hulle so “meeding om sy oor” stel die digter dit onomwonde:

moet hulle hulle verbaas  
dat Hy hulle hoor  
tussen slapers se snork en die geogeraas.

Feit is, sê die digter in “II”, “Hy kan hulle hoor” ongeag waar hulle hulle bevind. Hy hoor elkeen se gebed

waar hy ywerig veraf lag-lag  
in wentelende gasmassas aan die werk  
is onverstoort.

[Hoewel die digter nie by dié gedig verwys na die boek **Job** nie, is dit tog relevant dat hierdie tema ook kortliks aangesny word in **Job 9: 16** “As ek na Hom sou roep en Hy my sou antwoord, sou ek nie kon glo dat hy my gehoor het nie” (**Die Bybel Ou Testament 1984: 544**).]

In dieselfde bundel besin die gedig “Vertelde tyd verteltyd” (opgeneem in Foster en Viljoen 2009: 236), aan die hand van die twee literêre begrippe verteltyd (die aantal bladsye of ure nodig om die verhaal te vertel) en vertelde tyd (die tydperk van *alle* gebeure in die verhaal), oor die skeppingsverhaal:

Met een verhaal is die onbegonne werk  
van sloerige millennia laat vertel  
in een voltooide week

Die digter noem dan die vele skeppingsdade op, en sluit in;

van son  
en boom en Adam en water  
van Armageddon ensovoorts

Die woord “ensovoorts” dui op nog sulke verwante sake, maar wat dit in hierdie gedig kragtig maak is die plasing daarvan na drie kernwoorde in die skeppingskonteks: *boom* (die boom van alle kennis wat, as die mens daarvan eet, hy sal sterf); *Adam* (en Eva, deur wie se oortredinge die mens in sonde verval het, maar ook die “tweede Adam”, Jesus Christus, deur wie die mens van sy sonde verlos word - sien König 2001:110-111; 176-177); en *Armageddon* (slagveld waar die eindstryd tussen God en die magte van die Bose beslis sal word - sien **Openbaring 16, Die Bybel Nuwe Testament 1984: 339-340**).

Cloete erken dat die oorspronklike skeppingsverhaal soos opgeteken in **Die Bybel** (onder meer in **Genesis** 1:1 tot 2:25, **Die Bybel Ou Testament** 1984: 11-13) gebrekkig gaan aan inligting, en dat dit voortdurend aangevul word, want danksy moderne tegnologie neem kennis hand oor hand toe, en hy sluit die gedig:

Van die dood  
van die dodo en dinosourus, van die neutron  
en proton is eers later  
vertel, van ander nog later, laasteloos later ...

Met die benutting van die *ellips* aan die einde van die gedig bevestig Cloete dat die grootsheid van die Bybelse skeppingsverhaal eintlik dag na dag verder ontvou – die verteltyd is maar ‘n breukdeel van die vertelde tyd, wat steeds aangaan.

Uit die bundel **Jukstaposisie** (1982) is daar ‘n tiental en meer ewe sterk gedigte waarin die religieuse tematiek aan die orde gestel word. Die gedig “Diere” (73) is ‘n goeie voorbeeld:

Here God U het my bekeer  
tot diere hou my  
nou aan U dierlik toegewy  
die hond geheg aan sy Heer

die hanslam hy hoef nie aangekeer  
te word nie hy wei  
agter U aan hy word voorberei  
vir die Paasfees hy laat hom stom skeer

sy blêr is uit ek kan U dra  
as U wil donkiery ter wille van u monogram  
is ek u troetelvissie as U wil slag ‘n gusram  
en ‘n vark om in die see in te jaag as die duiwel pla

Die spreker is “bekeer tot diere” en is nou “aan U dierlik toegewy” soos ‘n hond wat geheg is aan sy baas - ‘n besondere beelding van die verhouding tussen ‘n mens en sy hond. Hier word verder ‘n verskeidenheid Bybelse beelde rondom Christus in een gedig saamgetrek waarin die digter sy bereidheid tot diens in Sy Naam uitbeeld. Let op die lam-beeld: die instelling van die paasfees van die Here waar elke gesin ‘n lam moes kry wat op ‘n gegewe dag geslag moes word om dan die bloed aan die deurkossyne van die huis te smeer. Dusdoende word die Israeliete beskerm teen die uitwissing van die eerstelinge van die Egiptenare op dieselfde aand as wat die lam geslag is (**Eksodus 12 Die Bybel Ou Testament** 1984: 78 - 80). Hierdie Ou-Testamentiese Paasoffer gaan in die Nuwe Testament oor na die Seun wat as offer vir die mensdom gebring word - die Lam van God (**Johannes** 1: 29 -34 **Die Bybel Nuwe Testament** 1984: 123).

Kyk ook na die donkie-beeld: Hiermee word Christus se nederigheid beklemtoon deurdat hy op ‘n donkie in Jerusalem inry (“Kyk, jou Koning kom na jou toe: Hy is nederig en Hy ry op ‘n donkie”, soos opgeteken in **Mattheus** 21: 5b, **Die Bybel Nuwe Testament** 1984: 33); die beeld van die vis (die moderne monogram as verteenwoordigend van Christus, maar terselfdertyd ook die beeld van die vermeerdering van die brood en die visse (**Markus** 6: 35-44 en 8: 1- 10 **Die Bybel Nuwe Testament** 1984: 57 en 59); en ook die uitdrying van die duiwels

uit die besetene van Gerasa wat in die varke ingevaar het en toe die see ingehardloop en versuip het (**Markus 5: 1-20, Die Bybel Nuwe Testament 1984: 54-5**).

Die digter *word* dus 'n verskeidenheid van "personifikasies" om te illustreer hoe hy sy Heiland sal dien - dit bly egter 'n baie persoonlike belydenis en, net soos by I. L. de Villiers, is hier nie 'n poging om die "boodskap van verlossing" aan ander te probeer "verkoop" nie.

Ook in **Jukstaposisie** (1982) is daar drie opeenvolgende gedigte waarin die religieuse tematiek benut word en wat verwys na bepaalde boeke in die Ou Testament: "Job" (32), "Prediker" (33) en "Psalm" (34) (die gedig "Job" word in 4.3.2 bespreek). Dit is noodsaaklik om die essensie van die laasgenoemde twee Bybelboeke eers aan die orde te stel. Die Prediker is op soek na antwoorde op die "diepste lewensvrae, ook dié waarop die menslike wysheid nie 'n antwoord het nie". Die Prediker kom tot die gevolgtrekking dat die mens moet doen wat daar te doen is "en die lewe as 'n gawe van God moet geniet in verantwoordelikheid teenoor Hom" (**Die Bybel Ou Testament 1984: 700**). Die Psalmboek is 'n versameling liedere "wat oor 'n lang tydperk ontstaan het en gebruik is in die godsdienst van Israel" en wat onder meer "lof-, klaag- en dankliedere" insluit (**Die Bybel Ou Testament 1984: 575**). Psalm 127, ter sprake in die gedig, is 'n lied van Salomo.

Al drie hierdie gedigte is verdigtings van 'n Bybelse gegewe. Hierdie gegewe word nooit gestel as 'n verabsoluttering van die Bybelse nie maar bloot as 'n beleving deur 'n Christen.

Die voorlaaste perikoopopskrif in **Prediker** lui: "Dink aan jou Skepper", en die grootste gedeelte van Prediker 12 is onder dié opskrif en behandel die opgaaf "Dink aan jou Skepper in jou jong dae voor die swaar dae kom, die jare sal aanbreek waarvan jy sal sê: 'Ek het daar niks aan nie'" (**Die Bybel Ou Testament 1984: 709**). Die teks gaan dan verder en beskryf die agteruitgang van die mens tot hy uiteindelik sterf: "die tyd wanneer die mens na sy ewige woning gaan wanneer die stof na die aarde toe terugkeer soos dit was" en sy naasbestandes oor hom treur. Die Prediker sluit die perikoop só af: "Alles kom tot niks, sê die Prediker, tot niks".

Cloete benut hierdie gegewe van oud word in 'n eietydse idioom in die gedig "Prediker" (33):

dat die deure en vensters na die straat gesluit  
word sodat die geruis  
van die motors verswak en ek ophou luister  
in my leë huis,

en verder:

en ek getrapte sprinkaan  
my dungevelde gekraakte gebeente met verdriet  
en moeite voortsleep my lus reeds vergaan

en ek nou al met wrewel aan my draers  
dink wat my teen my sin help gaan  
na 'n ander skrikwekkende huis

Tot hiertoe 'n besondere interpretasie deur die digter: die mens word oud en sterf (uiteraard teen sy wil), maar dan die, selfs Christelike onsekerheid, van 'n vertrek "na 'n ander skrikwekkende huis".

Die slot van hierdie gedig bevestig die Prediker se alles-kom-tot-niks-siening, maar verleen aan die gebeure 'n baie dieper dimensie deur ook die tydperk van **Die Openbaring** se laaste oordeel aan te sny (**Die Bybel Nuwe Testament** 1984: 344):

'n stoet wat agter my aan  
loop vol geliefde rouklaers

en vryblywende misbaarmakers ek sien iets skeefs  
kantel ek hoor 'n aardbewing in 'n wal  
kraak ek hoor hoe val  
'n kruik 'n kan 'n wiel álmal  
apokalipties agter my aan in 'n put skreeuend tevergeefs  
tevergeefs

Die gedig "Psalm" (34) handel oor Psalm 127 met as motto: "As die Here die huis nie bou nie", en vanuit die eerste versreëls tree die gedig in gesprek met die gedig "Prediker":

As die Here die huis nie maak  
nie tevergeefs werk die wat daaraan bou  
As hy die erf en die dorp nie bewaak  
nie waak die honde en die polisie wat wag hou

tevergeefs dat jy ure aaneen werk

Soos by die Prediker is die Psalmdigter te bewus van die nietigheid van die mens, want as "Hy iets vir jou nie wil nie / maak jou wakkerbly of gaan slaap geen verskil nie". Tog, die slotreëls bevestig dat, as die mens se verhouding met Hom reg is en Hy jou welgevallig vind, iets van die "tevergeefsheid" vervaag:

As Hy 'n mens se huis bemin  
gee Hy jou Sy sin

Nog 'n tema wat sterk teenwoordig is in Cloete se oeuvre is wat Pretorius (1984: 99) noem die "lyflike" - "die eksplikatiewe wyse waarop Cloete eerlik en openhartig die 'volle vlesige lewe' verken". In "Psalm" word dit treffend geartikuleer:

Maar kyk kinders word uitgedeel  
aan hulle deur die Here  
as die man en vrou speel  
sy opdrag aan Adam ter ere

Cloete voer die religieuse tematiek verder in **Allotroop** (1985). In "I uitvraoep" (34) beskryf hy die grootsheid van God en wonder dan:

u moet tog ook weet  
van my en met my rekening hou  
u's tog ook op my bedag

In “kunstenaar” (38) word God voorgestel as die beeldhouer:

Hy kap my boom met sy byl  
Hy gee aan my hout styl  
met beitel en skreinende vyl

Hy die afranselende kunstenaar  
Hy bly self onsigbaar  
agter die stroop van die bas en die blaar

Die gedig “Fragment” (32-33), met as motto “van die storie van die verlore seun” (sien ook 3.2.11), maak gebruik van die gegewe rondom die gelykenis van die verlore seun soos opgeteken in **Lukas 15: 11-32 (Die Bybel Nuwe Testament 1984: 105)**. Die doel met ‘n Bybelse gelykenis is onder meer om diesulkes wat nog nie die geheim van die koninkryk van God verstaan nie te lei om dalk te begryp en tot bekering te kom (sien **Mattheus 13: 34-5 Die Bybel Nuwe Testament 1984: 22**; **Markus 4: 10-2 Die Bybel Nuwe Testament 1984: 53**). In hierdie teksgedeeltes word dan ook teruggegryp na Ou-Testamentiese tekste om die gebruik van gelykenisse te regverdig: “Ek sal gelykenisse gebruik as Ek praat; Ek sal bekend maak wat geheim gebly het van die skepping af” (22); “bly alles net by gelykenisse, sodat hulle kyk en kyk en tog nie sien nie, en hoor en hoor en tog nie verstaan nie, dat hulle hulle nie miskien bekeer en vergewe word nie” (53).

Die gedig open met vier versreëls in strofe een wat die outentiekheid van die gelykenis bevestig:

Dis die dwaas wat die storie vir ‘n leuen  
aansien. Dit is hier die ware verhaal  
van die oorbekende varkverlore seun.  
Hy kom in al sy ellende uiteindelik terug.

Cloete gee egter aan die verlore seun universele betekenis in die volgende woorde, steeds strofe een: “Hy kom nooit finaal / terug nie. Hy gaan en kom nie net een maal / nie”. In die tweede strofe, en die daaropvolgende “voorlopige parentese” beklemtoon die digter die feilbaarheid van menswees: “Die varke het eg my uit my huis verlei. / Ek het uit myself met die varke gaan wei.” En in die “parentese”: “daar is egter ook die verlore vader / wat nog leef en sy weduwee en wese”.

In die derde strofe het hy “voor God wat wil luister ‘n pleidooi.”: hy is per slot van sake eg mens en “het ‘n lewe lank U goed en mooi / beleef soos sê die wonder van die liriek”. Hy sluit die strofe met: “U was by al wat mooi is vir my ingesluit.” Die “oerstories” kry in strofe vier telkens ‘n “afwykende slot”; en

dié wat tuis by hulle wysheid bly  
met minder of meer vaderliefde en verstand  
staan wat die storie betref veilig eenkant.  
Dis dwaas dat hulle hulle broer so beny.  
Die kalfsvleis steek soos ‘n peul in my keel.  
Dalk kry my soet broer nog my volle deel.  
Voorlopig bly my storie se slot vakant.

Verskeie gedigte in **Idiolek** (1986) hanteer die religieuse tematiek en dis veral die gedig “V Gen. 32:22-31” (75) uit die afdeling “perifrase” wat sterk na vore kom

(sien ook 3.2.11). Die dig begin met 'n verwysing na die gegewe dat die mens, al kyk hy in 'n raaisel, tog begryp waarom dit in sy verhouding met God gaan en dat God dit weet. Dan volg die vraag:

Hoekom  
stoei U ons tot 'n krom  
vraagteken gekneus geknyp  
tussen u duim en wysvinger?

Dus: Die mens is voortdurend op sy knieë en in gebed tot God ten spyte van sy goeie verhouding met Hom. Vervolgens behandel Cloete die moment by die Jabbok-drif waartydens Jakob vir God ontmoet, en wel in 'n stoeigeveg. Cloete neem ook uit hierdie vertelling (**Genesis** 32: 32) 'n onbeduidende stukkie inligting wat hy dan op unieke wyse verwerk: "en daarom eet die Israeliete tot nou toe nie die senuwee wat aan die heup vaskom nie, want die man het vir Jakob teen sy heup geslaan, op die heupsenuwee." (**Die Bybel Ou Testament** 1984: 45):

Dis bewys  
ons gaan met u ten gronde been en vleis  
in wedersydse verstaan buig U ons by die jabbok  
se oewer, ons en U eensaam.  
Ons begryp eintlik deur ons liggaam  
gesplyt soos 'n stok  
in twee  
stukke sien ons U skerp met die senuwee.

Die gedig "woestyne" (95) dra eweneens die religieuse tematiek. Ten spyte daarvan dat daar geen Bybelse verwysing is nie, speel dit in op **Psalms** 8. In verse 2a en 10 word jubelend uitgeroep: "Here, ons Here, hoe wonderbaar is u naam oor die hele aarde". In vers 3a staan daar: "Kinders en suigeling bensing die magtige werk wat U tot stand gebring het." Indirek dus word die wysheid van die Skepper bensing. Die gedig open so: "Syne / is die wysheid van woestyne", en vervolgens word gekyk na 'n verskeidenheid plante en voëls wat in die dorre woestyn oorleef. Treffend is "die dorstige plant gaan liefderyk teenaan / die klip met die vogtige maag staan". Dis weer in die slot, soos telkens by Cloete, waar die gedig *poësie* word:

dit is wysheid  
sonder oumansbaard en stywe grysheid

Die religieuse tematiek word ook in **Driepas** (1989) verder gevoer met die treffende "God die digter" (soos reeds aangehaal in 4.1 hier bo) as 'n goeie voorbeeld. Nog 'n gedig waarin Cloete die grootsheid van sy God bensing, is "Onderhoud" (p. 85) wat in die afdeling *Vreemde meriete* voorkom. Die gedig begin met 'n verwysing na die menslike ellende:

Groot dele van die aarde met sy stede  
lê in woestyne ellende uitgestrek  
en prut in gebede -  
droë land, agterbuurt, krot

Daarteenoor stel hy insekte:

vir die geringste insek  
sorg God

intussen: die by vlieg perfek  
toegerus, sy kop meet  
met 'n polarisasie- en chronometer, hy dans  
'n volmaakte roetedans  
sy rekenaar reken die afstand raak

Oor die miskruier skryf Cloete: “die wamaker weet / volmaak / hoe om van 'n misbol / 'n primitiewe wiel / volgens God se model te rol”. Hy staan dus in vervoering oor die vaardighede wat die by en die miskruier, as voorbeelde uit die diereryk, openbaar. Hierdie verwondering kom tot openbaring in 'n treffende slot, wat verder dien as bevestiging van Cloete se eie belewing van sy afhanklikheid aan God:

God is oor die sorgsame besonderheid besonder  
begaan  
God is die God van die wonder.

In die bundel **Met die aarde praat** (1992) verskyn die gedig “In die klein gemeentes” (opgeneem in Brink 2008: 861-862). In dié gedig kontrasteer Cloete mens en God. Die gedig begin met 'n verwysing na die mens wat boek hou van die foute van die medemens. Die beeld word verder ontwikkel:

ons hou rekening van en ons reken af met  
mekaar in die klein gemeentes voor die diens,  
met ons ledemate se foute voor Gods wet,

Baie van die foute wat so opgeteken word, berus op “van gehoresegge en ongehoord / en vermoed”:

ons kam mekaar uit  
soos primate met die skerp nael mekaar  
uitkam tot diep in die huid,  
tot in die wortel van die haar.

So is die mens dan, maar God is anders, want “Hý / is vol genoegdoening as die sondiges iets weer regkry” en

God vergeet. God  
vergeet tot uitgediende hoerery, diefstal, tot  
uitgediende moord.

In die slotstrofe word hierdie teenstrydighede saamgetrek om die gedig tot eenheid te bind:

Maar óns, ons geheue is sterk  
wat oortredings betref, ons is sensitief vir boos  
en heilig, ons hou die sonde lewend binne-in die kerk,  
tot die vierde geslag. En God? Gods liefde is geheueloos.

## 4.3 Die Job-gedigte

### 4.3.1 Inleiding

Cloete maak in sy werk vrylik gebruik van Bybelse gegewens. Hy interpreteer Ou-Testamentiese gegewens, soos byvoorbeeld verwysings na **Prediker**, die **Psalms** en **Job**. Cloete dig veral oor die figuur Job. Hierdie betrokkenheid by Job, net soos met die religieuse tematiek, vind 'n mens bykans dwarsdeur sy oeuure. In die gedig "III Kunstenaars" (**Allotroop** 1985: 133), wat voorkom in die afdeling *Transisie*, stel hy Job dan ook gelyk aan verskeie kunstenaars wat almal terselfdertyd deur hul skeppings meehelp om God aan die mensdom te help openbaar (al lag Hy "nie openbarend hardop nie"); ons tref Hom "hier en daar" in al hierdie menslike skeppings aan en dan volg die treffende slotfrase "meestal glad nie":

Party is toegelaat om dieper  
af te luister, dieper te kyk en te sien,  
dieper te tas, Sophokles die Griek,  
Job die Jood en Dawid in 'n klein uithoekie  
van 'n afgeleë streek, Dante wat slegs drie  
vlakke van 'n oneindige aantal verdiepings  
mog loop, Michelangelo, Rembrandt, ander genieë,  
Milton; in 'n roman, in 'n gedig, 'n tragedie  
of klug - Hy lag nie openbarend hardop nie -.  
Fragmentaries in keramiekskerwe tref ons Hom hier  
en daar, in 'n haikoe, in 'n vers, 'n sonate of lied,  
groter en kleiner beelde, stukkies fresko, stukkie  
vir stukkie, in 'n mosaïek; meestal glad nie.

Hierdie is nie 'n teologiese opstel nie en daarom is die vraag "Was daar regtig iemand soos Job, of moet ons die boek **Job** as 'n novelle oor 'menswees voor God' lees?" (Gaum, 2010: IV) nie relevant nie. Om enigsins oor hierdie vrae te wroeg is om die storie, die vertelling, van God deur Sy woord mis te verstaan; dis geensins duidelik of klaarblyklik dat die vertelling in Job verwys na gebeure wat werklik plaasgevind het nie (Gaum 2010; sien ook König 2001: 208-209). Die argumentering rondom die vraag na die boek **Job** staan egter nie in die pad van Cloete as "oortuigde Christen" (sien 4.1) om Job se gegewe in sy poësie en in sy lewe toe te pas nie - die essensie soos dit deur Cloete vertolk word is die boodskap wat God aan alle mense van alle tye wil gee.

Die boek **Job** handel oor 'n vrome en opregte mens "wat tot die uiterste beproef word" en wie se vriende, vanuit hulle tradisionele siening oor straf en sonde, probeer om hom te oortuig dat "lyding is die straf op sonde". Job is uitermatig beledig hieroor omdat, na sy oordeel, hy hierdie straf nie verdien nie en eis van God om reg aan hom te doen. God verduidelik aan Job Sy Almag, "en Job kom tot rus". God gaan verder en spreek Job se vriende ernstig aan oor hulle wanbegrip en die skade wat hulle Job aangedoen het. Nadat Job tot berusting kom, word hy weer voorspoedig (**Die Bybel Ou Testament** 1984: 537).

Vir die Job-gedigte word die leser verwys na die Addendum.



vernietig” - die mens is eintlik niks nie, is sy gevolgtrekking (**Die Bybel Ou Testament** 1984: 540).

In die slot van die gedig bring die digter weer **Job** 26 aan die orde:

Ek moet ophou luister na Job  
se gefluister Job hou op hou op

Die spreker staan hier verstom oor die grootsheid van God soos Job dit in 26: 5-13 stel. As Job dan in die reeds aangehaalde gedeelte afsluit: “Dit is maar net die begin van sy daad, ons hoor net die gefluister van sy woorde. Maar die volle krag van sy daad, wie kan dit verstaan?” wil die spreker niks meer hoor nie omdat die omvang van God se grootsheid vir hom te veel is. Hy wil dus net stil word en sy afhanklikheid aan hierdie Grootheid bely.

In dieselfde bundel (**Jukstaposisie** 1982) verskyn “Van Hom en my” (109) met ‘n verwysing na **Job** 9. Die titel gee ‘n aanduiding dat dit in dié gedig suiwer gaan om God en die digter: die voorsetsel “van” is ‘n aanduiding dat die een behoort by die ander; meer nog: die Een is die bron van die ander (Odendal 2005: 1248).

In **Job** 8 is dit Bildad wat in gesprek is met Job en hom die versekering gee dat God nie die reg sal verdraai nie, dat God hom weer in sy sorg sal neem en in sy behoeftes sal voorsien (**Die Bybel Ou Testament** 1984: 543). Job antwoord dan: “Ek weet dit is soos jy sê”, waarna hy eers die grootsheid van die wysheid en krag van God besing, maar dan ook weer sy eie vertwyfeling uitspreek; sy onvermoë om teenoor God te staan (**Die Bybel Ou Testament** 1984: 544-545).

Cloete benut die omvangryke stel gegewens in **Job** 9 om sy en God se verhouding uit te stippel. In die eerste twee verse omdig hy die gegewens oor God se grootsheid wat in **Job** 9:5-10 voorkom (5a: “Hy verskuif berge sonder dat hulle dit agterkom”; 7a: “Hy gee opdrag aan die son en dit kom nie op nie”; 8-10: “Hy het die hemel soos ‘n tent gespan, Hy alleen, en hy hou die golwe van die see in bedwang. Hy het die Beer en die Orion gemaak; die Sewester en die sterrebeelde in die Suide. Wat Hy doen, is groot en ondeurgrondelik, wonder op wonder.”):

Hy wat die hemel uitstrek  
en sonne agter sonne verberg  
in groot ooptes  
wat die aarde verdwerg

met sy opwindende voete  
sewe seë beroer  
en berge en in die Kamers  
van die Suide inloer

Die gedig begin met “Hy wat” en dit laat die digter toe om die grootsheid van sy Skepper te besing. Die gebruik van personifikasie aan die begin van vers 2 laat begrip ontstaan vir die persoonlike verhouding van die digter met God (met sy opwindende voete / sewe seë beroer). Die gedeelte “en in die Kamers / van die Suide inloer” gryp straks vooruit na die profeet Esegïel (**Esegïel** 42, **Die Bybel Ou Testament** 1984: 908-909) se visioen van die nuwe tempel en die herstelde samelewing waarin God onder sy mense sal woon. Hiermee verbind Cloete die Ou-Testamentiese gegewe met die Nuwe Testamentiese gegewe van verlossing deur die Christus.

Indien Cloete in dié gedig van leestekens gebruik sou gemaak het, sou hy die tweede vers met 'n kommapunt kon afsluit om die "Hy wat" tot 'n einde te bring om in vers 3 oor te gaan na die het-gedeelte van die gedig: "Hy wat al die bogenoemde en meer doen, het ook iets besonders geskep":

het hemel en aarde denkende  
aan my geboog  
gemaak wat kleurig  
voeg in my omvattende verreikende oog

Hy het 'n groot jubel  
gemaak wat hom van die grond  
tot in die koepel skik in  
die klein resonante holte van my mond

Die spreker sê in die twee verse dat God met trots (die deftige en weinig gebruikte werkwoord "boog" beteken: "Hom beroem, trots wees, spog" - WAT 1970: 485) en met hom, die digter, in gedagte, die kleurvolle sieraad wat ons as "hemel en aarde" ken, gemaak het sodat hy as mens die vreugde van die skoonheid van hierdie skepping kan geniet ("wat kleurig / voeg in my omvattende verreikende oog"). In die slotvers noem hy dat God ook aan hom die vermoë gegee het om te jubel oor dié skoonheid; as skepsel Gods jubel hy oor God en Sy skepping en oor sy eie gesitueerdheid binne hierdie wonderlike gegewe.

'n Mens kan nie anders nie as om hier bewus te word van die wonderlike verhouding God en digter, sonder om hoegenaamd in sy poësie eksplisiet didakties en pedanties te probeer wees.

Hierdie verhouding word in 'n gedig in 'n opvolgbundel herbevestig waar die digter in die plek van Job funksioneer. Met die speelse titel "job die tweede" in **Allotroop** (1985: 47), plaas die digter sy lewe in die plek van Job. Die skyn word gewek van 'n spelerige vers, veral in die eerste drie versreëls met "speel" baie prominent aan die einde van die eerste versreël, die gebruik van die kleinletter "u" en die sagte en strelende rymklanke:

u laat my speel  
met u en deel  
u wonders mee

Hier is 'n ontspanne verhouding aan die orde. 'n Mens kry 'n gevoel van behaaglikheid, van vreedsame geluk: ons speel lekker saam en die spreker hoor van al die wonderlike goed wat die "u" doen. Versreël vier met sy "maar" lei egter 'n wending in:

maar u liefde het twee  
kante kan afknou  
of in liefde vashou  
en moet my op my plek  
sit as ek  
my laat begaan  
te na aan u u slaan  
my as ek hardekwas  
teenoor u was  
hok

Met hierdie wending staan die leser midde-in die Job-problematiek - die vrome Job wat aansien het in die oë van God en met wie dit voorspoedig gaan, om dan beproef te word deur groot pyn en hartseer, en, soos Job se vriende geglo het, sy lyding is straf op die sonde (afknou / en moet my op my plek / sit / u slaan / my as ek hardekwas / teenoor u was / hok). Uiteindelik, tog, word Job se woorde bevestig dat hy nie hierdie lyding verdien nie as dit mettertyd weer voorspoedig met hom gaan.

Die digter haal uit hierdie gegewe 'n besondere bewuswees van sy verhouding met God: hy is hier op aarde en as onvoltooide en wordende mens groei hy van dag tot dag tot die beeld wat God aan hom voorhou. Hierdie boetsering beslaan bykans die helfte van die gedig en word bevestig met die twee kostelike slotreëls:

mý gaan u rateltaai  
nog om u pinkie pynlik draai

In die vierde bundel van die Cloete-oeuvre, **Idiolek** (1986), verskyn daar verskeie Job-verse. Die meeste van die gedigte is direkte verwysings na passasies uit **Job**, terwyl een ook, saam met die Job-verwysing, na 'n ander Bybelboek verwys. Dit is tersaaklik om te kyk na die verband tussen enersyds die bundeltitel en die inhoud van die gedigte en andersyds die plasing van gedigte in die konteks van 'n bepaalde afdeling met 'n selfstandige benaming. Eenvoudig gestel beteken "idiolek" die unieke taalgebruik van elke individu (Odendal 2005: 437). Die stem wat die leser hoor is dus die Cloete-stem. Verskil hierdie stem dan van die stem in die ander bundels? Is hier dalk 'n wending in die toonaard van die gedigte?

Inderdaad nie, maar as 'n mens kyk na die plasing van die gedigte in verskeie afdelings in die bundel word die benutting van die Cloete-idiolek duidelik. Uit die afdeling *transkripsie* (waar "transkripsie" beteken: weergewing van tekens of letters uit een stelsel in dié van 'n ander - Odendal 2005: 1197), kom daar vier Job-gedigte voor en telkens is die titel van die gedig die toepaslike teksgedeelte. In die eerste gedig, "II Ps. 24:1; Job 7: 19, 20", benut Cloete twee van die Ou Testament se grondwaarhede: Die Here is die magtige koning en daarteenoor: Wat is die mens? (**Die Bybel Ou Testament** 1984: 587 en 543). Die Psalmdigter stel dit onomwonde dat die aarde en alles wat daarop is aan die Here behoort. Job vra vir God of Hy nie net 'n rukkie van hom af wil wegkyk nie sodat hy kan asem skep. Hy weet hy's 'n las vir God en wil weet waarom God hom altyd moet oppas.

Cloete benut hierdie gegewe en hy gee dié stel tekens weer in 'n ander stel tekens wat kenmerkend is van sy unieke en individuele taalgebruik. (Hierdie tegniek het hy ook al in gedigte in ander bundels ewe goed toegepas.) Die gedig begin met die Psalmverwysing ("alles behoort aan die Here"), en dan volg die Job-gedeelte. Anders as die klaende en verwyttende en by tye selfregverdigende Job, is die spreker besig om die wonderlike liefde van sy Skepper te bely:

alles behoort aan die Here liefderyk  
is Hy met my behep  
omdat ek vir Hom 'n las  
is moet Hy my gedurig oppas  
Hy is liefderyk  
met my behep  
omdat ek sondig

is wil Hy met my iets uitrig

Die herhalende gedagte dat “God liefderyk met hom behep is” het ‘n dubbele funksie. In die eerste plek word die ouer vorm “liefderyk” gebruik bo “liefderik” en daarmee bevestig die digter die rykheid van die liefde wat God vir hom het. In die tweede plek gebruik die digter die woord “behep” pleks van te sê dat God “besig is” met hom. Behep dra ‘n geladenheid: God is as’t ware “gepla” met hom; hy is gedurig aan die werk met hom. Die rede: God gee om, is so vol liefde vir hom, en hy wat ‘n las is moet gedurig na gekyk word. En omdat hy sondig is wil God iets met sy lewe uitrig.

Die twee slotreëls bevestig die spreker se bewuswees van die situasie, maar dit laat hom, juis in die lig van God se grootsheid en God se alomteenwoordigheid in sy nietige aardse bestaan, benouend:

as Hy net ‘n oomblik wil wegkyk  
en my laat asem skep

In hierdie gedig bevestig Cloete weer sy Christenskap, maar beklemtoon eweneens sy menslikheid. Hy is bewus van die inwerk van ‘n Ewige in sy lewe, maar terselfdertyd is daar ook by hom die menslike kommer: Wat is die mens? Is hy nie dalk net té min in die oë van sy Skepper nie?

Een van Job se drie vriende wat van ver gekom het om met hom oor sy toestand te praat, Elifas, spreek hom in **Job** 4: 1-11 aan onder die opskrif: “Wie het onskuldig te gronde gegaan?” (**Die Bybel Ou Testament** 1984: 540). Hy wys Job op sy goeie lewe tot voor al sy beproewinge begin het, en meen dat die regverdige nooit uitgewis word nie. Hy sluit die gedeelte af en sê dat diegene wat onreg plant, dit ook oes. En dan verse 10 tot 11: “Hulle is soos leeus, maar hoe ‘n leeu ook al brul of grom, as sy tande uitgebreek word, gaan selfs die sterkste leeu dood van die honger en kom sy kleintjies om”. Die tweede Job-gedig uit die afdeling *transkripsie* staan onder die titel “III Job 4: 10, 11”:

die leeu se tande word uitgebreek  
sy pote en naels laat hom in die steek  
sy kleintjies kom om  
en raak verstrooi

Hier omdig Cloete ‘n Job-gegewe om die reddeloosheid van die onregverdige in die konteks van God se grootsheid te bevestig - hy en sy nageslag is nie in staat om God te troef nie, want sy sterkpunte (tande word uitgebreek / sy pote en naels laat hom in die steek) is uitgewis. Andermaal is dit Cloete se treffende slot wat God se almag bevestig:

tussen troppe prooi  
tandvleis God sy grom

God is die Ewige heerser en dit word bevestig deur gebruik te maak van die sterk beeld: “tandvleis God sy grom”.

Cloete transkribeer die Job-gegewe verder in nog twee gedigte in dié afdeling, te wete “IV Job 13:28; 14:7 e.v.” en “V Job 5:23; 6:6”. In **Job** 13 (**Die Bybel Ou Testament** 1984: 548) gaan dit onder meer oor die feit dat God sy elke voetstap dophou en hom merk, waar hy ook al gaan. Dan volg vers 28: “En dit ‘n mens wat vergaan soos iets wat verrot, soos ‘n stuk klere wat deur motte gevreet word.”

Daarteenoor, sê Job in hoofstuk 14 vanaf vers 7 (**Die Bybel Ou Testament** 1984: 548-549), is 'n boom anders: "al is dit afgekap, kan dit weer uitloop, en sy lote sal aanhou groei". Cloete se transkripsie lyk so:

vir 'n afgekapte boom is daar nog hoop  
die grond waarin dit staan  
kan weer tot hout en blaar uitloop  
maar dit 'n mens wat vergaan  
'n iets wat langsaam verrot  
sy vel 'n stuk klere aan  
sy liggaam gevreet deur 'n mot

Hier bevestig Cloete die nietigheid van die mens teenoor die natuur, met die boom as beeld. Dis asof die boom weer uit die stof ("die grond waarin dit staan") herrys, ten spyte daarvan dat, soos dit in **Job** 14 vers 8b gestel word, "al gaan sy stam dood in die grond". Cloete bou die wending in hierdie kort gedig in aan die begin van die vierde versreël (wat ook die middelste reël van die gedig is) met die woorde "maar dit". Om sy bewustheid van die nietige mens te beklemtoon, staan die woorde "maar dit" los van die res van die versreël by wyse van 'n tipografiese wit ruimte, en in die daaropvolgende reël word na die mens as "'n iets" verwys, en sy vel is soos klere wat deur motte gevreet word.

In hierdie gedig, soos ook al voorheen gedoen waar meer as een teksgedeelte gebruik word, word die gegewe vermeng om 'n heg-gestruktureerde gedig daar te stel.

Die Job-gegewe in 5:23 en 6:6 (**Die Bybel Ou Testament** 1984: 541-2) word anders aangebied in die gedig "V Job 5:23; 6:6". In **Job** 5 is Elifas weer aan die woord en sê hy dat Job hom tot God behoort te wend, want "God maak gesond". God sal hom beskerm, en in vers 23 sê Elifas: "Van die klippe in die veld sal jy geen las hê nie, en vir die wilde diere hoef jy nie bang te wees nie". In hoofstuk 6 is dit 'n radelose Job wat sy ongelukkigheid oor die ellendes in sy lewe uitspreek. In 6:6 is sy verweer dan: "Eet 'n mens smaaklose kos, kos sonder sout? Het die wit van 'n eier enige smaak?".

Dié gegewe word soos volg aangebied:

U moet dit van my ontgeld  
maar het U las  
van die klippe in die veld

maak hulle onskuld saak  
vir U het die vlekkelose  
wit van 'n vars eier vir U smaak

Cloete benut hierdie gegewe (Job se woorde en die van Elifas) en die deurlopende tema dat hy, wat Job is, beproef word, op 'n unieke manier: God word hier die aangesprokene. Job, die sondige mens vir wie God voortdurend moet temper, moet dophou, wat hom moet merk waar hy ook al gaan, is eintlik 'n las. Al is God erg oor hom, is hy die las. Boonop het God nie "las / van die klippe in die veld nie". Job, wat deurentyd sy eie onskuld beklemtoon ten spyte van sy vriende wat beweer hy word gestraf oor sy sondes, vra dan ook: "maak hulle onskuld saak / vir U". Op sublieme wyse bevestig Cloete hier die grondgegewe van sy eie geloof: God gee om vir die sondige mens. Die vraag waarmee die gedig sluit is daarom glad nie vreemd nie - inteendeel, dit is voor die hand

liggend: “het die vlekkelose / wit van ‘n vars eier vir U smaak”. Eerstens moet gewys word op die benutting van “vlekkelose wit” wat enersyds sinspeel op die vergifnis van sondes van die wat hulle sondes bely (die skoongewastes), en andersyds as ‘n heenwysing dien na die verlossing deur Christus aan die kruis. Tweedens: In Christelike tradisie is die eier simbool van die dood en opstanding van Jesus. Derdens moet die rol van sout in ‘n letterlike sin gesien word om geur aan kos te gee, maar ook in ‘n figuurlike sin waar Job as vrome en opregte mens as die “sout van die aarde” beskou kan word.

Uit die afdeling *perifrase* (wat beteken “omskrywing” - Odendal 2005: 859) kom een Job-gedig: “IV Job 26:14”. Die opskrif van die perikoop waarin Job 26:14 voorkom, is “Wie verstaan die dade van God?”, en in vers 14 sê Job: “Dit is maar die begin van sy dade, ons hoor net die gefluister van sy woorde. Maar die volle krag van sy dade, wie kan dit verstaan?” (**Die Bybel Ou Testament** 1984: 558-559). Vervolgens Cloete se omskrywing van dié Job-gegewe:

daar word sonder lense neergekyk  
op ons wit paddastoelkoepels  
in die skoon lug van die kaal woestyne  
waarmee ons áf loer  
áf in die leegte fyn  
en diep en soek  
ver vurig donker en klein  
na wat Hy fluisterend doen

In hierdie gedig stel Cloete vir God en die mens teenoor mekaar in terme van die kyk-handeling. Die grootsheid en almag van God word beklemtoon in die eerste versreël: “daar word sonder lense neergekyk” - en God kyk neer “op ons wit paddastoelkoepels”. Hy het geen hulp nodig om die mens in al sy besig-wees raak te sien nie. Ook die gebruik van “neergekyk” het ‘n funksie - God kyk af na “ons wit paddastoelkoepels”, so al asof hy “neersien” op al die pogings van die mens om van die aarde af in die hemelruim in te kyk. Let ook op hoe God formeel voorgestel word in die taalgebruik deur van die passief of die lydende vorm gebruik te maak: “daar word”. Al hierdie grootsheid van God word in slegs die eerste vyf woorde omskryf.

Die “paddastoelkoepels” is die sterrewagte wat dwarsoor die aardbol in afgeleë gebiede (“kaal woestyne”) opgerig word, en wat geplaas word waar die minimum besoedeling voorkom en min mensgemaakte lig die nagruim versteur (“skoon lug”). Hierdie sterrewagte word ingerig met die heel beste en sterkste teleskope waarmee die navorsers “áf loer / áf in die leegte fyn / en diep en soek / ver vurig donker en klein”. Waar God neerkyk op die mens, is die mens self net in staat om af te loer, dus soekend op die uitkyk te wees vir nuwe inligting in die skrikwekkende heelal wat hom omring; die heelal wat volgens Carl Sagan “so leeg is” (Joubert, 1997: 25). Volgens die digter is “die leegte fyn / en diep”, ‘n beklemtoning van die geweldige omvang van die heelal wat uit tienduizende galaksies bestaan en wat in ewige balans met mekaar is (Joubert, 1997: 33 e.v.). Die navorsers probeer steeds dieper kyk na die sterrestel so “ver vurig donker en klein”.

Cloete omskryf dus die Job-gegewe “Dit is maar die begin van sy dade, ons hoor net die gefluister van sy woorde. Maar die volle krag van sy dade, wie kan dit verstaan?” in die sin dat die mens wat wil probeer verstaan hoe groot God werklik is, eintlik nog nie eens die begin van die heelal verstaan nie en steeds bly soek “na wat Hy fluisterend doen”. Hier sluit Cloete dan ook aan by die sogenaamde

“skeppingspsalm”, **Psalm 8**, en spesifiek verse 4 en 5: “As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre waaraan U ‘n plek gegee het, wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien?” (**Die Bybel Ou Testament** 1984: 578).

In ‘n volgende afdeling, *die aanwesigheid van die afwesigheid*, is daar drie gedigte met ‘n Job-gegewe: “Antwoorde aan Job” - “I skemer”, en “II waterverf”, asook “Job se lyftaal”.

Die gedig “Antwoorde aan Job” met sy twee afdelings, “I skemer” en “II waterverf”, begin met ‘n motto, ‘n aanhaling uit Job:

Vierde vers Job tien:  
Kyk U met die oë van ‘n mens?  
Sien U dinge soos ‘n mens  
hulle sien?

In “I skemer” beantwoord die digter Job se vraag:

Hy het ons oog en ons gemoed  
so gemaak dat ons na sý waarde  
kan skat ‘n goue wolkvlies  
teen ‘n kobalt hemel is goed  
as kleurkombinasie gekies  
gekeur en beoordeel uit ons skemeraarde

In die skeppingsverhaal lees ons onder meer dat God gesê het: “Kom ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld” (**Genesis** 1: 26a) en “God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep” (**Gen.** 1: 27 - **Die Bybel Ou Testament** 1984: 12). Cloete verwerk hierdie gegewe in die eerste drie versreëls: “Hy het ons oog en ons gemoed (die totaal van menswees dus) / so gemaak dat ons na sý waarde / kan skat” Die gebruik van “skat” dui op “om te waardeer”, en omdat God die mens na sy beeld geskep het, het Hy aan hom die vermoë gegee om die skoonheid rondom hom raak te sien en te waardeer. En boonop is dit God wat die kleurkombinasies kies omdat Hy weet waartoe die mens in staat is: “‘n goue wolkvlies / teen ‘n kobalt hemel is goed / as kleurkombinasie gekies.” Cloete gebruik “kobalt hemel” pleks van “kobaltblou hemel” met die doel om enersyds die beeld van die “goue wolkvlies” teen die blou hemel te kontrasteer. Andersyds beskryf hy ook die hemel, die magiese wêreld waar die geredde siel na die dood is as ‘n plek wat téén alles bestand is, soos die chemiese stof kobalt wat in ‘n metaalmengsel benut word om dit bestand te maak teen hitte en roes. Hier is daar dan ook ‘n verwysing na die gedeelte in die bergrede in onder meer **Mattheus** 6: 20 waar Jesus sê: “Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel nie en waar die weë nie inbreek en dit steel nie” (**Die Bybel Nuwe Testament** 1984: 12). Die slotreël, wat ingekeep is om dit tipografies te laat uitstaan, beklemtoon dat dit wat die mens sien en beleef deur God “gekeur en beoordeel” is “uit ons skemeraarde” - uit hierdie wêreld wat die mens besig is om te vernietig. Die titel van die gedig is *skemer*, en deur gebruik te maak van die woorde “uit ons skemeraarde” bind Cloete die gedig tot ‘n eenheid .

Die tweede deel van die gedig heet “II waterverf”. Die digter praat hier met God en prys Hom “U is darem wys”, want:

U weet uit ons gesigshoek

hoe mooi lyk loodgrys  
op turkoois doek

'n wolk teen die hemel 'n plataan  
op die voorgrond naby hoog

Die titel suggereer 'n waterverfskildery. Die skildery is van 'n natuurtoneel - 'n waarneming deur 'n kunstenaar oor 'n lang tydperk of gedoen vanaf 'n kleurfoto. In die natuur sal die voorstelling soos in die skildery nie lank genoeg duur vir 'n skilder om te skilder nie, en Cloete bevestig hierdie gegewe soos volg:

U hou dit so aan  
vir net 'n wyle U weet ons oog

is haastig haat strak en staar  
U ken ons ongedurige gemoed  
U jaag dit alles uitmekaar  
na 'n soekende sekonde so goed

ken U ons

God ken die mens so goed omdat hy hom na sy beeld geskep het, as sy verteenwoordiger. Hy weet dus die haastige mens kyk net een maal, sien raak en gaan aan met sy lewe, want die mens is ongedurig, wil dinge gedoen hê. Om die motto by "I skemer" hier aan te sny ("Vierde vers Job tien: / Kyk U met die oë van 'n mens? / Sien U dinge soos 'n mens / hulle sien?"): God laat die mens deur Sy oë sien; die mens sien wat God hom toelaat om te sien omdat God weet wat hy wil sien. Cloete sluit die gedig dan soos volg:

dit weet ek teen  
my beterwete ons aap Ú na  
Ú kan alleen  
ongedurigheid verdra

"Beterwete" is hier "oortuiging". In antwoord op Job se vraag in **Job** 10:4, antwoord Cloete dat, alhoewel dit sy oortuiging is dat die mens uit eie oorweging sien, hy eintlik deur die oë van God sien want hy aap Hom na. Die mens is ongedurig en kan nie die ongedurigheid van sy medemens verduur of verdra of duld nie, maar God kan die menslike ongedurigheid verdra of duld. Want Hy ken die mens, Hy het hom as't ware soos 'n waterverfskildery geskep.

Die titel van die derde Job-gedig in die afdeling, naamlik "Job se lyftaal", suggereer reeds iets van die inhoud wat volg: dit gaan om Job se lyflike belewenis van die toestand waarin hy hom bevind. Cloete sluit ook hierby in "liggaamstaal" - die bewuste of onbewuste oordra van houding of gevoelens (Odendal 2005: 669). Aan die begin van die gedig word Job aan die leser voorgestel, informeel in gewone alledaagse spreektaal:

hierdie man se naam is Job  
met al die pyne  
sonder vandag se medisyne  
sou jy sê  
moes hy die emmer skop

Dit is duidelik dat die voorsteller vir Job kén; as't ware sy pad van swaarkry saam met hom geloop het, en vertel, steeds in alledaagse taal en met verskeie beklemtoninge, verder oor Job:

wie't al op aarde so iets aanskou

gaan lê  
hý watwou  
sowat van uithou

wie lewe só, soos hy stel

Die spreker eindig dan sy voorstelling van Job deur te beklemtoon dat Job baie van sy leed aan die lyf gevoel het:

ek weet dat hy dit aan die lyf  
beleef beskryf  
ondergaan het aan die vel

Dan volg daar 'n wending in die gedig. Oor Job is klaar gepraat; nou word die Job-gebeure na "Job se God" getransformeer; met 'n suggestie dat Job se God ook by implikasie heenwys na die Seun van God, Jesus die Christus, wie se liggaam as offer vir die sondige mensdom gedien het (baie teoloë beskou die Job-figuur met sy lyding as 'n vooruitwysing na die lyding van Christus):

abstrak teoretiseer  
is vreemd aan U my Heer  
daar's 'n wesentliche verskil tussen getuig  
uit u liggaam en uit die eie duim suig

Die spreker stel dit dan ten slotte, baie onderbeklemtoond dog funksioneel, dat:

wie soveel soos Job se God weet  
van walg vomeer  
tande eet  
kos wat swak verteer  
slegte smaak en dies meer

Hy IS  
grondig reëlis

Die slotreëls is omvangryk: "Hy IS" is betekenisvol omdat die "IS" in hoofletters geskryf word om daardeur God se oppergesag, sy ewige "aanwesigheid" (kyk weer na die afdeling-opskrif) te bevestig. Terselfdertyd is dit ook 'n heenwysing na Moses se eerste ontmoeting met God, by die brandende doringbos (**Eksodus** 3). Moses het nog nie sy Naam geken nie en vra daarna, waarop God antwoord (**Eksodus** 3: 14): "Ek is wat ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: 'Ek is' het my na julle toe gestuur" (**Die Bybel Ou Testament** 1984: 70). Verder kom die woord "grondig" voor wat, volgens die WAT (1972: 445), dui op die wese van iets: "Hy IS" is in Sy wese "reëlis" (afgelei van reël ["werklik"]).

In Cloete se 1989-bundel, **Driepas**, verskyn slegs een Job-gedig, gepas getitel "Job", en ewe gepas kom dit voor in die afdeling *Vreemde meriete*. Job word hier direk aangespreek:



In Hoofstuk 5, die slothoofstuk, gaan die voorafgaande besprekings en analises tot 'n eenheid saamgetrek word.

## HOOFSTUK 5

### Samevatting

#### 5.1 Oriëntering

Die doel met hierdie essay, **Die religieuse tematiek in die gedigte van tagtig en later met spesifieke verwysing na T.T. Cloete se Job-gedigte**, is enersyds om te bepaal of die gedigte van dié tydperk bloot dogma-verkondiging is en of die digters daarin kon slaag om die aan hulle bekende religieuse werklikheid te omskep in goeie poësie. Andersyds is gekyk na die aard van 'n religieuse gedig om dan die geïdentifiseerde gedigte aan dié beginsels te toets (sien 1.1 en 2.2). Die studie ontspring uit die belangstelling van die skrywer in die religieuse tematiek en sy waardering vir die digters van rondom die 1980's.

Anders as met die Sestigters wat die Afrikaanse letterkunde tematies en vormlik vernuwe het en wat volgens 'n dekade-indeling geperiodiseer word, word nie van die "Tagtigers" gepraat nie. Trouens: Tagtig begin nie by tagtig nie en eindig nie by tagtig nie (sien 1.2). Hierdie digters is uiteenlopend en 'n nuwe golf van temas word aangespreek, byvoorbeeld gay-wees en die tumulte politieke omgewing wat tot die struggle-vers lei. Daar was ook tegniese vernuwing: die verse was vryer en lossier en daar is teen die tradisie van die tyd ingeskryf.

Ten spyte van die bevraagtekening van die establishment (staat, party, kerk) van dié tydperk het daar tog 'n besonder omvangryke korpus religieuse gedigte verskyn.

#### 5.2 Die religieuse

Soos blyk uit 5.1 het die jare rondom 1980 'n ryk korpus aan gedigte met 'n religieuse tematiek opgelewer. In hoofstuk 2 is eerstens stilgestaan by die begrip *religie* en tweedens die aard van die religieuse gedig waardeur dit selfstandig as gedig kan funksioneer.

Dit blyk uit die bespreking in 2.1 dat *religie* heenwys na die mens se behoefte aan 'n bo-menslike "iets" om aan vas te hou, 'n ewige waarheid, 'n bowe menslike mag om hom te help om sin in die lewe te vind en om antwoorde te vind op die onverklaarbare. Tog blyk dit dat daar verskeie godsbeskouings is. Daar is eerstens 'n *dualistiese godsbeskouing* wat 'n onderskeid tref tussen 'n oneindige Skepper en 'n eindige skepsel. Die *teïsme* is tipies die Ou-Testamentiese Almagtige Skepper wat omsien na die lotgevalle van Sy volk. Die Nuwe Testamentiese teïsme bring na vore die Drie-enige God: Vader, Seun en Heilige Gees. Dit word die Christendom waar geglo word aan die Drie-eenheid met die Seun wat geoffer is vir die mens en die Gees wat in Sy plek as tussenganger optree tussen mens en God. Die *deïsme* is die leer van die afwesige God: die kosmos het sy ontstaan aan hom te danke, maar nie sy voortbestaan nie. Die *ateïsme* ontken dat God bestaan en die *henoteïsme* aanvaar verskeie gode, maar roep telkens net een aan. Tweedens is daar die *monistiese godsbeskouing* wat slegs een synde aanvaar en die Skepper/skepping-dualisme verwerp.

Uit 'n verdere analise in 2.1 kan die gevolgtrekking gemaak word dat, gegee die oorweldigende meerderheid wit mense en bruin mense wat die Christendom

aanhang, die Afrikaanse poësie met 'n religieuse tematiek grootliks Christelik van aard sal wees.

In 2.2 word ses evalueringsbeginsels aan die orde gestel wat bydra tot die tot stand bring van 'n goeie gedig: 'n gedig ontstaan uit 'n bepaalde werklikheidsgegewe en dat, om gedig te kan wees, moet dit 'n nuwe perspektief op die ontstaanswerklikheid bied; daar moet 'n hegte klank- en taalstruktuur wees; die gedig moet "sluit" aan sy slot; dit benodig 'n interne spanning tussen inhoud en taal; dit moet 'n vorm van geïmpliseerde taal bevat; daar moet 'n eenheid wees tussen die vorm van die gedig en die semantiek daarvan. Boonop, omdat die religieuse 'n abstraksie is, moet konkrete beelde gebruik word.

### 5.3 Die religieuse tematiek by die digters van tagtig

Vir die doel van 'n evaluering van die benutting van die religieuse tematiek by digters wat rondom die tagtigs gepubliseer het, is elf digters gekies. Die elf is só gekies dat hulle min of meer verteenwoordigend van die Afrikaanssprekende landskap is, maar die skrywer se belangstelling in sekere digters het ook 'n rol gespeel. Uit die analise wat onderneem is, blyk dit dat almal vanuit 'n Christelike verwysingsraamwerk skryf (kyk 2.1 en 5.2).

Uit die analise wat in Hoofstuk 3 onderneem is, blyk dit dat die gedigte voldoen aan die ses evaluerings-beginsels wat vroeër aan die bod was (sien 2.2 en 5.2) - die deursnee digter het die religieuse tematiek benut om uit 'n bestaande werklikheid nuwe werklikhede as gedigte tot stand te bring; om die abstrakte te verkonkretiseer. Dit lê voor die hand: al elf die digters figureer binne die kanon van die Afrikaanse poësie soos dit vergestalt word in **Groot Verseboek** (Brink 2008). Van die sterkste gedigte in die Afrikaanse kanon is bespreek, onder meer: "Kô, lat ons sing" (Small); "Christ of the burnt men" (Cussons); "Gebed van Eva" (Spies); "Weg van smarte" (De Villiers); "Bede" (Petersen); "my country 'tis of thy people you're dying" (Olivier); "Seven Sorrows" (Castelyn); "Naskrif: Pinkster 1971" (Snyman); "Laat ons skyn" (Titus); "Djiesus" (Snyders); "onsuiwer wiskunde" (Gouws). Lina Spies het egter in "Sindroom" afgewyk en 'n huwelik of 'n liefdesverhouding buiten dié tussen 'n man en 'n vrou verwerp. Sommige van Snyders, en in 'n mindere mate Titus, se gedigte dra te swaar aan 'n woede wat poëties beter afgerond kon word. Paradoksaal is dit ook die krag van die digterskap.

Verder moet gewys word op die voorkoms van "gesprekke" tussen digters. Uiteraard is al die digters in gesprek met **Die Bybel**, maar in hierdie afdeling is ook gewys op gesprekke tussen Cussons en Van Wyk Louw, Olivier en Van Wyk Louw, Gouws en Van Wyk Louw, Opperman en Cloete en Cloete en Gouws.

### 5.4 Die religieuse tematiek by T.T. Cloete

T.T. Cloete debuteer in 1980, en sedertdien het hy die poësielandskap hier te lande ingrypend beïnvloed. Nie net het sy innoverende digstyl nuwe landskappe ontsluit nie, maar het hy ook 'n positiewe digterlike invloed uitgeoefen op 'n nuwe generasie Afrikaanse digters.

Hoofstuk 4 is gewy aan 'n analise van die vergestaltung van die religieuse tematiek in die poësie van Cloete: 4.2 is 'n algemene beskouing terwyl 4.3 fokus op die Job-gedigte. Dieselfde ses evalueringsbeginsels wat aangelê is in die beoordeling van die geselekteerde elf digters (sien 2.2 en 5.3), geld uiteraard ook

vir die werk van Cloete. Eweneens geld die vraag na die wyse waarop Cloete die abstraksie *religie* omdig tot standhoudende poësie.

Cloete slaag dwarsdeur sy oeuve daarin om 'n verskeidenheid van temas in sy gedigte te verbeeld: die eroties-lyflike; die jeug; die liefde; verhoudings, en dan veral die man-vrou-verhouding in die ideale huwelik soos in sy geval met sy nou ontslape vrou, Anna. Trouens, die temas wat Cloete ontgin is legio en verskeie studies kan onderneem word om hierdie onderwerp verder te deurvors.

Die religieuse is egter 'n tema wat relatief dominant in sy werk voorkom. Hy is nie 'n teoloog nie, maar sy bydrae tot die omdigting van die Psalms is welbekend. Hy is egter 'n belydende Christen (sien 4.1) en dit spreek duidelik uit sy hantering van die Christelik-religieuse in sy gedigte (sien 4.2). Hy slaag daarin om die kern van die Bybelse gedeeltes wat hy benut om te dig tot sinvolle poësie sonder om didakties te word of om dogma te predik. Hy verwoord gewoon sy geloof in 'n Almagtige God; hy verwonder hom in sy gedigte aan die Absoluutheid van sy Skepper, die enormiteit van die skepping, die detail van die kleinste klein skepsel, sy eie nietigheid dog beplande geworpenheid in hierdie grootse kosmos.

Cloete se hantering van die Job-figuur is eweneens 'n poëtiese kragtoer. Job die beproefde, sy bevraagtekening van sy bestaan, sy vraag na God en sy uiteindelijke opheffing word ondersoek en die Bybelse gegewe word omgedig tot poësie waardeur die gelowige mens selfs nader aan God kan beweeg. Job word ook metafoor vir Cloete; die klein dog unieke mens wat sy eie droewige maar ook geseënde pad met sy Skepper loop.

## 5.5 Gevolgtrekking

In hierdie essay is besin oor die religieuse tematiek by enkele Afrikaanse digters met die fokus op T.T. Cloete en veral sy Job-gedigte. Dit blyk uit die analise wat gedoen is en die samevatting daarvan in hierdie hoofstuk, dat die religieuse tematiek 'n belangrike rol speel in die Afrikaanse kanon. Dit blyk ook verder dat die religieuse ter sprake spesifiek die Christelik-religieuse is daar Afrikaans-sprekendes tot 'n groot mate die Christelike religie onderskryf.

Afrikaanse digters wat die religieuse tematiek benut, doen in hoofsaak so uit oortuiging en om die religieuse gegewe te benut en tot sinvolle nuwe werklikhede om te dig sonder prysgawe van die essensiële van die religie. Selde is die gedigte didakties of pedanties, of word die religieuse tematiek benut om persoonlike sake met individue, kerk of staat aan te spreek. Die verskynsel dat in gedigte na ander gedigte verwys word, kom algemeen voor.

Cloete het hom bewys as kunstenaar wat die religieuse sinvol kan omdig tot nuwe werklikhede. Hy slaag veral daarin om die Job-figuur te benut en om terselfdertyd homself as 'n soort Job te verdiskonteer.

## BIBLIOGRAFIE

### 1. Boeke

- Brink, André P. 2008. *Groot Verseboek*. Kaapstad: Tafelberg.
- Bybel, Die*. 1984. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Büttner, Hans en George Claassen. 2010. *Goed om te weet*. Kaapstad: Tafelberg.
- Cloete, T.T. 1980. *Angelliera*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1982. *Jukstaposisie*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1985. *Allotroop*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1986. *Idiolek*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1989. *Driepas*. Kaapstad: Tafelberg.
- Cloete, T.T., Elize Botha en Charles Malan. 1985. *Gids by die Literatuurstudie*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Cussons, Sheila. 2006. *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Tafelberg.
- De Villiers, I.L. 1972. *Leitourgos*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1974. *Manna oor die duine*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1978. *Leviet en Vreemdeling*. Kaapstad: Tafelberg.
- Du Buisson, M.S. 1959. *Die Mens-Godverhouding in die Afrikaanse poësie*. Johannesburg: Voortrekker Pers Bpk.
- Dooyeweerd, H. 1953. *A new Critique of Theoretical Thought*. Philadelphia: The Presbyterian and Reformed Publ. Co.
- Esterhuysen, Willie. 2009. *God en die gode van Egipte*. Wellington: Lux Verbi.
- Foster, Ronel en Louise Viljoen. 2009. *Poskaarte: Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960*. Kaapstad: Tafelberg.
- Joubert, Gideon. 1997. *Die Groot Gedagte*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kannemeyer, J.C. 1983. *Geskiedenis van die Afrikaans Literatuur, Band 2*. Pretoria: Academica.
- . 2005. *Die Afrikaanse literatuur 1652-2004*. Kaapstad: Human en Rousseau.
- Krüger, J.S., G.J.A. Lubbe en H.C. Steyn. 2007. *The Human Search for Meaning*. Cape Town: Via Africa.
- Louw, N.P. van W. 1969. *Nuwe verse*. Vierde druk. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

- . 1975. *Tristia*. Tweede, vermeerderde uitgawe, Eerste druk. Kaapstad: Human & Rousseau (Edms.) Bpk.
- Odendal, F.F en Gouws, R.H. (reds.). 2005 *HAT: Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Vyfde uitgawe. Kaapstad: Pearson.
- Olivier, Fanie. 1973. *Om alleen te reis*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Opperman, D.J. 1987. *Versamelde poësie*. Kaapstad: Tafelberg/Human & Rousseau.
- Pretorius, Réna. 1990. *Ryk domeine*. 2de uitgawe, 3de druk. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Riccio, Ottone M. 2000. *The Intimate Art of Writing Poetry*. Lincoln, NE: iUniverse.com Inc.
- Santayana, George. 1900. *Interpretation of Poetry and Religion*. New York: Charles Scribner's Sons.
- Small, Adam. 1962. *Kitaar my kruis*. Pretoria: HAUM.
- Snyman, Henning. 1983. *Mirakel en Muse*. Kaapstad: Perskor-Uitgewery.
- Spies, Lina. 1971. *Digby Vergenoeg*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Van Coller, H.P. (red.). 1998. *Perspektief en Profiel*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van der Colf, A.P. 1980. *Poësie en Godsdiens*. Johannesburg: Perskor.
- Vos, W.H. 1975. *Keurverse. 'n Bloemlesing uit die gedigte van S.V. Petersen en P.J. Philander*. Kaapstad. Tafelberg-Uigewers.
- WAT: *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. 1970. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- . 1972. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- . 1976. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- . 1996. Stellenbosch: Buro van die WAT.
- . 2009. Stellenbosch: Buro van die WAT.

## **2. Hoofstukke in boeke**

- Malan, C. 1985. Die literatuurwetenskap: aard, terreine en metodes. In Cloete, T.T., Elize Botha en Charles Malan (reds.) 1985.
- Pretorius, Réna. 1998. T.T. Cloete ( 1924 - ). In Van Coller, H.P. (red.) 1998.

## **3. Verhandeling/Proefskrifte**

- Botha, Aniel. 2009. *Digter as danser / danser as digter*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling in Kreatiewe Skryfwerk, Universiteit van Kaapstad.

La Vita, J.M.P. 2003. *Die Bybelse intertekste as Livingstone spoorbakens in Tom Gouws se "Syspoor"*. Ongepubliseerde M.A.-skripsie, Randse Afrikaanse Universiteit.

Olivier, S.P. 1985. *Mistiek in die Afrikaanse poësie*. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

Matthee, M. 1984. *Godsdienstige perspektiewe in "Die woedende brood" en "Verwikkelde lyn" van Sheila Cussons*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje Vrystaat.

#### **4. Vaktydskrifartikels/Tydskrifartikels/Koerantartikels/Voorlesings**

Botha, Elize en P.H. Roodt. 2006. Die Tagtigers en die Tydskrif vir Letterkunde - was daar 'n Tagtigerbeweging? *Tydskrif vir Letterkunde*, 43.1: 57-67.

Degenaar, J. 1990a. Om te lees is om te skryf. *De Kat*, Januarie: 92-94.

Degenaar, J. 1990b. Teks as intertekstuele gebeurtenis. *De Kat*, Februarie: 98-100.

Foster, Ronel. 2000. Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960. *Referaat gelewer by die Letterkunde-Ondersteuningskomitee, 25 Februarie 2000*.

Gaum, Frits. 2010. Kô lat ons sing van 'n wonnerwerk wat lank gelede gebeur het. *Rapport Weekliks*. 3 April, p. IV.

Hambidge, Joan. 2005a. Tydsdokument 'n stukkie Africana. *Volksblad*, 23 Mei, p. 4.

—. 2009. Die digters van tagtig. *Ongepubliseerde lesing gehou tydens Versindaba 27 - 28 November*.

Van Wyk, Stewart. 2006. Die Groot Small - oor die lewe en werk van Adam Small. *Huldeblyk gelewer tydens die Woordfees in Stellenbosch, 7 Maart 2006*.

#### **5. Internetbronne**

*Animals, birds, insects and reptiles and their meanings*. <http://www.greatdreams.com/animals.htm>. Datum van toegang: 15 Oktober 2010.

*Atomic bombings of Hiroshima and Nagasaki*. <http://en.wikipedia.org/wiki/>. Datum van toegang: 28 Augustus 2010.

*Bangla2000 - The largest portal Bangladesh*. [www.banla2000.com](http://www.banla2000.com). Datum van toegang: 15 Augustus 2011.

*Crossroads, Cape Town*. <http://en.wikipedia.org/wiki/>. Datum van toegang: 21 Augustus 2010.

De Lange, Johann. 2010. Die skyn van tuiskoms (Lina Spies). 'n Onderhoud. *Versindaba*. Papierkopie ontvang van prof. Joan Hambidge.

- Du Plooy, Heilna. 2010. Die deurskynende kelk - Oor vorm en inhoud in die poësie van T.T. Cloete. *Versindaba*. Papierkopie ontvang van prof. Joan Hambidge. (Oorspronklik verskyn in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 49(4): Desember 2009 as deel van die Spesiale huldigingsuitgawe vir T.T. Cloete.)
- Hambidge, Joan. 2005b. Die hipnose van die digkuns: TT Cloete-gedenklesing. *LitNet*. [http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&news\\_id=17824&cause\\_id=1270](http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=17824&cause_id=1270). Datum van toegang: 12 Oktober 2010.
- . 2007. "digters droom ou drome van bevrydende vervreemding: resensie van T.T. Cloete se *Heilige nuuskierigheid*. *LitNet*. [http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&news\\_id=15696&cause\\_id=1270](http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=15696&cause_id=1270). Datum van toegang: 12 Januarie 2011.
- . 2010. I.L. de Villiers huldiging tydens die Woordfees. *Die Burger*. <http://blogs.dieburger.com/boekredaksie25/joan-hambidge-se-lesing-oor-il-de-villiers-gelewer-op-die-afgelope-woordfees>. Datum van toegang: 1 Mei 2011.
- . 2011. Dié bundel 'n ware 'Babette's feast'. *Rapport*. <http://www.rapport.co.za/Boeke/Nuus/Die-bundel-n-ware-Babettes-feast-20110311>. Datum van toegang: 18 Augustus 2011.
- Hugo, Daniel. 2006. Naas Sheila Cussons is I.L. de Villiers sekerlik ons beste mistieke digter - resensie van De Villiers se *Jerusalem tot Johannesburg*. *LitNet*. [http://www.oulitnet.co.za/seminaar/jerusalem\\_johannesburg\\_hugo.asp](http://www.oulitnet.co.za/seminaar/jerusalem_johannesburg_hugo.asp). Datum van toegang: 12 Januarie 2011.
- Marais, Johann Lodewyk. 2010. Charles Darwin, die natuurwetenskappe en die verwondering in T.T. Cloete se poësie. *Versindaba*. Papierkopie ontvang van prof. Joan Hambidge. (Oorspronklik verskyn in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 49(4): Desember 2009 as deel van die Spesiale huldigingsuitgawe vir T.T. Cloete.)
- Major Religions of the World*. <http://www.adherents.com/>. Datum van toegang: 15 Augustus 2011.
- Negotiations to end apartheid in South Africa*. <http://en.wikipedia.org/wiki/>. Datum van toegang: 21 Augustus 2010.
- NET Bible: The Biblical Studies Foundation*. <http://bible.org/netbible/>. Datum van toegang: 20 September 2010.
- Our Lady of Sorrows*. [http://en.wikipedia.org/wiki/Our\\_Lady\\_of\\_Sorrows](http://en.wikipedia.org/wiki/Our_Lady_of_Sorrows). Datum van toegang: 18 Oktober 2010.
- Religious Tolerance*. <http://www.religioustolerance.org>. Datum van toegang: 20 September 2010.
- Resources / Cases*. <http://www.onlineethics.org/>. Datum van toegang: 20 September 2010.

Robinson, Rensia. 2010. 'n Onvoltooide Naam digterlik verbeel - verkennings aangaande 'n enigmatiese Goddelike Wese in T.T. Cloete se oeuvre. *Versindaba*. Papierkopie ontvang van prof. Joan Hambidge. (Oorspronklik verskyn in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 49(4): Desember 2009 as deel van die Spesiale huldigingsuitgawe vir T.T. Cloete.)

*South Africa: Fast Fact - Religions*. <http://www.southafricainfo.htm>. Datum van toegang: 12 Augustus 2011.

Terblanche, Erika. 2008. S.V. Petersen (1914 - 1987). *LitNet*. [http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&cause\\_id=1270&news\\_id=57677&cat\\_id=667](http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=57677&cat_id=667). Datum van toegang: 15 November 2011.

Visagie, Andries. 2007. T.T. Cloete se "rykdom van die onvoltooide" - 'n onderhoud. *LitNet*. [http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_itme&cause\\_id=1270&new](http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_itme&cause_id=1270&new). Datum van toegang: 18 September 2010.

*Vrygrond Community Development*. <http://www.vrygrond.co.za/>. Datum van toegang: 21 Augustus 2010.

*World English Bible (WEB)*. <http://ebible.org/web/>. Datum van toegang: 20 September 2010.

University of Cape Town

## ADDENDUM: AANGEHAALDE JOB-GEDIGTE

### Uit: Jukstaposisie (1982)

#### Job

26 en 4

Ek het ondersoekend gekyk na die vae omtrekke  
van God wat die groot swaar aarde ophang aan niks  
en groot massas water verbind  
in sagte wolke sonder lekke  
hulsloos iets wonderliks  
sag bestand teen die hemelse wind  
se skeurkrag Die res is dof en gefluister  
Een aand in my huis van klei  
met droomtyd die tyd van gedagtespel  
as die engele begin vlieg sit ek en skielik luister  
my ore na 'n geskuifel Daar voor my verby  
soos my tong moet vertel  
kom 'n wolkdun liggaamlose gees  
maar met 'n duim kragtig soos God  
Sonder dat ek na hom kon kyk  
hy had geen hare geen beendere geen vlees  
weet ek soos 'n mot  
druk hy jou beduimelend dood weet ek hoe hy lyk  
hy presies hoe hy jou dop  
hou Ek moet ophou luister na Job  
se gefluister Job hou op hou op

#### Van Hom en my

Job 9

Hy wat die hemel uitstrek  
en sonne agter sonne verberg  
in groot ooptes  
wat die aarde verdwerg

met sy opwindende voete  
sewe seë beroer  
en berge en in die Kamers  
van die Suide inloer

het hemel en aarde denkende  
aan my geboog  
gemaak wat kleurig  
voeg in my omvattende verreikende oog

Hy het 'n groot jubel  
gemaak wat hom van die grond  
tot in die koepel skik in  
die klein resonante holte van my mond

## **Uit: Allotroop (1985)**

### **job die tweede**

u laat my speel  
met u en deel  
u wonders mee  
maar u liefde het twee  
kante kan afknou  
of in liefde vashou  
en moet my op my plek  
sit as ek  
my laat begaan  
te na aan u u slaan  
my as ek hardekwas  
teenoor u was  
hok my gaan u rateltaai  
nog om u pinkie pynlik draai

## **Uit: Idiolk (1986)**

### **II Ps. 24:1; Job 7: 19, 20**

alles behoort aan die Here liefderyk  
is Hy met my behep  
omdat ek vir Hom 'n las  
is moet Hy my gedurig oppas  
Hy is liefderyk  
met my behep  
omdat ek sondig  
is wil Hy met my iets uitrig  
as Hy net 'n oomblik wil wegkyk  
en my laat asem skep

### **III Job 4: 10, 11**

die leeu se tande word uitgebreek  
sy pote en naels laat hom in die steek  
sy kleintjies kom om  
en raak verstrooi  
tussen troppe prooi  
tandvleis God sy grom

### **IV Job 13:28; 14:7 e.v.**

vir 'n afgekapte boom is daar nog hoop  
die grond waarin dit staan  
kan weer tot hout en blaar uitloop  
maar dit 'n mens wat vergaan  
'n iets wat langsaam verrot

sy vel 'n stuk klere aan  
sy liggaam gevreet deur 'n mot

### **V Job 5:23; 6:6**

U moet dit van my ontgeld  
maar het U las  
van die klippe in die veld

maak hulle onskuld saak  
vir U het die vlekkelose  
wit van 'n vars eier vir U smaak

### **IV Job 26:14**

daar word sonder lense neergekyk  
op ons wit paddastoelkoepels  
in die skoon lug van die kaal woestyne  
waarmee ons áf loer  
áf in die leegte fyn  
en diep en soek  
ver vurig donker en klein  
na wat Hy fluisterend doen

### **Antwoorde aan Job**

Vierde vers Job tien:  
Kyk U met die oë van 'n mens?  
Sien U dinge soos 'n mens  
hulle sien?

### **I skemer**

Hy het ons oog en ons gemoed  
so gemaak dat ons na sý waarde  
kan skat 'n goue wolkvlies  
teen 'n kobalt hemel is goed  
as kleurkombinasie gekies  
gekeur en beoordeel uit ons skemeraarde

### **II waterverf**

U is darem wys  
U weet uit ons gesigshoek  
hoe mooi lyk loodgrys  
op turkoois doek

'n wolk teen die hemel 'n plataan  
op die voorgrond naby hoog  
U hou dit so aan  
vir net 'n wyle U weet ons oog

is haastig haat strak en staar  
U ken ons ongedurige gemoed  
U jaag dit alles uitmekaar  
na 'n soekende sekonde so goed

ken U ons dit weet ek teen  
my beterwete ons aap Ú na  
Ú kan alleen  
ongedurigheid verdra

### **Job se lyftaal**

hierdie man se naam is Job  
met al die pyne  
sonder vandag se medisyne  
sou jy sê  
moes hy die emmer skop

wie't al op aarde so iets aanskou

gaan lê  
hý watwou  
sowat van uithou

wie lewe só, soos hy stel  
ek weet dat hy dit aan die lyf  
beleef beskryf  
ondergaan het aan die vel

abstrak teoretiseer  
is vreemd aan U my Heer  
daar's 'n wesenlike verskil tussen getuig  
uit u liggaam en uit die eie duim suig

wie soveel soos Job se God weet  
van walg vomeer  
tande eet  
kos wat swak verteer  
slegte smaak en dies meer

Hy IS  
grondig reëlis

### **Uit: Driepas (1989)**

#### **Job**

Job jy het 'n besonder  
eie plek onder die verwante  
geplaagdes: Verlaine, Cervantes  
en Dante,  
Homeros,

en daardie Villon!  
en Rimbaud, ek bewonder  
jou jou ou jammerlike kolos  
uitgejaag groot sonder  
'n hut of 'n helikon  
of kamma se kastige kanon.